
DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

16 Februarie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



Oom Manie Maritz, die Blou Bul van Brits - 9

# Nelson laat skanse tuimel



Nkosi Sikelel 'iAfrika... Nelson en Winnie Mandela sing saam dié week

*Foto: Brenton Geach, Reuter*

Elsabé Wessels

**NELSON MANDELA se vrylating het gewerk.**

*Ná 27 jaar in die gevangenis is dié 72-jarige ANC-leier binne 'n week na sy vrylating besig om die onmoontlike reg te kry: om sy eie gevolg in die ANC, UDF en Cosatu onder hom te konsolideer en terselfdertyd die brose verstandhouding met die De Klerk-regering gestand te doen en homself onder alle gemeenskappe en in die oë van die buiteland as 'n staatsman te vestig.*

Soos verwag kon word, het sy vrylating tot 'n skielike vloeibaarheid in die breë Suid-Afrikaanse politiek - wit sowel as swart - gelei.

Aanvanklike vrese dat hy te oud is en nie veel meer as 'n mite is nie, het dié week vinnig gewyk voor wat as sy buitengewone charisma en forse leierskap bestempel word.

Die NP-regering het in 'n reeks uitsprake sedert sy vrylating al nader aan die ANC-posisie van gelyke stemreg in 'n eenheidstaat begin beweeg, terwyl die Swart Bewussynsgroepe ook by Mandela toenadering soek.

Die hoof-argitek van die NP se grondwetlike strategie, Gerrit Viljoen, het selfs dié week gepraat van 'n moontlike koalisie tussen die NP en die ANC. Mandela se reaksie in 'n onderhoud met Vrye Weekblad (sien bladsy 3) was bloot dat die ANC-leierskap daaroor sal moet besluit.

Die ANC self, wat klaarblyklik onkant gevang is deur die skielike nuwe politiek, het dié week een van die belangrikste vergaderings van sy bestaan gehou waarop nuwe rigting en strategieë bespreek is.

Mandela se simboliese rol as "leier van die ANC" sal amptelik aangespreek word wanneer die hoogste besluitnemingsliggaam van die ANC, die Konferensie, binnekort byeenkom. Die liggaamlik verswakte toestand van die huidige ANC-president, Ol-

*Vervolg op bladsy 2*

# Harms begin ondersoek na moordbendes

Anton Steenkamp

**DIE Harms-kommissie van ondersoek na moordbendes en ander dade van geweld met 'n politieke oogmerk is gister in Pretoria geopen voor 'n ongekende aantal regsgeleerdes wat vir die verskillende partye optree.**

*Die kommissie se ondersoek kan lei tot moordaanklagte teen verskeie senior polisie-offisiere en sal waarskynlik tot die einde van verskeie prominente politici se politieke loopbane lei.*

Geen getuienis is gister gelei nie, maar regter Louis Harms, die voorsitter van die kommissie, het gesê hy sal "so gou as moontlik" met sy werksaamhede begin.

"Dis 'n probleem om te bepaal waar om te begin," het hy gesê. "Daar is 'n lang lys gevalle wat binne die kommissie se opdrag val."

Hy het ook gesê die kwessie oor die ontoelaatbaarheid van getuienis wat hangende gedinge kan beïnvloed, moet nog uitgestryk word.

Vier verskillende advokate en hul juniors sal voor die kommissie optree vir onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Polisie, individuele lede en oud-lede van die SAP, die Suid-Afrikaanse Weermag en die minister van Verdediging, en die Burgerlike Samewerkingsburo. Die advokate vir die SAP, die SAW en individuele lede van die SAP verskyn in opdrag van die Staatsprokureur, maar die Burgerlike Samewerkingsburo se advokate kry hul instruksies van 'n private prokureursfirma, Havenga en Kruger.

Adv Wim Trengove, SC, sal in opdrag van Cheadle, Thompson en Haysom optree vir Cosatu, die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Verdrukking, eerw Frank Chikane, Japie Maponya se gesin, Siphiwe Mtimkulu se pa en Hofman Galeng.

Kapt Dirk Coetzee, oud-bevelvoerder van die SAP se moordbende, het verlede jaar aan Vrye Weekblad gesê Maponya is deur kapt Eugene de Kock doodgeskiet en Mtimkulu is deur die moordbende vergiftig.

Vrye Weekblad, die Webster-trust en beweerde slagoffers van moordbendes aan die Oos-Rand word verteenwoordig deur David Dison en Lauren Jacobsen van Bell, Dewar en Hall.

Bheka Shezi tree op vir die Mxenge-gesin, Brian Currin vir Regslui vir Menseregte en Ahmed Motala vir Butana Almond Nofomela.

Griffiths Mxenge is volgens beëdigde verklarings deur Coetzee en Nofomela, 'n

*Vervolg op bladsy 2*

# Mandela se brief aan Vrye Weekblad toe nooit afgelewer...

**Elsabé Wessels**

'N BRIEF wat die ANC-leier Nelson Mandela aan die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, geskryf het in antwoord op 'n ope-brief aan hom in die koerant is destyds deur die owerhede afgekeur.

Mandela het dit gister in 'n onderhoud met lede van die onafhanklike of "alternatiewe" media bekend gemaak. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om die progressiewe pers te bedank vir die rol wat hulle "in die stryd om vrede" speel.

"Die alternatiewe pers het nog altyd 'n direkte invloed op die regering gehad en as 'n gevangene was dit vir my baie duidelik. Baie van julle het Max du Preez se ope-brief aan my gelees waarin hy sy agtergrond geskets het. Ek het onmiddellik daarop gereageer en die brief aan die owerhede oorhandig. Hulle wou egter nie my brief laat deurgaan soos ek dit geskryf het nie. Hulle het aan die hand gedoen dat ek sekere veranderinge aanbring. Ek wou dit nie doen nie en die brief is dus nooit gestuur nie.

"Ek het ook aan Ameen Akhalwaya van die Indicator geskryf. Ek het aan hom gesê dat ek die posisie wat hy in sy koerant inneem, interessant vind. Daardie brief is op dieselfde wyse gehanteer. Ek is dus bly oor die geleentheid wat ek nou het om direk met julle te praat," het Mandela gesê.

Volgens Mandela het hy die Nasionale Ontvangskomitee versoek om 'n spesiale ontmoeting met die alterniewe pers te reël sodat hy hulle "uit die diepte van my hart" kon bedank vir die dapper standpunte wat hulle inneem.

"Dié op-die-man-af-standpunte van die pers was nog altyd belangrik omdat 'n goeie pers in enige gemeenskap 'n goeie meningsvormer is," sê Mandela.

"Een van die tragedies van die land is die onderdrukking van die pers. Julle in die alternatiewe pers het 'n dapper stap geneem en is verantwoordelik vir die verandering wat vandag in die land plaasvind.

"Julle het die konvensionele pers beïnvloed omdat julle sieninge die konvensionele pers gedwing het om ook oor dié sieninge, wat ons solank voor gestry het, te skryf. Dit is die enigste manier hoe hulle in die mark, veral die groeiende swart mark, kan bly."

Vervolg van bladsy 1

## Harms

voormalige Askari, deur die SAP-moordbende vermoor.

Regter Harms het ná die voorstellings geglimlag en gevra: "Is daar nog enigiemand anders?"

Hy het die reëls van die ondersoek aan die teenwoordiges verduidelik en toe gevra dat die regsverteenwoordigers samesprekings voer met adv Tim McNally, die Prokureur-Generaal van die Vrystaat wat die getuienis voor die kommissie sal lei, om ooreen te kom watter getuienis eerste voorgelê sal word.

Die ander mense wat die kommissie sal bystaan, is genl Ronnie van der Westhuizen en kol J Wright.

Regter Harms het toegegee dat dit 'n probleem is om die SAP te gebruik om aktiwiteite waarin lede van die SAP betrokke kon wees, te ondersoek, maar gesê daar is geen ander praktiese oplossing nie. "Dit is onbehoorlik om die SAP en masse te veroordeel," het hy gesê. Hy het gesê as daar 'n refleksie gewerp word op die vermoeëns van enige ondersoekende beampte, sal onmiddellike stappe gedoen word.

Regter Harms het bevestig dat getuienis net binne Suid-Afrika aangehoor kan word. Getuies wat oorsee is, kan egter beëdigde verklarings indien en skriftelike getuienis sal dan aangehoor kan word.

Onafhanklike ondersoekers se getuienis sal ook deur die kommissie verwelkom word, het Harms gesê.

Die kommissie sit in die NG Kerk se Sinodale Sentrum in Visagiestraat, Pretoria.

## 'n Merc vir Mandela

MERCEDES BENZ Suid-Afrika het op versoek van sy werkers by sy aanleg in Oos-Londen ingestem om 'n weelderige motor vir Nelson Mandela te bou.

'n Woordvoerder van Mercedes Benz het gesê spesifikasies vir die motor is nog nie gefinaliseer nie, maar die werkers het vir 'n rooi motor gevra.

Die National Union of Metalworkers (Numsa) sê die bestuur van die maatskappy het ingewillig om die motor vir Mandela te bou omdat hy so 'n hoë aansien onder die werkers het.

Numsa sê die motor is 'n geskenk van die werkers om hul waardering en bewondering vir Mandela te toon. Die werkers hoop dat hul leier self die aanleg sal kom besoek om die motor in ontvangs te neem.

"Indien die leier nie self kan kom nie, moet dit namens hom deur ons hoofsekretaris, Moses Mayekiso, in ontvangs geneem en aan Mandela oorhandig word.

"Numsa beskou dié geskenk as baie belangrik omdat dit bewys dat hulle hoop op Mandela gevestig is om 'n nuwe politieke bestel te skep wat die aspirasies en behoeftes van die werkers sal insluit.

"Mandela sal weet dat die motor waarin hy ry, deur die werkers self gebou is. Ons hoop hy sal die motor met waardering aanvaar en ook in hom rondry op die pad na 'n beter Suid-Afrika vir almal," lui Numsa se verklaring. - Sapa.




## Winnie kan nie wen nie

TOE eerwaarde Jesse Jackson en sy vrou, Jacqueline, gister by die Mandelas gaan kuier het, was die vrouens nie die hele tyd welkom nie, want die mans wou politiek praat.

Winnie en Jackie het na omtrent veertig minute uit die huis gekom en Winnie het aan die pers gesê: "Ek glo dit nie, maar hulle het ons uitgeskop, die mans het gesê ons moet waai sodat hulle politiek kan praat."

Die twee mans het omtrent vyftien minute later uitgekom. Jackson het Mandela vir sy dapper leierskap geprys, en het daarna saam met sy vrou na Namibia vertrek. - AFP




**It reverberates around the globe.**
**Jesse Jackson and Margaret Thatcher, Helmut Kohl and George Bush screeched and scratched to get a morsel of the glory.**
**Literary agents are sending urgent faxes.**
**Lovers suddenly break down and start sobbing in the hollow of their beloveds' shoulders.**
**The night has become small.**
**A Hollywood mogul is hollering instructions down a line to offer him any effing price he wants as long as it is for ex-clu-si-vity.**
**Multi-national bosses reassess strategies and instruct minions to have advertisments of welcome published immediately.**
**A child mails a birthday card to Nelson Mondale, South Africa.**
**Obsequious secretaries silently enter offices to place files on leather-topped tables.**
**Smirking presidential advisers twirl non-existent moustaches.**
**An old man emerges from prison.**
**He went in an activist - he comes out a myth.**
**He worries about his prostate gland, his notes.**
**A horizon lights up. He brings a hope.**
**And he never knew the world nor the soft caress of empty days under drifting clouds.**
**If he ever did, he no longer remembers.**
**Perhaps there is now a little more sense to our dire passage on earth.**
**He has kept body and soul together with pride and the impossibility of love. He will succeed, he will fail.**
**He lives, he will die.**
**Nelson Mandela is opening a door.**

*(Dié stuk is deur die Suid-Afrikaanse skrywer en digter Breyten Breytenbach op ITV in Brittanje voorgelees tydens 'n program oor Nelson Mandela en sy vrylating wat Dinsdag uitgesaai is.)*

Vervolg van bladsy 1

## Skanse tuimel

iver Tambo, skep nou die ruimte vir Mandela om die leierskapsposisie oor te neem.

Mandela, wat die ANC-leierskap volgende week in Lusaka ontmoet, het in sy eerste openbare toespraak Sondag gesê dat 'n leier net op een wyse aangewys kan word, en dit is deur 'n demokratiese verkiesing.

Maar intussen begin dit duidelik word dat wit en swart politici uit die vrylating van Mandela probeer munt slaan. Uit alle politieke oorde, insluitende die regering en opponerende swart politieke groepe, is Mandela dié week verhef tot vredemaker en fasiliteerder - sonder om sy rol as 'n prominente ANC-leier te erken.

Daar is ook tekens dat daar uit regeringskringe gepoog word om 'n politieke wig tussen die ANC-leier en sy organisasie te dryf.

Kabinetsministers en Nasionaliste - en hul lojale media - plaas optimisties die klem op 'n diplomatieke rol wat Mandela as tussenganger tussen die regering en die ANC moet vervul.

Die rol van Mandela as simboliese leier van die bevrydingstryd in Suid-Afrika is deur botsende swart drukgroepe asook die internasionale gemeenskap aangegryp om hul eie posisie te bevorder.

Mandela se onomwonde standpunt is dat hy 'n toegewyde lid van die ANC is en homself aan die besluite van die ANC se leierskap in Lusaka onderwerp.

Binne die ANC self woed daar egter ook 'n politieke stryd. Wanneer die ANC-leier Lusaka vroeg aanstaande week besoek, sal hy te staan kom voor die konflik onder ANC-geledere in Lusaka. Militariste en politieke kommissars wat die voortsetting van die gewapende stryd ondersteun verskil geruime tyd reeds van die onderhandelings-faksie oor of 'n politieke of militêre strategie gevolg moet word om 'n politieke skikking in Suid-Afrika af te dwing.

Sterk verskille oor die verskerping van die gewapende stryd was die hooftema toe Walter Sisulu en ander vrygelate ANC-leiers verlede maand lede van die uitvoerende komitee in Lusaka ontmoet het. In 'n reeks spesiale vergaderings wat neergelê is om die leiers oor die organisasie se posisie in te lig, het botsende standpunte oor die voortsetting van die gewapende stryd heftige debat ontketen.

Mandela, een van die stigters van die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe, het in sy eerste toespraak hom onomwonde verbind tot die gewapende stryd. In politieke kringe word daar egter bespiegel dat dit bloot retoriek is en dat die regering nie gewillig sou wees om hom vry te laat indien hy 'n militêre bó 'n onderhandelde skikking sou voorstaan nie.

Mandela het tot dusver uit sy pad gegaan om die "partylyn" te volg. In elke onderhoud herbeklemtoon hy sy lojaliteit aan die ANC en ondergeskiktheid aan die verkose leierskap. Die hoop wat egter deur wit en swart Suid-Afrikaners, asook die internasionale gemeenskap uitgespreek word, naamlik dat Mandela as politieke bemiddelaar die ANC en die regering om die onderhandelingstafel kan kry, kan hom egter in die rol van vredesbemiddelaar dwing.

Dié standpunt is gister deur Azapoleiers gehuldig toe hulle na 'n ontmoeting met Mandela se leierskaprol in die skikkingsproses erken het. Hulle het egter die hoop uitgespreek dat Mandela hom nie eksklusief by die ANC sal skaar nie, maar homself sal toespits om strydende politieke faksies in 'n eenheidsfront saam te snoer. Vir die meeste swart Suid-Afrikaners simboliseer Mandela vryheid, het die Azapo-leier, Lybon Mabaso, gesê. Volgens Mabaso sou Mandela meer groepe kan verenig indien hy die mitiese figuur van bevryding bly wat die laaste jare aan hom gekoppel is.

Mandela word steeds beskou as die enigste swart leier wat die toenemende geweld in Natal kan stopsit weens sy geoeie verhouding met die Inkatha-leier, Mangosuthu Buthelezi.

## Mandela aan die woord:

# Die vooruitgang is solied

**Nelson Mandela het Donderdagoggend by sy huis in Orlando-Wes met Vrye Weekblad en ander onafhanklike koerante gesels. Hy het dié koerante bedank vir die waardevolle rol wat hulle speel om vrede na Suid-Afrika terug te bring. ELSABÉ WESSELS doen verslag**



**HOE sien u die rol van blankes en in die besonder die rol van Afrikaners in die huidige politieke klimaat? Voorsien u 'n politieke rol vir Afrikaners in die toekoms?**

Hoekom vra jy daardie vraag? Vir die laaste drie jaar al onderhandel ek met Afrikaners. Al die regeringsamptenare met wie ek onderhandel het - twee staatspresidente en drie kabinetsministers - was almal Afrikaners en ons het goeie vordering gemaak. Ek is op rekord dat ek mnr De Klerk as 'n man van integriteit beskou.

Ek glo dat mnr De Klerk 'n nuwe Suid-Afrika wil sien. Ek weet nie of mnr De Klerk die hele NP met hom sal kan saamneem nie. Maar die vordering wat tot nou toe gemaak is - en dit is soliede vooruitgang tot onderhandeling - is met Afrikaners gemaak. Dit beskou ek as voldoende kommentaar oor die rol van Afrikaners.

**U word nie net deur lede van die ANC nie, maar ook deur lede van Azapo as hul leier beskou. In ander politieke kringe word u as 'n fasiliteerder beskou. Kan u so 'n dubbele rol speel?**

Ek was slegs 'n fasiliteerder toe ek in die tronk was. My omstandighede was sodanig dat dit vir my moontlik was om gesprekke met lede van die regering te hê. Maar as 'n vry man kan ek dit nie meer doen nie. Soos ek reeds gesê het, my lojaliteit lê by die leierskap in Lusaka en ons president, Oliver Tambo. En dit is die nasionale uitvoerende komitee van die ANC wat 'n besluit sal neem oor die rol wat ek gaan speel.

Die hele kwessie van eenheid is belangrik. Maar niemand moet glo dat een individu alleen eenheid kan bewerkstellig nie. Die enigste manier waarop 'n individu 'n bydrae kan maak, is deur sy organisasie. Dit kan net as 'n spanpoging slaag.

Dit sal voorbarig van een groep wees om te dink dat hulle alleen daarin sal slaag om eenheid te bewerkstellig.

Daar is voorbeelde in die geskiedenis waar eenheid bewerkstellig is, soos reeds bewys deur die verhouding tussen die ANC en die Natal Indian Congress, wat deur niemand minder nie as Mahatma Gandhi gestig is. Die ANC het sedert 1912 hulself gewy aan die vestiging van eenheid.

Indien ek enige vars idees het om nuwe momentum oor die skep van eenheid te gee, sal ek daardie idees aan die ANC oordra. Onderworpe aan die goedkeuring van die ANC sal ek ook eenheid met ander ander politieke groepe bespreek. Ook met organisasies buite die ANC en die breë demokratiese beweging. Die ANC is nie die enigste groep wat homself verbind tot eenheid nie. Indien die regte klimaat geskep word, sal al dié groepe 'n belangrike rol speel om eenheid te bewerkstellig.

**Azapo-leiers wat u so pas gesien het, het aan die pers gesê dat hulle u as een van hul leiers beskou. Wat is die moontlikheid van eenheid tussen die ANC en swart bewussynsbeweging?**

Wat die Azapo/Swart Bewyssynsbeweging betref, het ons in die gevangenis 'n hegte verhouding as medegevangenes met mekaar gehad en het kragte saamgespan om omstandighede in die gevangenis te verbeter. Daar is baie sterk bande van vriendskap en solidariteit tussen ons en hulle gesmee. Om dié rede is dit vir hulle maklik om my so te komplimenteer. Indien dit die goedkeuring van die ANC wegdra, sal ek in dieselfde gees teenoor hulle optree.

**Minister Gerrit Viljoen het in die parlement gesê dat die Nasionale Party en die ANC deel kan uitmaak van 'n koalisie. Dink u dit is moontlik?**

Of daar 'n koalisie tussen die ANC en die NP sal wees, sal deur die uitvoerende komitee van die ANC besluit moet word. My enigste doel met my gesprekke in die tronk was om die ANC en die regering om een tafel te laat sit. Ek het niks anders bespreek nie. Al wat ek gedoen het, is om die regering dringend te versoek om die ANC te ontmoet.

Ons het nog geensins die posisie bereik waar ons oor 'n grondwet ooreen kan kom nie. Maar die ANC se posisie word duidelik vervat in die Harare-verklaring en die Freedom Charter. En die tipe gemeenskap wat die ANC in die vooruitsig stel is al op verskeie maniere oorgedra.

**Daar is 'n persepsie dat die ANC bereid is om inskiklik te wees met onderhandeling. Is iets soos minderheidsregte onderhandelbaar?**

Sodra 'n mens sê dat 'n saak ononderhandelbaar is, moet 'n mens nie eens daaraan dink om te onderhandel nie. 'n Mens moet bereid wees om oor belangrike sake 'n skikking te bereik. Die doel van onderhandelinge is om ruimte vir mekaar se standpunte te skep.

**Die geweld wat Sondag in Kaapstad uitgebreek het, het die vraag laat ontstaan of die jeug nie heeltemal hand-uit geruk het nie.**

Ek moet julle verwys na 'n kommissie van ondersoek deur professor Tjaart van der Walt, gewese rektor van die Universiteit van Potchefstroom, wat die omstandighede wat tot die geweld in die Vaaldriehoek gelei het, ondersoek het. Sy bevindings was buitengewoon. Van der Walt het daarop gewys dat dit 'n tragedie was dat die Congress of South African Students verbied is omdat hulle 'n beheersde uitwerking op die jeug gehad het. Hy het daarop gewys dat swart jeug baie meer polities geskool is as die wit jeug.

Ek wil selfs nog verder gaan. Die probleme van die swart jeug moet nie oor die hoof gesien word nie. Swart onderwys word deur wittes beheer. Wittes beheer ook die gehalte van ons onderwys. En onderwysers se opleiding is nie na wense nie. Die ouers van die kinders het geen inspraak in die onderrig van hul eie kinders nie en die studenteliggame word nie deur die regering erken nie. Wat anders kan jy verwag?

Neem daarteenoor die jeug van die Nasionale Party. Hulle het vergaderings opgebreek en mense aangerand. Waarom word opstand onder swart jeug uitgesonder? Dit is weer eens 'n voorbeeld waar blankes oordryf om te probeer bewys dat swartmense nog nie gereed is om te regeer nie.

**By die eerste saamtrek Sondag in Kaapstad is winkels geplunder en het ander misdaad voorgekom. Hoe kan dit stopgesit word?**

Kyk 'n mens na wat in Kaapstad gebeur het, moet 'n mens die grootte van die skare onthou en die feit dat hulle vir ure lank in die warm son gewag het. Ons was laat en die mense het ongeduldig geword. Hulle het hul selfbeheersing verloor. Ek is eintlik verbaas dat daar nie groter chaos was nie.

**Dink u dat daar genoegsame strukture is om die jeug te dissiplineer?**

Die South African Youth Congress is tans besig om nuwe strukture te bou wat die jeug sal betrek.

**Hoe dink u kan die hoë misdaadsyfer in die land bekamp word?**

Ons vertrekpunt moet die politieke situasie in die land wees. 'n Persoon met talente en vermoëns wat nie 'n werk kan kry nie, kan nie daardie talente en vermoëns uitleef nie. Daar moet dus werkgeleenthede geskep word. Wet en orde is tot ons voordeel.

Die enigste mense wat vandag gemoeid is met wet en orde, is die polisie. Maar die meeste polisiemanne word as vyande van die mense beskou. Dit is belangrik dat strukture op plaaslike vlak geskep word. Sulke strukture wat deur die plaaslike gemeenskap erken word, sal misdaad maklik aan bande kan lê.

**Dink u dat daar 'n oplossing is vir die geweld in Natal?**

Die geweld in Natal raak al hoe meer kompleks. Dit is nie net meer 'n stryd tussen die UDF en Inkatha nie. Die hele saak word gekompliseer deur die deelname van die polisie.

Die regering maak van die geweld in Natal gebruik om 'n aanval op die ANC te loods. Byvoorbeeld, minister Adriaan Vlok gaan Ulundi toe om Gatsha Buthelezi te sien en lewer dan 'n uitspraak sonder om met die UDF en Cosatu te konsulteer. Geen regverdige mens sal so iets doen nie. Hy moet besef dat hy albei standpunte moet aanhoor om 'n oordeel te fel. Maar Vlok het die geleentheid aangegryp om sterk propaganda te maak teen die ANC, UDF en die MDM. Die feit is daar is sterk tekens dat die polisie saam met Inkatha werk.

Dit is my siening dat 'n ooreenkoms tussen die UDF/Cosatu-alliansie en Inkatha so gou moontlik bereik moet word. As ons ons kragte saamsnoer, staan ons 'n beter kans om die probleem op te los.

**Daar is geweldige kritiek uitgespreek oor u standpunt oor nasionalisering...**

Nasionalisering is een van die fundamentele beleidspunte van die ANC. Al wat ek gedoen het, is om dié posisie akkuraat te stel. Ek het gesê dat ons bereid is om 'n kompromie aan te gaan. Dit is die standpunt van die ANC. Maar nasionalisering van sekere sektore van die ekonomie is deel van die geskiedenis van die stryd.

Die NP het van die begin af 'n beleid van nasionalisering gevolg. Hulle wou die myne nasionaliseer en ook die kommunikasie-netwerke. Toe het blankes 'n politieke en ekonomiese monopolie gehad. Nou dat swartmense 'n regmatige plek in die politiek en ekonomie eis, spreek blankes hulle teen nasionalisering uit, want hulle het die politieke en ekonomiese spierkrag en hulpbronne om in privatisering in te koop.

# WELKOM TERUG NELSON MANDELA'





## DIE HEMELRUIM SAL VANAAND HELDER SKYN . . .

## MÔRE WINK 'N BLINK TOEKOMS

# Gee FW meer simpatie as Gorby

Max du Preez

DIE Weste sal 'n gevaarlike fout maak as hulle meer simpatie het met Mikhail Gorbatsjof se hervormingstaak as met dié van FW de Klerk, sê die Britse meningsblad The Spectator dié week in 'n hoofartikel.

Die blad sê daar is ooreenkomste tussen die twee leiers: "Albei het die eerste 55 of so jaar van hul lewens sonder teken gestyg. Hulle was versigtige, konvensionele suksesse in hul organisasies - die Nasionale Party en die Kommunistiese Party - wat enige ander vorm van sukses gewantrou het.

"Hulle het gevorder tot die hoogste magsposisie, en daarmee saam het 'n verskriklike uitdaging gekom. Dit mag te vroeg wees om te oordeel of enigeen van hulle groots gebore is, grootsheid bereik het of grootsheid op hom gewerp is, maar dit is reeds duidelik dat albei besef dat die konvensies waaronder hulle gefloreer het, nou onvoldoende is: hulle kan nie die magte van verandering klop nie, so hulle beter daarby aansluit."

Gorbatsjof, sê The Spectator, is die Weste se grootste held sedert Kennedy, en selfs De Klerk het akklamasie verwerf met sy toespraak verlede week wat geen Afrikaner sedert Smuts nog gekry het nie.

Die siening in die Weste is dat Gorbatsjof meer simpatie verdien, want sy taak is groter en hy moet die feit in die gesig staar dat die sieninge waarop sy staat gebou is en waaraan soveel intellektuele van die twintigste eeu geglo het, misluk het.

De Klerk doen iets minder merkwaardig, gaan dié argument. Hy aanvaar bloot die vanselfsprekende, wat nou al so lank deur die wêreld uitgewys word, naamlik dat sy staatsideologie boos en kru is.

"Dit is asof, na veertig jaar, een volstruis, 'n bietjie wakkerder as die ander, uiteindelik sy kop uit die sand trek, die stof van die veld uit sy oë skud en sien wat almal nog altyd sien," sê die blad.


"Dié siening is 'n gevaarlike mistasting. Want die mislukking van wit heerskappy in Suid-Afrika is baie minder duidelik vir die wit Suid-Afrikaner as wat die mislukking van Sowjet-kommunisme vir die Rus is."

De Klerk het 'n groot kans gevat deur te sê Suid-Afrika moet beweeg op die pad na swart regering, en dit terwyl blankes net korrupsie, geweld en tirannie sien as hulle na beskikbare voorbeelde van swart regering kyk, sê The Spectator.

Gorbatsjof se geval is anders. Die mislukking in sy land se stelsel is groter en die uitwerking daarvan erger. "Die stelsel ontlok nie dieselfde graad van morele verontwaardiging as apartheid nie, want ons sien minder van wat dit gedoen het en omdat die naaktheid daarvan steeds verberg word deur 'n paar drade van intellektuele ordentlikheid, maar in der waarheid het dit van begin tot einde misluk teen 'n koste in terme van vryheid en bloed wat geen gelyke in die geskiedenis het nie.

"En, anders as in die geval van Suid-Afrika, kan die Sowjet-Unie opkyk na 'n voorbeeld van sukses wat moontlik aanvaar kan word."

Die blad sluit af: "Mnr de Klerk het net soveel simpatie as mnr Gorbatsjof nodig, en die Weste is in 'n beter posisie om te help as in die geval van die Sowjet-Unie."




Die voorblad van The Spectator van 10 Februarie

## SA se leiers (18): Peter Mokaba



PETER MOKABA is op 7 Januarie 1958 in die township Mankweng naby Pietersburg in die Noord-Transvaal gebore. Hy het sy skoolloopbaan daar voltooi en sy politieke skoling tydens die 1976-opstande ontvang.

Dié charismatiese president van die South African Youth Congress (Sayco) word as een van die belangrikste jeugleiers vandag in Suid-Afrika beskou.

Hy is verskeie keer in hegtenis geneem, en is in 1984 na Robbeneiland gestuur nadat hy skuldig bevind is weens lidmaatskap aan Umkhonto we Sizwe, die militêre vleuel van die ANC.

'n Jaar later is hy vrygelaat.

In 1986 is hy ingevolge die noodmaatreëls vir 'n jaar aangehou. 'n Jaar later is hy vrygelaat.

Op 21 Maart 1988 is hy weer in hegtenis geneem en aangekla weens onder meer die werwing van lede vir MK. Weer eens het hy vrygespring nadat twee ooggetuies gewyer het om teen hom te getuig.

Daar is reeds by 17 geleenthede 'n aanslag op sy lewe gedoen.

Mokaba het gewildheid verwerf vir die slagspreuk: "Brul, jong leeus brul," wat deur in 1986 en 1987 deur die land weerklink het.

Mokaba is op 17 Januarie vanjaar op Pietersburg aangekeer en word tans onder Seksie 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou.

# Dis óns skuld, sê Die Volksblad

Max du Preez

**DIE Afrikaanse pers is skuldig daaraan dat hulle opvattinge oor die ANC geskep het wat nou weer afgebreek moet word, sê die redakteur van Die Volksblad van Bloemfontein, Hennie van Deventer.**

**Van Deventer het aan 'n program oor die Afrikaanse pers deelgeneem wat verlede naweek op Channel Four in Brittanje uitgesaai is.**

**Die ander deelnemers was die voormalige redakteurs van Rapport en Die Vaderland, Willem de Klerk en Harald Pakendorf, en die redakteur van Vrye Weekblad.**

**Van Deventer het gesê sy koerant se lesers is "nie verskriklik entoesiasties" oor wat op die politieke toneel aan die gebeur is nie, maar "hulle aanvaar die onafwendbaarheid daarvan".**

**Oor die wettiging van die ANC sê Van Deventer sy koerant het probeer om mense daarop voor te berei, maar dit het nogtans as 'n "groot verrassing" gekom.**

**"Daar is opvattinge omtrent die ANC wat uit die weg geruim moet word en dit sal 'n klomp harde werk van my koerant en Nasionale politici in die Vrystaat verg om daardie negatiewe persepsies af te breek en mense so ver te kry om die feit te aanvaar dat dit ook 'n integrerende deel is van die nuwe soort politiek in die nuwe Suid-Afrika."**

**Van Deventer sê as hy "100 persent eerlik" wil wees, "moet ek erken dat die Afrikaanse koerante en Die Volksblad skuldig is daaraan dat hulle persepsies gevorm het wat nou weer afgbreek moet word. Die Nasionale Party is ewe skuldig aan die skep van persepsies wat hulle nou wens hulle het nooit geskep nie."**

**Hy het as voorbeeld genoem "die hele ding oor praat met die ANC wat gesien is as iets duiwels. Die NP is so skuldig soos die Afrikaanse pers omtrent die persepsies in die koppe van Nasionaliste. Hulle het albei 'n groot verantwoordelikheid en taak voor hulle."**

**Van Deventer sê die beriggewing deur die Afrikaanse koerante sal beslis moet verander. "Ons kan ons self blameer dat ons nooit werklik daarin geslaag het om 'n kennis van swart politiek onder ons lesers aan te moedig nie. Hulle ken nie al die belangrike swart gesigte nie; hulle weet nie genoeg van swart aspirasies nie.**

**"Ek voel dat dit 'n sterk verantwoordelikheid is op myself, op my koerant en die Afrikaanse koerante om in die toekoms meer te doen, om ons lesers op te voed, om hulle deur 'n venster te laat kyk wat nie altyd so oop was as wat dit moes wees nie."**


Standard Bank Nasionale Tekenkompetisie

Handig inskrywings in tussen

*15 en 19 Mei 1990*

Inskrywingsvorms beskikbaar by
R. Katzen,
Groepkommunikasie,
Posbus 3124
Johannesburg 2000

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. no. 62/00738/06

SBIC 201316/102



ONTVANGSPERSOON

*Vrye Weekblad benodig die dienste van 'n ontvangspersoon.*

Benewens 'n vriendelike geaardheid en die vermoë om met mense te werk, sal basiese rekenaar- en tikvaardighede 'n aanbeveling wees.

**Stuur 'n volledige CV en die name en telefoonnommers van twee referente aan:**

**Die Redakteur
Vrye Weekblad
Posbus 42637
Fordsburg
2033**

# Weermagvingers in die moordbendes?

**Jacques Pauw**

DIE drama rondom moordbendes het vandeesweek verbreed toe die polisie in hofstukke beweer het dat die Weermag 'n groep gewese polisiemanne beheer en gebruik het om linkse aktiviste te vermoor en te intimideer.

Intussen het die bekende kol Staal Bruger, gewese bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, ondergronds gegaan nadat 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitgereik is. Hy word gesoek vir onder meer die moorde op David Webster en Anton Lubowski.

Volgens hofstukke wat vandeesweek by die Randse Hooggeregshof ingedien is, was Burger die leier van 'n sel van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), 'n ondergrondse en geheime beweging van die SA Weermag.

Burger en 'n tweede gewese polisieman wat gesoek word, Cappie Maree, het middel 1988 uit die polisie bedank nadat hulle na minderwaardige poste verplaas is. Hulle terreurdade het na hul bedanking begin, is in die hof aangevoer.

Brig Floris Mostert, huidige bevelvoerder van Brixton Moord- en Roofeenheid en ondersoekbeampte in die Webster-moord, het die bestaan van die BSB en die betrokkenheid van Burger onthul in antwoord op 'n aansoek van nog 'n gewese lid van dié eenheid, luit Slang van Zyl, wat tans in aanhouding is.

Die bestaan van die BSB en die moord op Webster word nou ook deel van die ondersoek van die geregtelike kommissie van regter Louis Harms. Die BSB het gister amptelik kennis gegee dat hy by die kommissie verteenwoordig word. Die Brixtonse Moord- en Roofeenheid was die afgelope jare dikwels onder skoot weens veral marteling van beskuldigdes, terwyl van sy lede soos Jack le Grange en Robert van der Merwe, aan halsmisdade skuldig bevind is.

Verlede jaar alleen is twee hofsake, een in die landdroshof en een in die Hooggeregshof, uitgegooi nadat bekentenisse wat onder dwang deur speurders van Brixton bekom is, as ongeldig verklaar is.

Een van die ondersoekbeamptes in die aantygings na moordbendes, brig Krappies Engelbrecht, is ook 'n gewese bevelvoerder van Brixton. Sy rol as ondersoekbeampte mag met die aanvang van die kommissie se werksaamhede onder skoot kom.

Bespiegelings dat Webster die slagoffer van 'n Weermag-aanslag was nadat hy in Noord-Natal op geheime weermag-bedrywighede afgekom het, is reeds geruime tyd in omloop.

Mostert het in 'n beëdigde verklaring gesê hy glo Burger was betrokke by politieke geweld en dat die ondervraging van Van Zyl hom na die BSB gelei het. Die BSB resorteer onder Spesiale Magte wat onder die bevel van die hoof van die Weermag, genl Jannie Geldenhuys, staan.

Die BSB word in verskillende selle ingedeel. Lede van verskillende selle weet nie van mekaar se bestaan nie. "In die loop van my ondersoek het ek vasgestel dat dié geheime organisasie verantwoordelik is vir verskeie voorvalle van moord, brandstigting, bomontploffings en intimidasie," het Mostert in die hof gesê.

Dit het aan die lig gekom dat twee bruinmans van Kaapstad ook in verband met die aktiwiteite van die BSB aangehou word. Hulle het na bewering gehelp om 'n kleefmyn by 'n kleuterskool in Athlone te plant. Verskeie mense is in die voorval beseer.

# Die stryd duur voort om Mandela te beveilig

**Audrey Brown**

DIE besering van tientalle mense by Nelson Mandela se verwelkomingsaamtrekke vroeër dié week laat ernstige twyfel oor die maatreëls wat getref word om die veiligheid van Mandela en die horde skares in die toekoms te waarborg.

Volgens gesondheid- en skarebeheerbeamptes word uiterste pogings aangewend om die veiligheid van Mandela en die skare te verseker.

Maar geleenthede van dié aard, waar derduisende mense saamdrom, is nog baie nuut en mense is nie voorbereid om probleme wat ontstaan te hanteer nie.

Volgens Tsietsi Maleho, een van die skarebeheerbeamptes by die Soccer City-saamtrek, is sogenoemde marshalls verantwoordelik vir beide Mandela se sekuriteit en skarebeheer.

Mandela is by die saamtrek omring deur 'n span mans met donkerbrille wat baie na aan hom gebly het, en een van hulle het die skare dopgehou met 'n verkyker terwyl Mandela sy toespraak gelewer het.

Gevra oor die ontstaan van marshalls, het Maleho gesê: "Ons het die eerste keer aanvoerders gebruik by die bekendstelling van die UDF in 1983. In die jare daarna is hulle veral by politieke begrafnisse gesien."

Marshalls is geleidelik meer en meer by UDF en MDM-geleenthede opgemerk om dissipline en sekuriteit te handhaaf. Marshalls is maklik uitgeken aan hul kakiedrag, of so nie 'n armband in verskeie kleure - meestal die swart-groen-en-geel van die ANC.

Verder gevra of daar 'n organisasie bestaan wat omsien na die opleiding van aanvoerders, het Maleho gesê: "Mense word deur verskeie organisasies opgelei om emosionele skare onder beheer te hou. Hulle moet onder druk optree en kan nie sommer uit die publiek geneem word nie."

Maar reëlings vir die byeenkoms op Soccer City moes inderhaas getref word en daar was nie genoeg tyd om mense volledig voor te berei nie. Volgens Maleho moes daar van aktiviste wat nie opgelei is nie, gebruik gemaak word.

"Omtrent 95 persent van die marshalls is wel uit formele strukture gekry, maar ons moes ook ander aktiviste gebruik."

Op 'n vraag oor waarom professionele sekuriteitsmaatskappye nie gehuur word vir groot geleenthede nie, het Maleho gesê organisasies soos die Nasionale Sokkerliga maak van dié maatskappye gebruik. Hyself verkies egter marshalls wat uit die gemeenskap self kom.

Uitgevra oor die noodhulpmaatreëls vir hierdie soort gebeure het doktor Aslam Dasoo van die South African Congress of Healthworkers gesê: "Ons beskou ons self as die gesondheidsvleuel van die demokratiese beweging en daarom lei ons ons onderskeie lede spesiaal vir dié soort gebeure op."

By Soccer City was sowat 100 gesondheidswerkers aan diens en talle noodhulpstasies is om die stadion opgerig.

Daar was ook 'n spesiale eenheid naby die verhoog gestasioneer om ernstige gevalle te behandel. Al die koördineerders was met radio's in verbinding met mekaar.

Dit is duidelik dat baie meer as net hande hou om te keer dat mense hom vertrap, nodig is om Mandela na talle doodsdreigemente uit ver-regse geledere, veilig te hou, sê sy dogter, Makaziwe Mandela-Amuah.

"Daar is baie malmense wat nie saam met my pa stem nie, en ek weet dat hulle enigiets moontlik sal doen om hom dood te maak of te beseer," het sy vanuit haar tuiste in Massachusetts gesê.

# Ons kunstenaar toe in die kol!

**DIE skilder van Vrye Weekblad se Mandela-portret, Alistair Findlay, sê hy is baie tevrede met die ooreenkomste tussen sy skildery, wat hy sonder enige onlangse foto's van Mandela gemaak het, en dié wat pas van hom verskyn het. "Daar is detail wat nie reg was nie, soos byvoorbeeld die vorm van sy neus, maar in die algemeen is ek baie tevrede." Hy is tans besig met 'n nuwe skildery van Mandela.**





# 'n Artikel, 'n spotprent, 'n vry Mandela en Natal bloei weer




Ilanga se spotprent wat na bewering die vonk in die kruitvat was

**Christina Scott**

DURBAN het op die rand van 'n bloedbad gewyfel toe besighede aan die brand gesteek, 'n woonbuurt binnegeval en twee mense vermoor is.

Die redakteur van die wyd-gesirkuleerde Inkatha-koerant, Ilanga, het ontken dat verlede week se venynige artikel en growwe spotprent oor die Natal Indian Congress (NIC) die vonk in die kruitvat was.

Hoofminister Mangosuthu Buthelezi, wat verlede jaar by 'n saamtrek in Durban aan 70 000 Inkatha-ondersteuners gesê het ongeïndentifiseerde Indiërs ondermyn die swart jeug en gee militêre opleiding aan hulle, het ook verantwoordelikheid vir dié geweld ontken.

Hy het die skuld vir 'n naamlose anti-Indiërpamflet wat in KwaMashu en Umlazi versprei is, op vervreemde vakbondlede gepak. Dié pamflet voer aan dat Indiërs "verwronge was en dat hulle wraak wou neem vir die bittere opstand van 1949".

Die pamflet noem Cosatu 'n "Indiër-beheerde organisasie" en sê dat Indiërs swart werksgeleenthede steel. Na bewering vorm die NIC 'n politieke kliek.

UDF- en Cosatu-leiers erken dat daar 'n diepe afkeur aan die NIC se geheime kliek is. Na bewering beheer dié kliek bevondsingsgeld in Natal en het ondersteuners op die bestuur van elke anti-apartheidsorganisasie.

Hulle ontken egter dat die ANC se onlangse beroep dat dié kliek moet hervorm die aanval kon ontketen en het misdadige elemente daarvoor blameer.

Ahmed Moosa, eienaar van Cassim's Store in die uitgestrekte buitestedelike gebied van Inanda, het nie gewag om te hoor wie vir die aanvalle verantwoordelik is nie.

Hy het Dinsdag sy goed op 'n trok en twee bakkies gelaai en vertrek nadat sy broers se winkels geplunder en afgebrand is.

Met 'n geweer by sy voete en 'n Casspir met kitskonstabels wat voor sy winkel geparkeer staan, het Moosa gesê: "Ek gaan nie na dié vervloekte plek terugkom as ek eers hier uit is nie."

Op die vraag wat aanleiding gegee het tot die vyf aanvalle in die afgelope maand op sy winkel, was sy antwoord: "Ek dink De Klerk het oorboord gegaan. Hy het vir hulle te veel gegee. Wat het ek met politiek te doen?

"Ek gee skenkings as daar begrafnisse is, as hulle hongerly gee ek verniet aan kos hulle. Die land gaan ten gronde as dit net 'n gee-gee-situasie is."

Hy het die Inkatha-beheerde Mshayazafe-plakkergemeenskap agter sy winkel geprys vir die steun wat hulle aan die polisie gegee het toe hulle die aanvallers met tuisgemaakte wapens afgeweer het.

Voordat hy uit Isipingo vertrek het, het Moosa joernaliste gewaarsku om versigtig te wees omdat hy die vorige aand rakelings aan die dood ontkom het toe daar 'n vanaf 'n padblokkade - bestaande uit drie motors - op hom geskiet is.

Hoewel die kitskonstabels die skuld vir die geweld op UDF-comrades pak, is dit deur die UDF-geaffilieerde Inanda Youth Organisastion (IYO) ontken.

IYO sê in 'n persverklaring dat hulle die plundery en brandstigting "ten sterkste betreur", veral omdat dit begin het op die dag waarop die vrylating van Nelson Mandela gevier word.

"Ons stryd is nie-rassig en demokraties. Indiërs is ook deel daarvan," sê die waarnemende voorsitter van die IYO, Linda Shezi.

Shezi sê dat indien UDF-comrades wou veg, hulle die Inanda-polisiekantoor sou aanval waar daar Sondag sonder waarskuwing op 'n skare van 500 mense wat Mandela se vrylating gevier het, gevuur is.

Polisiemanne in burgerdrag het omstreeks 5:45 nm begin vuur op 'n uitbundige groep met ANC-vlae wat vryheidsliedere gesing het.

'n Swart polisieman in burgerdrag het haelgeweerskote op borshoogte tussen die skare ingeskiet.

'n Vrou van die Namibia-plakkerskamp het weggehardloop en is in haar linkerbeen geskiet. Sy het geval en is deur 'n swart polisieman met 'n haelgeweer geslaan.

Sy is later as die 19-jarige Nomakhosi Vezi uitgeken.

'n Tydelike kliniek is langs die pad opgerig en lemmetjies is gebruik om haelwonde oop te sny en Eno-vrugtesout is ingegooi om die loodkorrels uit te bruis. Talle mense is só behandel.

Geen waarskuwing is gehoor, geen traanrook gesien, of tekens dat dié optog enigsins die polisie bedreig het toe hulle by die Inanda-polisiekantoor verby marsjeer het nie.

'n Kannetjie traanrook is tien minute na die voorval deur een van die wit lede van die onluspolisie geskiet.

'n Prokureur wat teenwoordig was, sê die polisie het aan hom gesê "gaan weg, dié mense gaan probleme veroorsaak, ons gee nie om wie jy is nie". Dinsdag, toe hy die beseerdes verteenwoordig het, het dieselfde polisieman hom in die openbaar gedreig, 'n geweer op hom gerig en gesê hy moet "fokof!". - Durbanews

Pick 'n Pay
Hypermarkte, Supermarkte en Superwinkels
PICK 'N PAY EN
OPERASIE HONGER
BIED AAN
GOUD STORMLOOP 8!
KRY JOU SORG SERTIFIKAAT NOU

OPERATION HUNGER

| | |
|---|---|
| 1STE PRYS | R1 000 000 |
| 2DE PRYS | R100 000 |
| 3DE PRYS | R50 000 |
| 4DE PRYS | R10 000 |
| 6 PRYSE | R5 000 |
| 100 PRYSE | R1 000 |
| 100 PRYSE | R500 |

OPERATION HUNGER

***Belangrik:** 30% van totale kaartjieverkope indien doelwit nie bereik word nie.
INSKRYWINGS SLUIT: **3 MAART 1990**
OPENBARE TREKKING VIR 10 FINALISTE: **31 MAART 1990**
FINALISTE KOMPETISIE: **7 APRIL 1990**

**NOG NET 'N MAAND OOR — KOOP NOU!**

**JOU R10 MAAK JOU DALK DIE VOLGENDE MILJOENER.**

**BESKIKBAAR BY PICK 'N PAY EN ALLE BEKENDE VERSPREIDERS LANDSWYD.**

**MET U HULP LEWE ONS KINDERS**

# Moenie skiet nie - slaan met stoelpote!

**Oom Manie Maritz het 'n passie vir Boererepublieke, die Blou Bulle en Brahmaanbeeste - en hy glo politieke gevegte moet skoon gehou word. CHARLES LEONARD het by hom op sy plaas gaan kuier**




Foto: Gideon Mendel

AS jy Manie Maritz se plaasnaambord so 'n paar kilometer voor Brits mis, moet jy ernstig daaraan dink om jou oogarts te gaan spreek. Op 'n indrukwekkende wit poort wat na sy plaas lei, staan in vet letters: Manie Maritz - Brahmane - Manie Maritz.

Oom Manie is 65 jaar oud. Sy bruingebrande voorarms laat menige van sy geliefde Blou Bul-voorspelers se bene na stingels lyk.

In die welige tuin van hom en sy vrou Beatrice se huis staan 'n paar lewensgroot Brahmaanbulbeelde, 'n gips-koedoe, 'n kabouter en 'n klein beeldjie van oom Manie as jong stoeier. Teen die muur bokant die voordeurklokkie is 'n Brahmaankop en in die ingangsportaal nog twee.

Beatrice is nie by die huis nie en oom Manie wys vir my gou sy trots. "Sy hou nie eintlik daarvan as ek dit doen nie," sê hy met 'n ondeunde vonkel in sy oog.

Bokant die trappe is skilderye van die boere-generaals. In 'n spesiale kamer is baniere, bekers en medaljes wat van oom Manie se roemryke stoeiloopbaan vertel.

Om die draai bokant die trappe is sertifikate, rosette en nog bekers wat bevestig dat die naam Manie Maritz sinoniem is met Brahmane.

Teen 'n ander muur is aandenkings van die Groot Trek, en die twee herdenkings daarvan waarin oom Manie 'n prominente rol gespeel het.

Oom Manie kom uit 'n vooraanstaande Boerefamilie. Sy pa, ook Manie, was 'n generaal in die Anglo-Boereoorlog.

"Hy is nooit in dié oorlog gevang nie. Hy het nooit oorgegee nie. Hy en die ander Boere-generaals het na die Vrede van Vereeniging besluit dat as daar weer 'n kans kom, hulle sal kyk of hulle weer hul vryheid kan herwin. Dit was met die rebellie van 1914 dat hulle gedink het, hier is ons kans.

"Hulle het hom in Angola gevang en hy is as krygsgevangene Portugal toe gestuur. Hy het na Spanje ontsnap en vandaar na Duitsland gegaan. In 1923 het hy vir genl Smuts laat weet hy kom terug en is op die Mosambiek-grens gevang en tronk toe gestuur. Toe die Nasionaliste in 1924 aan bewind kom, is hy vrygelaat.

"Ek kom uit 'n familie waar die idee van Afrikaner-Nasionalisme nog altyd baie sterk was. Ek is 'n direkte afstammeling van Gerrit Maritz die Voortrekkerleier.

"Deur die jare was ons baie trots om te trek. Hulle was amper onder soortgelyke omstandighede as waarin ons ons vandag bevind. Hulle het gevoel hulle wil 'n vry blanke volk wees en daarom het hulle getrek om na 'n nuwe land te gaan soek.

"Dit is hoekom ek vandag nog sterk voel dat ons ons Boererepublieke moet terugkry. As hulle dit tóé gehad het, hoekom kan ons dit nie vandag weer hê nie?"

Oom Manie het 'n groot deel van sy lewe in Namibia deurgebring.

"Toe ek vier jaar oud was, het my pa in Suidwes gaan boer. Ek het nog altyd 'n groot liefde vir dié land gehad. Dit is goeie beeswêreld."

Heelwat van sy vriende het sedert die verkiesing dáár teruggekeer Suid-Afrika toe. Daar is egter nog heelparty van hulle oor. Hoekom?

"As daar iets in my land gebeur, sal ek trek? Nee, waarnatoe? Jy het jou hele lewe hierin gesit, jy het jou grond, jy is vasgewortel, jy is vasgegroei in jou land. Dit is daar ook só. Al is hulle ontevrede, bly hulle nog daar.

"Ek het nog altyd gesê Suidwes is die laerskool van Suid-Afrika. Wat dáár gebeur, is volgende vir ons land. Dit is vir my heeltemal duidelik dat dít is wat Pik Botha vir Suid-Afrika beplan."

Oom Manie is baie bekend, of eerder berug vir sy betrokkenheid in regse politiek. In 1986 was hy die voorbok toe die Nasionalis Louis Nel se vergadering op Brits opgebreek is.

"Daar is verskillende vlakke van geweld. Ek het in 'n politieke era grootgeword waarin daar geweld tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party was.

"'n Mens kan dit die geweld van liefde noem omdat dit tussen volksgenote was. PW Botha was 'n bekende voorbakleier. Ek was self in verskeie gevegte op vergaderings betrokke. Ons het van mekaar verskil, maar mekaar nie gehaat nie.

"Ek sou graag dié soort van geweld wil sien. Die manne moenie gaan om mekaar dood te maak nie. Daarvoor moet ons versigtig wees. Die manne moet nie met wapens soontoe gaan nie - liewers met stoelpote."

Hy sê benewens die twee regse politieke partye - die KP en die HNP - is daar nog drie buite-parlementêre groepe: "Daar is die Transvaalse Seperatiste, die Afrikanerfront en nog een waarvan ek nie nou die naam kan onthou nie. Dit is 'n verenigde front van tien organisasies onder die leierskap van mense soos prof Carel Boshoff en Jan Groenewald.

"Ek voel sterk om by een van hulle aan te sluit, maar voor ek dit doen wil ek eers 'n laaste poging aanwend om by te dra tot eenheid in die regse politiek.

"Die probleem met die leiers is van persoonlike aard. Hulle moet hul klein persoonlike verskille vergeet en oor 'n breë front aan ons eie volk begin werk. Die KP kan 'n groot rol hierin speel omdat hulle met die vorige verkiesing 700 000 regse stemme oor grense heen op hulle kon verenig. Hulle kan dit weer doen.

"Dit is sinneloos as ons met mekaar stry. Ons moet om 'n konferensietafel sit voordat ons met die ander manne kan konferensie hou. Voordat Buthelezi en Mandela nie hulle dinge uitgeklaar, en ons regses nie óns dinge uitgeklaar het nie, kan daar nie gepraat word nie," sê hy.

Vir Mandela het hy respek.

"Maar van Winnie hou ek nie. Sy is 'n clown," sê hy.

"Ek dink ons moet met leiers en volksgroepe onderhandel. As Mandela 'n sekere volksgroep verteenwoordig, kan jy met hom gesels. Daar sal oor grond gesels moet word. Ons het 'n reg op Transvaal, die Vrystaat en Noord-Natal. Ons voorvaders het dit gehad en daarom het ons steeds 'n reg daarop. Die res kan die ander volksgroepe kry.

"Ek onderskei tussen die Boervolk en die Afrikaners. Eersgenoemde groep is die mense wat identifiseer met die mense wat getrek het en die Boererepublieke weer tot stand wil bring.

"Ek is natuurlik vir apartheid, wat ongelukkig 'n vloekwoord geword het. 'n Mens se eiewees moet nie onderdruk word nie. Daar is vir my niks verkeerd daarmee om apart te wees nie," sê hy en bestel vir ons nog 'n koppie tee by ou Anna.

Op die ouderdom van twintig het hy as beroepstoeier begin nadat hy 'n paar jaar lank polisieman in Suidwes was.

"Ek was honger, daarom het ek beroepstoeier geword. Ek is net na die Tweede Wêreldoorlog Engeland toe om daar te gaan stoei. Die meeste Engelse was maer en bleek en ek het goed gevaar. Die promotor dáár wou my as "The Wild Man from Africa" bemark. Hy wou my in 'n hok sit. Ek moes dan stukke vleis uitmekaar ruk," sê hy en lag hartlik. "Ek het geweier."

In Engeland het hy 52 van sy 62 gevegte gewen. Die ander tien het gelykop geëindig. Terug in Suid-Afrika het hy 'n legende in die stoeikryt geword en alle teenstand uit die pad gestoei en talle titels ingepalm.

"Ek het redelik voorarm geslaan. Hoewel ek 'n showman was, het ek steeds wetenskaplik gestoei."

Hy is nie baie beïndruk met die standaard van hedendaagse stoei nie.

"Dit het te veel van 'n vertoonsport geword. Dit is hoekom ek in die laat vyftigerjare uitgetree het. Dit is seker al sport waar die beroeps-ouens swakker as die amateurstoeiers is. Hulle trek die ouens agter 'n bos uit, trek 'n kous oor sy kop en dan is hy die gemaskerde sopbeen.

"As ek weer 'n kans gehad het, sou ek liggaamsbou gedoen het. Seker maar oor ek nog altyd 'n wintie was."

Op 65 het oom Manie nog nie opgehou met sport nie. Elke oggend ry hy 30 kilometer met sy Arabierperd. Hy is van plan om voor hy 70 is 'n Springbok in uithou-perderenne te word. Dan sal hy tevrede wees.

"Ek het nooit gedink ek sal 50 haal nie. Nou is ek 65 en ek praat van 70. Maar as ek 70 is, sal ek genuine my gat sien."

Nadat hy sy stoeiskoene opgehang het, het oom Manie begin boer met sy ander liefde: Brahmaanbeeste.

Hy wys my sy plakboek. Op die een foto staan hy met groot oë en 'n blougeverfde Brahmaanbul op Loftus Versfeld - Noord-Transvaal-rugby se hoofkwartier.

"Jy kan hier sien hoe kakbang ek is," sê hy. "Die bul het onder die paviljoen vir 'n kameraflits geskrik. Daar het ek amper my gat gesien, 'n Brahmaanbul kan jou opdonner. Dit was gelukkig 'n mak bees."

Op die volgende foto staan hy, Naas Botha en oorle Buurman van Zyl. "Ek is 'n groot Naas Botha-man en 'n stoere Noord-Transvaal-ondersteuner."

Ons stap uit. Die bulle in sy tuin lyk na bees-weergawes van Lot se vrou.

"Ek het 'n baie goeie kontak met Kobus Hattingh, die beeldhouer. Baie van daai beeste is van die eerstes wat hy ooit gemaak het," verduidelik oom Manie.

HUMAN RIGHTS COMMISSION

**_Die Menseregte-kommissie verwelkom die vrylating van Ne on Mandela en versoek die Suid-Afrikaanse regering om al die maatstawwe wat noodsaaklik geag word vir die skeppin van 'n klimaat waarbinne onderhandelings kan plaasvind, wat tot die beëindiging van apartheid en die skepping va 'n demokratiese Suid-Afrika sal lei, te implementeer. Dié maatstawwe word uiteengesit in die Verenigde Volke se Ve laring, hier weergegee, wat op 14 Desember 1989 eenparig aanvaar is deur die Algemene Vergad ing se Spesiale Sitting oor Apartheid._**

HUMAN RIGHTS COMMISSION

## *VERKLARING OOR APARTHEID EN DIE VERNIETIGENDE GEVOLGE DAARVAN IN SUIDELIKE AFRIKA (A/RES/S-16/1)*

### AANHEF

Ons, die Staatslede van die Verenigde Volke, vergader op die sestiende spesiale sitting van die Algemene Vergadering, 'n spesiale sitting oor apartheid en die vernietigende gevolge daarvan in Suidelike Afrika, gelei deur die fundamentele en universele beginsels soos vervat in die Handves van die Verenigde Volke en die Universele Verklaring van Menseregte, in die konteks van ons pogings om vrede wêreldwyd deur middel van onderhandelings te bewerkstellig, en ons begeerte om doelgerigte pogings aan te wend om die onaanvaarbare situasie wat in suidelike Afrika heers, 'n gevolg van die beleid en uitvoering van apartheid, deur onderhandelings gegrond op die beginsels van geregtigheid en vrede vir almal, te beëindig:

Herbevestig ons oortuiging, deur die geskiedenis bevestig, dat waar koloniale en rasse-oorheersing bestaan, daar geen vrede en geregtigheid kan wees nie;
Herhaal vervolgens dat terwyl die apartheidstelsel in Suid-Afrika voortduur, die mense in Afrika as 'n geheel nie die fundamentele oogmerke van geregtigheid, menswaardigheid en vrede - wat op sigself beslissend en fundamenteel vir die ontwikkeling van die kontinent is - kan bereik nie;
Erken, met betrekking tot suidelike Afrika, dat die hele wêreld dit van uiterste belang beskou dat die prosesse waarmee dié gebied nou besig is, die werklike nasionale onafhanklikheid van Namibia en vrede in Angola en Mosambiek, in die kortste moontlike tyd moet slaag, en óók dat die wêreld diep bekommerd is dat destabilisering van die lande in die streek deur Suid-Afrika, hetsy deur regstreekse aggressie, borgskap van surrogate, ekonomiese subversie of ander metodes, onaanvaarbaar is en nie moet voorkom nie;
Erken ook die werklikheid dat blywende vrede en stabiliteit in suidelike Afrika slegs bereik kan word indien die stelsel van apartheid in Suid-Afrika vernietig en Suid-Afrika in 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige land omskep word, en daarom herhaal ons dat al die nodige maatstawwe om die apartheidstelsel in belang van al die mense van suidelike Afrika, die kontinent en die wêreld spoedig te beëindig, aangeneem moet word;
Glo dat, as gevolg van die wettige stryd van Suid-Afrika se mense om apartheid te vernietig, en die internasionale druk teen dié stelsel, sowel as globale pogings om die regionale konflik op te los, moontlikhede bestaan vir die verdere beweging na 'n oplossing van die probleme wat die mense van Suid-Afrika in die gesig staar;
Herbevestig die reg van alle mense, insluitende die mense van Suid-Afrika, om hul eie lot te bepaal en vir hulself die instellings en stelsel te skep waaronder hulle, deur algemene goedkeuring, wil leef en wil saamwerk om 'n harmonieuse samelewing tot stand te bring, en bly toegewyd om alles moontlik en noodsaaklik te doen om die mense van Suid-Afrika te help om deur die nodige stappe en hul werklike verteenwoordigers dié doel te bereik;
Verbind onsself omdat ons glo alle mense is gelyk en het gelyke regte tot menswaardigheid en respek, ongeag kleur, ras, geslag of geloof, dat alle mans en vroue die reg en plig as gelyke lede van die samelewing het om aan hul eie regering deel te neem, en dat geen individu of groep die reg het om ander mense sonder hul demokratiese goedkeuring te regeer nie, en dat die apartheidstelsel al dié fundamentele en universele beginsels skend;
Bevestig dat apartheid, uitgesonder as 'n oortreding teen die gewete en waardigheid van die mensdom, verantwoordelik is vir die dood van 'n ontelbare getal mense in Suid-Afrika, en gepoog het om groot groepe mense van hul menswaardigheid te beroof, en 'n grusame oorlog op die suidelike Afrika-streek afgedwing het, wat ongenoemde lewensverlies, vernietiging van eiendom en grootskaalse verskuiwings van onskuldige mans, vroue en kinders teweeggebring het, is 'n plaag en 'n belediging vir die mensdom wat beveg en in sy geheel uitgeroei moet word;
Daarom ondersteun ons steeds al daardie Suid-Afrikaners wat die edele doel nastreef. Ons glo dit is ons plig, en in belang van die hele mensdom;
Terwyl ons dié ondersteuning uitbrei na diegene wat stry vir 'n nie-rassige en demokratiese samelewing in Suid-Afrika, 'n punt waaroor daar nie onderhandel kan word nie, het ons herhaaldelik ons doelstelling vir 'n oplossing deur vreedsame middele uitgespreek; ons neem ook kennis daarvan dat die mense van Suid-Afrika, en hul bevrydingsbewegings wat genoodsaak gevoel het om die wapen op te neem, ook hul voorkeur vir dié posisie vir baie dekades uitgespreek het en dit steeds doen;
Verwelkom die Verklaring van die Ad Hoc-komitee van die Organisasie vir Eenheid in Afrika oor suidelike Afrika oor die Suid-Afrikaanse Vraagstuk, soos aangeneem in Harare op 21 Augustus 1989, en intussen aanvaar deur die Beweging van Onverbonde Lande by hul Negende Spitsberaad in Belgrado in September 1989, as 'n herbevestiging van hul bereidwilligheid om die probleme van Suid-Afrika deur middel van samesprekings op te los. Dié Verklaring is nie-strydig met die posisies vervat in die Lusaka-manifes van twee dekades gelede, in besonder in verband met die voorkeur van die swartmense om vreedsaam te verander, en neem in aanmerking die veranderinge wat sedertdien in suidelike Afrika plaasgevind het. Die Verklaring bied 'n nuwe uitdaging aan die Pretoria-regime om te deel in die edele pogings om die apartheidstelsel te beëindig, 'n doelstelling waartoe die Verenigde Volke altyd verbind was;
Merk met waardering dat die regeringshoofde van die Statebondslande, tydens hul vergadering in Kuala Lampur in Oktober 1989, met tevredenheid die sterk voorkeur uitspreek vir die pad na 'n vreedsame en onderhandelde skikking, inherent in die Harare-verklaring, en verdere stappe oorweeg om die moontlikheid van onderhandelings te bevorder;
Ook met waardering merk dat die Francophone-spitsberaad in Dakar in Mei 1989 ook vra vir onderhandelings tussen Pretoria en verteenwoordigers van die meerderheid van die mense met die oog om 'n demokratiese en gelyke stelsel in Suid-Afrika daar te stel;
Gevolglik sal ons voortgaan om alles in ons vermoë te doen om ons ondersteuning van die legitieme stryd van die mense in Suid-Afrika te verskerp, insluitende die behoud van internasionale druk teen die apartheidstelsel totdat dié stelsel in Suid-Afrika beëindig en omskep is in 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige land, met geregtigheid en veiligheid vir al die inwoners;
In ooreenstemming met die plegtige onderneming, en in regstreekse ooreenkoms met die wense van die meerderheid van die mense in Suid-Afrika, verbind ons onsself tot die onderstaande standpunte, oortuig dat die implementering daarvan sal lei tot die spoedige beëindiging van die apartheidstelsel en die begin van 'n nuwe era van vrede vir al die mense van Afrika, in 'n kontinent uiteindelik bevry van rassisme, wit minderheidsregering en koloniale determinasie;

### VERKLAAR AS VOLG:

1. 'n Sameloop van omstandighede bestaan, wat, as daar 'n duidelike bereidwilligheid aan die kant van die Suid-Afrikaanse regime is om werklik en ernstig te onderhandel, en gegee die herhaaldelike uitdrukking van die meerderheid van die mense van Suid-Afrika van hul lankbestaande voorkeur om 'n politieke skikking te bereik, die moontlikheid kan skep om apartheid deur middel van onderhandelings te beëindig;

2. Daarom sal ons die mense van Suid-Afrika, as deel van hul legitieme stryd, aanmoedig om saam te staan en die beëindiging van apartheid en alle maatstawwe wat nodig is om die land in 'n nie-rassige demokrasie deur middel van onderhandelings te verander, te bereik. Ons ondersteun die standpunt van die meerderheid van die mense van Suid-Afrika dat die doelstellings, en nie die wysiging of hervorming van die apartheidstelsel nie, die oogmerke van die onderhandelings moet wees;

3. Ons is dit eens met die mense van Suid-Afrika dat die uiteinde van so 'n proses 'n nuwe grondwetlike bedeling, deur hulle aanvaar, en gegrond op die Manifes van die Verenigde Volke en die Universele Verklaring van Menseregte, moet wees. Ons beskou dus die volgende fundamentele beginsels as belangrik:
(a) Suid-Afrika sal 'n verenigde, nie-rassige en demokratiese staat word;
(b) Al sy mense sal gewone en gelyke burgerskap en nasionaliteit, ongeag ras, kleur, geslag of geloof, geniet;
(c) Al sy mense sal die reg hê om deel te neem aan die regering en administrasie van die land op die grondslag van universele, gelyke stemreg, op 'n nie-rassige kieserslys en deur geheime stemming, in 'n verenigde nie-gefragmenteerde Suid-Afrika;
(d) Almal sal die reg hê om politieke organisasies te stig of daarby aan te sluit, met die voorbehoud dat dit nie rassisme bevorder nie;
(e) Almal sal universeel erkende menseregte, vryhede en burgerregte, beskerm deur 'n verskansde handves van menseregte, geniet;
(f) Suid-Afrika sal 'n regstelsel hê wat die gelykheid voor die reg van almal sal verseker;
(g) Suid-Afrika sal 'n onafhanklike en nie-rassige regstelsel hê;
(h) 'n Ekonomie sal geskep word wat die welvaart en vooruitgang van alle Suid-Afrikaners sal verseker;
(i) 'n Demokratiese Suid-Afrika sal die regte, soewereiniteit en gebiedsintegriteit van alle lande respekteer en 'n beleid van vrede, vriendskap, en wedersydse onbaatsugtige samewerking met alle mense voorstaan.

4. Ons glo dat die aanvaarding van dié fundamentele beginsels die basis kan vorm van 'n internasionaal aanvaarbare oplossing wat Suid-Afrika in staat sal stel om sy regmatige plek as volwaardige lid van die wêreldgemeenskap van nasies in te neem.

### A. KLIMAAT VIR ONDERHANDELING

5. Ons glo dit is essensieel dat die nodige klimaat vir onderhandelings geskep moet word. Daar is 'n dringende noodsaak om positief tot hierdie universeel aanvaarde eis te reageer en dié klimaat te skep.

6. Vervolgens moet die huidige Suid-Afrikaanse regering ten minste:
(a) Alle politieke gevangenes en aangehoudenes bevry en geen verdere beperkings op hulle plaas nie;
(b) Alle verbannings en beperkings op alle verbanne en ingeperkte persone ophef;
(c) Alle troepe aan die townships onttrek;
(d) Die noodtoestand beëindig en alle wetgewing, soos die Wet op Binnelandse Veiligheid, wat ontwerp is om politieke bedrywighede aan bande te lê, herroep; en alle politieke verhore en politieke teregstellings staak.

7. Die maatstawwe sal help om die nodige klimaat te skep waarbinne politieke onderhandelings kan plaasvind - 'n noodsaaklike vereiste om te verseker dat die mense self aan die herskepping van hul land deelneem.

### *B. RIGLYNE VIR DIE ONDERHANDELINGSPROSES*

*8. Ons is van mening dat die betrokke partye, in die lig van die nodige klimaat en deur die wedersydse ooreenkoms tussen die bevrydingsbewegings en die Suid-Afrikaanse regime, die toekoms van die land en sy mense in goeder trou en in 'n vreedsame atmosfeer moet onderhandel. Dié proses kan volgens dié riglyne plaasvind:*
*(a) Ooreenkoms oor die meganisme vir die opstel van 'n nuwe grondwet, onder meer gegrond op die beginsels soos bo uiteengesit, en die basis vir die aanvaarding daarvan;*
*(b) Ooreenkoms oor die rol van die internasionale gemeenskap in die versekering van die suksesvolle oorgang na die demokratiese estel;*
*(c) Ooreengekomde oorgangsreëlings en modaliteite vir die proses van die opstel en aanvaarding van 'n grondwet, en die oorgang na 'n demokratiese bestel, insluitende die hou van verkiesings.*

### C. PROGRAM VAN AKSIE

9. In nastrewing van die oogmerke in die Verklaring, neem ons vervolgens die besluit:
(a) Om nie ons betrokkenheid by die kwelpunt van 'n politieke oplossing in Suid-Afrika te laat vaar nie;
(b) Om allesomvattende ondersteuning vir die teenstanders van apartheid te verskerp en internasionale veldtogte te loods in nastrewing van dié ideaal;
(c) Om betrokke en doeltreffende maatstawwe te gebruik, insluitende die volle waarneming van al die lande van die verpligte wapenverbod, wat daarop gemik is om druk toe te pas en apartheid sodoende spoedig te beëindig;
(d) Om te verseker dat die internasionale gemeenskap nie die bestaande maatstawwe, wat daarop gemik is om die Suid-Afrikaanse regime aan te moedig om apartheid te beëindig, en totdat daar ingrypende en onomkeerbare veranderings plaasvind - met die doelstellings van die verklaring in gedagte - te verslap nie;
(e) Om alle moontlike hulp aan die frontlinie- en buurstate te bied sodat: hulle hul ekonomieë, wat nadelig deur Suid-Afrika se dade van aggressie en terreur geraak is, kan herstel; om enige soortgelyke dade te weerstaan; en om voort te gaan om hulp aan die mense van Namibia en Suid-Afrika te verleen;
(f) Om bystand, soos versoek deur die regerings van Angola en Mosambiek om vrede aan hul mense te verseker, te verleen, en om vredesinisiatiewe deur die regerings van Angola en Mosambiek - wat daarop gemik is om vrede en normalisering in hul lande te bewerkstellig - aan te moedig;
(g) Die nuwe Suid-Afrika sal, met die aanvaarding van die nuwe grondwet, ten volle deelneem aan al die relevante liggame en gespesialiseerde agentskappe van die Verenigde Volke;

10. Ons versoek die Sekretaris-Generaal om kopieë van die huidige Verklaring aan die Suid-Afrikaanse regering en die verteenwoordigers van die onderdrukte mense van Suid-Afrika te gee, en ons versoek die Sekretaris-Generaal om 'n verslag oor die vordering in die vertolking van die huidige Verklaring voor te berei en dit op 1 Julie 1990 aan die Algemene Vergadering voor te lê.

*****

Hier volg 'n persverklaring wat op 2 Februarie deur die waarnemende voorsitter van die Spesiale Komitee teen Apartheid, Gladys Saint-Phard (Haïti), uitgereik is:

Die Spesiale Komitee teen Apartheid verwelkom die betekenisvolle maatstawwe wat FW de Klerk in die Parlement aangekondig het: die wettiging van die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress of Azania (PAC) en ander anti-apartheidsorganisasies, die vrylating van sekere politieke gevangenes, die opskorting van die oplegging van die doodstraf en die verslapping van die media-regulasies, asook die naderende vrylating van Nelson Mandela.
Die geskikte klimaat vir onderhandeling kan egter slegs geskep word indien die volgende maatstawwe, soos volledig uiteengesit in die Verenigde Volke se Algemene Vergadering se Verklaring oor Suid-Afrika en eenparig op 14 Desember 1989 aanvaar, geïmplementeer word: die beëindiging van die noodtoestand; die herroeping van alle wette, soos die Wet op Binnelandse Veiligheid, wat daarop gemik is om politieke bedrywighede te onderdruk; die onttrekking van alle troepe uit die townships; en die vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudenes.
Ons verwag die internasionale gemeenskap, wat kennis geneem het van die belangrikheid van die De Klerk se aankondigings, is egter steeds ten volle bewus dat die apartheidstelsel, wat nie hervorm kan word nie, onaangeraak bly.
Solank die beginsels en oogmerke vir onderhandelings, soos uiteengesit in die Verenigde Volke se Verklaring oor Suid-Afrika, nie nagekom word nie, sal die Spesiale Komitee teen Apartheid enige verandering in beleid deur die internasionale gemeenskap jeens die apartheidsregime as voortydig beskou.

*Uitgereik deur die Menseregte-kommissie, Posbus 32723, Braamfontein 2017*

HUMAN RIGHTS COMMISSION

## DIÉ WEEK IN DIE NUUS

### Suid-Afrika

**Nelson Mandela** word vrygelaat ná 27 jaar in die gevangenis. Hy doen 'n beroep op blankes om saam te werk ten einde 'n demokratiese, nie-rassige Suid-Afrika te skep.
**Die Harms-kommissie** begin met sy ondersoek na moordbendes en ander dade van geweld wat polities gemotiveer is.
**Nog twee oud-polisiemanne** van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, maj Staal Burger (die vorige bevelvoerder van die tak) en adj-off Chappie Maree, word gesoek in verband met die moorde op adv Anton Lubowski en dr David Webster. Dit volg op die inhegtenisname van luit Abraham "Slang" van Zyl en Calla Botha van dieselfde polisie-eenheid. Intussen word besonderhede van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), 'n geheime eenheid binne die polisie wat deur Militêre Inligting beheer word, bekend gemaak. Dié eenheid moes glo teen anti-apartheidsaktiviste optree. Die huidige bevelvoerder van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid, brig Floris Mostert, is die hoof-ondersoekbeampte na Webster se dood.
**Die Goldstone-kommissie** van ondersoek na die dood in aanhouding van Clayton Sithole sluit sy verrigtinge. Sithole, 'n lid van Umkhonto we Sizwe, is op 30 Januarie opgehang in sy sel gevind. Hy was die vader van Zinzi Mandela se kind. Genl Gert Erasmus, streekskommissaris van polisie vir die Witwatersrand, erken dat die maatreëls oor die omstandighede van Artikel 29-aanhouding nie nagekom word by John Vorsterplein nie. Dié maatreëls bepaal dat aangehoudenes twee halfuur-tydperke daagliks vir oefening in die buitelug moet kry.
**Mike Gatting** se Engelse rebelle-kriekettoer word met vier wedstryde verkort. Die National Sports Congress onderneem op sy beurt om nie verdere betogings teen die toer te hou nie. Volgens berigte het die ANC as bemiddelaar opgetree om dié kompromie moontlik te maak.
**Barbara Hogan**, die eerste blanke vrou wat tot tronkstraf gevonnis is omdat sy aan die ANC behoort het, en Rob Adams, ook 'n blanke lid van die ANC, word uit die gevangenis vrygelaat. Hogan het agt van haar tien jaar tronkstraf uitgedien.



**Die Afrikaner-Weerstandsbeweging** hou 'n protesoptog in Pretoria. Swastika-vlae word openlik vertoon, 'n Ster van Dawid word verbrand en 'n man en 'n swanger vrou word deur die AWB aangerand.
**Die SA Weermag** kon nie vasstel wie verantwoordelik was vir die radio-boodskap verlede jaar dat Swapo-guerrillas op Namibia se noordelike grens saamgetrek het nie, sê Wynand Breytenbach, adjunk-minister van Verdediging, in die parlement. Dié bande is vernietig nadat 'n transkripsie gemaak is.
**Twee mynwerkers** sterf in 'n rotsstorting by die Western Holdings-myn op Welkom.
**Nuwe leidrade** oor die verdwyning van vyf skoolmeisies word deur die polisie opgevolg. Dit blyk dat die pedofiel Gert van Rooyen en sy vriendin, Joey Haarhoff, Natal toe is net ná die verdwyning van elk van die meisies.
**'n Bewaringsgebied** - die derde grootste in die land - gaan by St Lucia geskep word, kondig Gert Kotze, minister van Omgewingsbewaring, aan.
**Die Mosselbaai-gasprojek** word voortgesit, ondanks 'n erkenning deur die minister van Mineraal- en Energiesake, dr Dawie de Villiers, dat dit "hoogs onwaarskynlik" is dat die regering vandag met die projek sou begin. Meer as R5 biljoen is reeds op die projek gespandeer, en dis te laat om dit nou te laat vaar. As die olieprys aanhou styg, kan die regering dalk gelyk breek met die koste van die projek.
**Die Konserwatiewe Party** dien 'n klag van hoogverraad in teen Nelson Mandela en Walter Sisulu van die ANC en teen Zeph Mothopeng van die PAC weens hul uitsprake oor gewapende geweld.
**Een persent** van die lede van die SAP het verlede maand uit die Mag bedank, sê die polisie se Direktoraat Openbare Betrekkinge.
**Twee NP-LP's** van Port Elizabeth bevestig dat hulle Oos-Kaapse leiers van die UDF as gaste by die parlement sal ontvang. Sakkie Louw, LP vir Newtonpark, en Frans Smit, LP vir Algoapark, het die UDF se president en vise-president in die Oos-Kaap, Edgar Ngoyi en Henry Fazzie, na die parlement genooi.
**Eie onderwys** vir verskillende bevolkingsgroepe is steeds NP-beleid, sê Piet Clase, minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad. In die huidige boekjaar is R3 082 per kop aan 'n wit kind se opvoeding bestee, en R764 per kop aan 'n swart kind s'n.
**'n Werker** wat aan 'n protesoptog deelgeneem het, word deur 'n veiligheidswag by 'n bouperseel in Johannesburg doodgeskiet.

### Wêreld

**Die Kommuniste Party** van die Sowjet-Unie aanvaar 'n dokument waarin die Party afstand doen van sy monopolie oor mag. Die dokument voorsien ook 'n federale struktuur wat vir groter selfregering deur die republieke voorsiening maak en 'n gemengde ekonomie, eerder as streng sosialisme.
**Onrus in Tajikistan**, 'n provinsie van die Sowjet-Unie, veroorsaak die dood van minstens 37 mense. Die oorsaak is skynbaar etniese gevoelens teen Armeniërs wat skaars behuising voor Tajiks opraap. Ander waarnemers meen egter die onderliggende redes is hoë werkloosheid en Islamitiese fundamentalisme.
**Die VSA** en die Sowjet-Unie kom ooreen om hul troepe in Europa te verminder. Ná die vermindering sal die VSA 30 000 troepe meer as die Sowjet-Unie in Europa hê.
**Die eerste stappe** om die twee Duitslande te herenig, word deur die Wes-Duitse kanselier, Helmut Kohl, en die Oos-Duitse premier, Hans Modrow, gedoen. Die twee lande se geldstelsels sal binnekort een word. Pres Mikhail Gorbatsjof van die Sowjet-Unie het reeds aangedui dat die Duitsers self moet besluit oor hereniging.
**Shariel Aron**, minister van handel, bedank uit die regse Israeliese Likoed-party nadat die eerste minister, Yitzhak Shamir, aangedui het dat die regering bereid mag wees om met Palestyne in die besette gebied te onderhandel.
**Drie Ugandese joernaliste** word in hegtenis geneem nadat hulle pres Kenneth Kaunda van Zambië glo belaster het. Die joernaliste is alamal korrespondente vir oorsese media.
**Drie insurgente** en 'n soldaat sterf in 'n skermutseling in Lesotho. Die insurgente was lede van die Lesotho Congress Party. Die party is onwettig verklaar deur die militêre regering.
**Angolese troepe** val Unita-rebelle op Mavinga, sowat 1 100 kilometer noordoos van Luanda, aan. Unita beweer hulle het 12 regeringstroepe doodgeskiet.
**Ru-olie wat** uit 'n tenkskip lek, besoedel Huntington Beach in Kalifornië naby 'n kolonie bedreigde pelikane en ander voëls.
**Untag se** oorblywende lede in Namibia sal die land kort ná onafhanklikwording op 21 Maart verlaat, sê Fred Eckhardt, die VV se woordvoerder.
**Wes-Duitsland** bewillig R150 miljoen vir ontwikkelingshulp aan Namibia.
**Gevegte tussen** strydende Christen-faksies in Beiroet duur voort ondanks 'n vredesgroep se afsonderlike samesprekinge met genl Michel Aoun en Samir Geagea. Minstens 500 mense is al die afgelope twee weke in die gevegte dood.
**Alexander Solsjenitsin**, Nobelpryswenner, belowe om terug te keer na die Sowjet-Unie sodra sy boeke vryelik beskikbaar is.
**Gevegte in** Burma tussen regeringstroepe en rebelle eis 58 lewens.

# Sowjet-Unie wil ortodokse verlede vergeet



**Pierre Taillefer**

MOSKOU - Die Kommuniste Party van die Sowjet-Unie se voorgestelde politieke program wat dié week volledig deur Tass, die amptelike Sowjet-nuusagentskap, gepubliseer is, toon dié party se doelgerigtheid om sy ortodokse verlede te vergeet en die land na 'n plurale demokrasie te lei.

Dié dokument, waarin die sentrale komitee van die Party sy monopolie oor mag laat vaar, moet nog deur die Party se gereëlde kongres, wat in Junie plaasvind, aanvaar word.

In die dokument word die volgende voorstelle gemaak:



**Mikhael Gorbatsjof**
*(Foto: The Star)*

- Artikel 6 van die grondwet, waarin die Kommuniste Party as die leidende mag van die Sowjet-samelewing bestempel word, moet deur die Kongres van Verteenwoordigers gewysig word.

- Die Party is gereed vir dialoog met ander partye en ten gunste van die vernuwing van 'n sosialistiese samelewing.

- Die noodsaaklikheid van 'n verkose president met sterk uitvoerende magte. "'n President is noodsaaklik vir die bestendige ontwikkeling van die land, om perestroika te versnel, om die normale funksionering van alle openbare- en staatsinstellings tydens demokratisering te verseker."

- Die noodsaaklikheid om die wetgewende, regterlike en uitvoerende magte te skei, en om die onafhanklikheid van die regbank te versterk. Die sentrale komitee erken ook dat "baie gedoen moet word om die regstelsel te hervorm".

- Die gedagte van die "diktatorskap van die proletariaat" moet geskrap word. Volgens die dokument verwerp die sentrale komitee 'n diktatorskap deur enige klas en sê dat die wil van die mense soewerein, en die enigste bron van mag is.

- Die party moet deur 'n president gelei word. Die president moet deur 'n vise-president en 'n presidium van die sentrale komitee bygestaan word (Die president en die presidium sal die huidige sekretaris-generaal en politburo vervang).

- Oor ekonomiese hervorming: "Die bestaan van private eiendom, insluitende die private besit van die produksiemiddele, is nie onversoenbaar met die land se werklike ekonomiese ontwikkeling nie. Die huidige stelsel moet deur 'n beplande markekonomie - gegrond op 'n verskeidenheid van besitsvorme, kompetisie tussen onafhanklike vervaardigers, 'n ontwikkelde finansiële stelsel en die stimulasie van beide persoonlike en kollektiewe belange -vervang word."

- Die Party bevestig sy verbintenis tot die beginsel van Lenin dat lande die reg tot selfbeskikking het.

- 'n "Nuwe Sowjet-federasie" sal gegrond wees op die "onvoorwaardelike respek vir die regte van burgers ongeag hulle nasionaliteit, werklike soewereiniteit vir die republieke van die Sowjet-Unie, en 'n nuwe vlak van onafhanklikheid vir alle vorme van nasionale outonomie". - AFP

# Roemene mag nou huise koop

BOEKAREST - 'n Paar duisend Roemene het Maandag 'n kordon rondom die Staatshuis se kantore gevorm nadat regeringsbeamptes in die naweek aangekondig het dat individue voortaan toegelaat sal word om huise te koop.

Dié aankondiging kanselleer die verbod wat in 1985 op dié soort transaksies geplaas is. Blykbaar sal daar ook spesiale lenings aan mense verskaf word om te help met die koop van huise.

Ongeveer 16 000 regeringswoonstelle sal aan huurders beskikbaar gestel word. Die regering wou egter geen kommentaar lewer oor die getal woonsteleenhede wat beskikbaar gestel gaan word nie.

Die meeste Roemene woon in sombere wooneenhede saam met groot families en baie pasgetroudes wag tot 15 jaar voordat woonstelle aan hulle verskaf word.

Volgens die nuwe wet sal Roemene wat in die buiteland woon, voorkeur geniet indien hulle met buitelandse geld betaal.

Terselfdertyd is daar uit Moskou berig dat 'n nuwe wet inwoners van die Baltiese Republiek in staat sal stel om besitregte te bekom asook die reg om ander mense in diens te neem.

Dié wet sal individue, families, plaasbewoners, koöperasies, aandeelhouers, ekonomiese organisasies en staatsbeheerde organisasies in staat stel om dié plekke as die wettige eienaars te besit. - AFP

# Aanklagte van volksmoord teen Roemeense offisiere

BOEKAREST - Altesame 21 offisiere van die Roemeense militêre en sekuriteit se veiligheidspolisie, verskyn op 2 Maart in die hof op aanklagtes van volksmoord.

Dié aanklagtes spruit uit voorvalle wat in Timisoara in Desember gedurende aanvalle op Nicolae Ceausescu plaasgevind het.

Bronne van die hof sê die beskuldiges sal voor 'n militêre afdeling van die Romeense hooggeregshof verskyn.

Die aanklagte teen die 21 is Saterdag deur die aanklaer-generaal, Gheorghe Robu, bekend gemaak. Die aangeklaagdes vorm deel van die departement van binnelandse sake wat aangekla word weens die aanslag op betogings wat op 17 Desember in Timisoara, die Westelike gedeelte van Transylvania, uitgebreek het.

Robu het aan die Romeense nuusagentskap, Rompress, gesê genl Emil Macri en kol Ioan Deheleanu het deelgeneem aan die verwydering van 40 lyke van slagoffers van die onderdrukking en dit na Boekarest geneem het waar die lyke later verbrand is. - AFP

# ANC-geskiedenis vir die kameraad op straat

## *Waar die boewe baie sleg is en die heldin baie mooi*

**THE STRUGGLE**
*A History of the ANC*
*Deur Heidi Holland*
*Grafton Books, R24,99*

**ELSABÉ BRINK**

SELDE was daar nog 'n boek wat op 'n meer geleë tyd gepubliseer is. Die Suid-Afrikaanse uitreikingsdatum vir Holland se boek is 15 Februarie 1990. Beter kon dit nie beplan gewees het nie.

Holland het die boek geskryf met die oog op die algemene leserspubliek wat weinig van die ANC af weet. Dit lees lekker en laat die leser die helde van die ANC se avonture met hul meemaak. Dit is inderdaad 'n boeiende avontuurverhaal oor die struggle.

Die boek word ingelei met etlike hoofstukke oor die jeugjare van Nelson Mandela in sy Transkeise geboortedorpie, Qunu. Hier het Holland verskeie onderhoude met Mandela se familielede wat nog steeds daar woon, gevoer. Deur hul oë word daar vir ons 'n prentjie van die jong Mandela geteken. "The primary schools Nelson attended at Qunu, Clarkebury and Qolweni were run by missionaries, and the boy became a God-fearing Christian, always willing to help a neighbour...If he saw an old man chopping wood he would immediately take the axe himself. He was always ready to help his sisters and cousins with schoolwork they did not understand." (p.20)

Ons volg die jong Mandela na Fort Hare en dan na Johannesburg waar hy as ingeskrewe klerk begin werk. In 1944 sluit hy by die ANC aan en tree ook vir die eerste keer in die huwelik.

Mandela se verhaal word vir die wyle agterweë gelaat en die klem verskuif na die stigting van die ANC onder leierskap van manne soos John Dube, Sol Plaatje, Seme, Lembede en Xuma kom nou aan die beurt.

Met die stigting van die Congress Youth League in 1944 betree Mandela weer die voorgrond en staan sentraal in die Struggle. Die Defiance Campaign, die Freedom Charter, polisiestrooptogte, verbanningsbevele, verraaiers, die Treason Trial, Rivonia en lewenslange tronkstraf is die bestanddele van die avontuur.

Ons volg Mandela na Robbeneiland, en hier laat die skryfster die verhaal byna soos dié van Papillon op Duiwelseiland voorkom. Ná bemiddeling deur Mandela en ander ANC-lede verbeter die haglike toestande op die eiland geleidelik. Mac Maharaj wat twaalf jaar op die eiland gevange gehou is, beskryf Mandela se ondersteuning van medegevangenes: "In his unobtrusive way, he finds out if anybody has problems and he tries to spend time with them if they do". (p.168)

Deurgaans verleen die uitttreksels uit onderhoude wat Holland in Lesotho, Zimbabwe, Zambië en Brittanje met ander ANC-lede wat op Robbeneiland was, gevoer het, groter impak en werklikheid aan die vertelling.

Die ANC se spoor deur die sewentigs en tagtigs tot en met 'n slothoofstuk genaamd 'The Foreseeable Future' word blootgelê. Wie sou verlede jaar 11 Februarie kon voorsien? Waarheid is inderdaad heelwat vreemder as verdigsel, want ná die wettiging van die ANC, asook Nelson Mandela se vrylating verlede week, word deel 2 van hierdie boek elke dag in die nuus geskryf.

Die boek is geskryf vir die comrade op straat. Die avontuur is meesleurend en boeiend. Nuwe helde word beskryf, die baddies is baie bad, die heldin baie mooi. "Among them was a beautiful young woman from Pondoland, wearing the brilliant garments and turbans of tribal dress, her eyes seldom straying from the elegant figure of Nelson Mandela. Her name was Nomzamo, and she was a social worker whose friends called her Winnie." (p.112)

Inderdaad 'n boek vir die struggle.

*Elsabe Brink het 'n MA in geskiedenis van Wits.*

# Dié skrywerrr se moerrr, nè

## *'Maar hierdie Ryger skryf 'n hond uit 'n bos uit, hoor'*

**DIE HOL GEVOEL**
*Deur R.R. Ryger*
*Taurus, R16,95*

**CHARLES MALAN**




DAAR'S hierdie ou, nè, hierdie RRR-skrywerrr. Raai-Raai Ry-Ry, of so. Hy ry hierdie storie soos 'n wilde hings, dis nou as jy nou nie soos hy wil praat van gemeenskap wanneer jy iets lekkerders bedoel nie.

Hy skryf oor hierdie ou, nè, oor hierdie terrorrr. Jy moet hom check, nè, hierdie Lytton-ou: hy stamp 'n spoegter se neus met sy kop plat, hy neuk 'n ou boemelaar wat hom geld vra en gooi hom uit 'n kar uit dat sy kop soos 'n pampoen oopbars, hy gryp 'n vreemde vrou aan 'n bors, hy gaan soos Nietzsche se malle oor God tekere, hy begin die dag met 'n gekots pleks van brekfis. Moerske. En dis serious, man: "Lag vir jou gat en bid vir jou siel," leer hy 'n knaap.

As hierdie ou na die eerste paar bladsye van bloed en spoeg en semen en slym nou eers behoorlik jou hero is, moet jy check wat maak hierdie skrywer met hom. Hy maak die arme donder verlief, nè, maanskyn, rose, wroeging, die blerrie works. En weet jy wat hierdie floezie Aletha na hom aantrek, hê? "Dit was sy intense ongeuiterde kreet om liefde. Sy glo hy is eintlik 'n wonderlike mens, hy het 'n muur om hom gebou." Troes bob, dit staan daar, op bladsy 58, lees dit self. As Salome Silberstein so kan voel, hoekom nie Aletha nie?

Nou nie dat daar veel tyd vir liefde is nie, want hierdie ou is die hele tyd dronk. Nie die skrywer nie, man, die hero. "Jy suip al van jou veertiende jaar ernstig" (p.78). Maar hel, pêl, as jy diepte soek, kry vir jou 'n meisie. Al wat jy gaan kry as jy hierdie boek lees, is 'n hol gevoel.

Of miskien is jy 'n bok om die hero se helse klomp hang-ups uit te check, daar's dosyne van die goed. Baklei met 'n dooie pa, worry oor malles wat hom soort van "groot" gemaak het, vloek die arme cherrie omdat hy nie sy tere liefde vir haar wil erken nie, stuur al die mooi dinge in die Bybel in hulle swernoot in as die "dronk messias", karring met dood en selfmoord, te verskriklik. Die ene Freund of Freude of Freud of whatever. Hierdie vent sukkel sy gat af om sonder 'n shrink sin te maak - "die wêreld het nie nog 'n malle nodig nie" besef hy, as iemand met 'n sosiale gewete (p.96).

Nou moet jy check, net as jy hier teen die einde dink die arme blerrie hero begin regkom: "Hy suig sy snot terug en vee sy trane weg," staan daar op bladsy 113. Not 'n dêm, hierdie skrywer bang niks en die hele einde is net bloed en derms, te verskriklik.

Maar hierdie Ryger skryf 'n hond uit 'n bos uit, hoor, hy kan 'n storie vertel dat jy wil weghol of wil huil. Dis nou wel net 'n malle wat die kastige gedigte in die boek sou kon uitdink, moet ek bysê.

Maar weet jy wat dink hierdie skrywerrr-ou, nè? Hy dink jy gooi 'n klompie poems in jou helse storie in, maar darem doelbewus vrot goed, en jy piepie 'n bewussynstroompie by, en jy publiseer by die brekery Taurus en dan kry jy vir jou 'n stupid critic met 'n D opgeline om die briljante strukturering van jou aktansiële relasies en sekwensiële isotopieë in jou grenslose interteks te analiseer. Wel, sy moer, nè.

*Dr. Malan skryf aan 'n biografie oor Etienne Leroux, is die hoof van Intak by die RGN en die voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde.*

**Die Institute for Contextual Theology het 'n vakature vir 'n**

**MEDIABEAMPTE**

**ICT soek iemand met skryf- en produksievaardighede. Jou verantwoordelikhede sal insluit:**

* Redigering, ontwerp en uitleg van al die Instituut se publikasies
* Mediawerk vir die Instituut en al die Instituut se projekte
* Werk saam met die godsdienstige en sekulêre pers

**Vereistes:**

- Kennis en ervaring van die verskeie aspekte van mediaproduksie
- Toewyding aan die gebruik van media in progressiewe organisasies
- Bereidwilligheid om in 'n span saam te werk
- Ervaring van werk in kerk- en progressiewe organisasies
- Jy moet so gou moontlik kan begin werk

**Stuur 'n aansoek (wat 'n kontaktelefoonnommer insluit) met CV en name, adresse en telefoonnommers van twee referente aan:**

**Die Algemene Sekretaris**
**ICT**
**Posbus 32047**
**Braamfontein 2017**
**Tel: (011) 339 2562**

Portland Place
Jorissenstraat 37
Braamfontein
2001

Posbus 32047
Braamfontein
2017
Suid-Afrika
Tel: (011) 339-2513/62/38
Fax: (011) 403-1485

**ALL PERFORMING ARTS WORKERS**

**Theatre Actors, Film Actors, Directors, Writers, Technicians, Stage Managers, Educators, Front of House, Back-stage Crew, etc. are invited to a meeeting convened by the**

**Interim Committee of the Theatre Alliance**

**to discuss progress made since the first meeting of August 1989.**

**Date: 25 February 1990**
**Time: 11 am**
**Venue: Funda Centre**
**Enquiries: Irene 833-2530/**
**Mark 836-6499**
**Ramolao 980-6771**

# Mandela gryp die inisiatief oor die ekonomiese debat

**Sample Terreblanche**

IN my eerste Tuynhuys-monitor was ek bekommerd dat pres FW de Klerk 'n Rubicon II-toespraak op 2 Februarie sou maak. Gelukkig het hy dit nie gedoen nie en daarvoor verdien hy lof en dank.

Laat ek eerlik wees. Hy het een en almal aangenaam verras met sy wettiging van die ANC en ander organisasies, die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes en met die gedeeltelike opheffing van die noodtoestand. Hiermee het hy 'n groter kwantumsprong vir hervorming gemaak as enige van sy NP-voorgangers en die politieke inisiatief stewig vasgegryp - vir ten minste 10 dae!

Maar hoe skouspelagtig en dapper De Klerk se hervormingsprong ookal was, dit was ongelukkig nie goed genoeg nie. Ek sê dit geensins uit krapperigheid nie. Inteendeel. Ons leef in veelbewoë tye en glasnost vereis dat ons nie langer doekies sal omdraai nie - veral nie oor sake wat ons voortbestaan raak nie.

In my Tuynhuys-artikel het ek gevra dat pres De Klerk 'n eerlike en indringende analise van die grondwetlike en ekonomiese probleemsituasie sal maak. 'n Sodanige probleemanalise - veral ten opsigte van die ekonomie - skitter vanweë die afwesigheid daarvan in sy Groot Toespraak. Dit was 'n groot fout.

De Klerk behoort te besef dat as 'n mens ernstig na die oplossing van watter probleem ookal soek, 'n mens eers eerlik en opreg die strukturele oorsake van die probleem moet identifiseer en jou en jou mense se aandeel in die probleem openhartig moet erken, hoe pynlik dit ookal mag wees. Integriteit verg dit boonop ook van 'n staatshoof wat hom tot 'n nuwe Suid-Afrika verbind het.

Aangesien De Klerk nie bereid of in staat was tot dié soort probleemanalise nie - en hom baie opvallend nie met apartheid en die strukturele onreg daarvan besig gehou het nie - het hy die wydte van die apartheidskloof waaroor hy veronderstel was om te spring, onderskat. Dit is dan ook geen wonder dat sy groot hervormingsprong te kort was en ook nie in die gewenste rigting plaasgevind het nie. Hy sal nog baie hervormingspronge moet maak.

Maar voortaan sal hy dit toenemend uit posisies van swakheid moet doen en sal hy dit al hoe moeiliker vind om die inisiatief te herwin. Oor die verlore kanse van 2 Februarie 1990 sal hy nog lank en diep nadink.

Kom ons beperk ons vandag net tot ons ekonomiese stelsel en tot Suid-Afrika se ekonomiese probleem par exellence - naamlik die probleem van onverdiende (wit) rykdom wat lynreg teenoor onverdiende (swart) armoede staan. Nòg De Klerk nòg enige ander NP-segspersoon was ooit eerlik en dapper genoeg om die reusebydrae te erken wat die apartheidstelsel - in sy veelheid van manifestasies - tot die skerp ongelykhede in die verdeling van inkome en rykdom tussen die statutêr gedefinieerde rassegroepe gemaak het en nog steeds maak. (Toe ek dié brandende probleem by geleentheid aan 'n vorige staatshoof geopper het, het hy amper my kop afgebyt!)

Solank die ANC en ander organisasies verban was en die leiers van dié organisasies in die gevangenis of gelyste persone in die buiteland was, het die NP en sy slaafse media daarin geslaag om te bepaal welke onderwerp geskik vir bespreking is en welkes ongewens "revolusionêr" of "radikaal" is. Deurdat De Klerk en alle NP-segspersone nooit bereid was om oor die oorsaaklike verband tussen apartheid en wit rykdom en swart armoede te praat nie, is persone wat wel daaroor waag praat het, met argwaan bejeën en in volblad-advertensies as sosialiste gebrandmerk!

De Klerk het op 2 Februarie die geleentheid gehad om oor die erg verwaarloosde ekonomiese probleme te praat. Hy het die geleentheid deur sy vingers laat glip en 'n yslike vakuum laat voortbestaan. Vanweë dié vakuum is 'n geleentheid aan Mandela gebied om in die eerste twee dae van sy vryheid die politieke inisiatief te gryp en om die terme van die gesprek oor die belangrike ekonomiese geskilpunte te bepaal. Mandela het die inisiatief oor dié sake op so 'n dramatiese wyse gegryp dat ek wonder of De Klerk dit ooit weer sal kan terugvat.

Die sleutelparagraaf in Mandela se Parade-toespraak het soos volg gelui: "Daar moet 'n fundamentele herstrukturering van ons ekonomiese en politieke stelsels wees om te verseker dat die ongelykhede van apartheid aangespreek en ons gemeenskap terdeë gedemokratiseer word."

In sy nuuskonferensie op 12 Februarie in Kaapstad het hy 'n aanduiding gegee van hoe hy die herstrukturering van die ekonomiese stelsel sien: "Die vraag oor die nasionalisering van die myne en soortgelyke sektore van die gemeenskap is 'n fundamentele beleid van die ANC en ek glo dat die ANC heeltemal korrek is in sy standpunt en dat ons dit moet steun."

Dié laaste opmerking van Mandela het volgens 'n Afrikaanse oggendkoerant die "finansiële markte in 'n groot warboel gedompel" en daartoe gelei dat "senuagtige beleggers in groot getalle begin padgee (het)".

Die ANC se nasionaliseringsbeleid steun ek beslis nie. In die oorgang na 'n nie-rassige demokratiese bestel, sal ons met groot omsigtigheid omstandighede moet probeer skep wat aantreklik genoeg sal wees om groot hoeveelhede buitelandse kapitaal na Suid-Afrika te lok. Sonder 'n sodanige invloei van buitelandse kapitaal sal ons nie 'n hoë groeikoers - ter wille van werkskepping, bestryding van armoede en 'n verbreding van die belastingbasis - kan handhaaf nie.

> **'Ná 42 jaar se amptelike apartheid is niks maklik nie.'**

'n Nasionaliseringsbeleid sal - veral na die ervaring van die Oosbloklande - beslis nie omstandighede skep wat aantreklik genoeg sal wees om groot hoeveelhede buitelandse kapitaal te lok nie. Dit wil egter nie sê dat die Suid-Afrikaanse ekonomiese struktuur met sy ongelyke besit van eiendom en sy (ongesonde) groot konsentrasie van ekonomiese finansiële en organisatoriese mag in die hande van enkele konglomorate onbelemmerd kan bly voortbestaan nie.

Danksy Mandela se onomwonde taal, staan een ding nou soos 'n paal bo water. Dit gaan nie in Suid-Afrika bloot - of in die eerste instansie - oor grondwetlike hervorming nie, maar eweseer - en miskien in 'n belangriker mate - oor "die fundamentele herstrukturering van ons ekonomiese stelsel".

Ná Mandela se toespraak hoef ons nie meer daaraan te twyfel dat daar in Suid-Afrika - ná 100 jaar van politieke én ekonomiese apartheid - 'n dringende behoefte aan sowel politieke as ekonomiese demokratisering bestaan nie. Die doel van politieke demokratisering is om die stemlose swart meerderheid effektief in te skakel by die hoofstroom van politiekee besluitneming en magsuitoefening en by effektiewe bedinging oor die owerheid se sosiale besteding.

Die doel van ekonomiese demokratisering is om die verontregte, die verarmde en die agtergeblewe swart meerderheid op 'n effektiewe wyse in te skakel by die hoofstroom van 'n aangepaste ekonomiese stelsel - en wel in hulle hoedanigheid as die eienaars van 'n redelike hoeveelheid produksiefaktore van goeie gehalte, as verbruikers én as deelnemers aan ekonomiese magsuitoefening.

Ek het oor die jare verbaas gestaan dat groot sakemanne in veral Engelse- maar ook Afrikaner-sakekringe so sterk ten gunste van politieke hervorming was, maar heimlik gehoop (en soms uitdruklik gepleit) het dat die ekonomiese stelsel tog onaangeraak gelaat moet bly. Hoe kon hulle so naïef wees?

Vanweë die inisiatief wat Mandela van De Klerk weggegryp het, weet ons nou dat die ekonomiese stelsel óók geherstruktureer moet word. Ons sakemanne moet tog nie weghardloop van dié moeilike probleem nie. Hulle moet rustig daaroor onderhandel met alle relevante groeperinge om ook op ekonomiese gebied 'n regverdige bestel te skep wat steeds - of opnuut - 'n sterk groeivermoë sal hê.

Dit gaan nie maklik wees nie, maar na 42 jaar se amptelike apartheid is niks maklik nie.

Die sakemanne wat so besorg is oor die effek van 'n herstrukturering van die ekonomie op die groeivermoë, moet onthou dat die relatiewe stagnasie van die afgelope 15 jaar deur apartheid en aan sanksies - wat deur die voortbestaan van apartheid uitgelok word - veroorsaak is. Die afskaffing van apartheid en die nodige herstrukturering van die ekonomie kan baie bevorderlik vir ekonomiese groei wees. Dis is gerusstellend dat Mandela hom in Soweto-toespraak sterk verbind het tot ekonomiese groei.

Danksy die ekonomiese agenda wat Mandela op die onderhandelingstafel geplaas het, kan niemand my of enigiemand anders langer van sosialisme verdink of beskuldig wanneer ons vir 'n toepaslike herverdelingsbeleid pleit om van die strukturele onreg van apartheid ontslae te raak nie. Dit is hoog tyd dat Suid-Afrikaners sal besef dat in die Suid-Afrikaanse geval herverdeling nie hoofsaaklik of in die eerste plek met ongewenste newe-effekte van kapitalisme te make het nie. Daarom het die pleidooi vir herverdeling eweneens ook nie hoofsaaklik of in die eerste plek met sosialisme te make nie.

In soverre die ekonomiese ongelykhede die resultaat van ongebreidelde en monopolistiese kapitalisme is, kan pleidooie vir herverdeling inderdaad in sosialistiese terme geformuleer en bepleit word. Maar in Suid-Afrika het apartheid en kapitalisme - in die gedaante van apartheidskapitalisme - so nou vervleg geraak en het apartheid ook op ekonomiese terrein so 'n oorheersende rol gespeel, dat dit vir die onmiddellike toekoms meer as voldoende is as toepaslike herverdelingsmaatreëls as regstellings van die ongelykhede van apartheid geregverdig word.

> **'Ons leef in veelbewoë tye en glasnost vereis dat ons nie langer doekies sal omdraai nie - veral nie oor sake wat ons voortbestaan raak nie.'**

Oor die langer termyn kan 'n volgehoue verdelingsbeleid geregverdig word om die ongelykhede van kapitalisme reg te stel.

Oor die 100 jaar van amptelike en nie-amptelike - van statutêre en konvensionele - apartheid het daar op die boeke van die blankes 'n apartheidsrekening gegroei wat eenvoudig betaal móét word. Kom ons hou op om oor die bestaan van dié rekening te twis. Kom ons begin eerder om in alle erns oor die terme en die termyn van betaling te onderhandel om seker te maak dat die betaling nie op onnodig ontwrigtende wyse - tot almal se nadeel - sal geskied nie. Laat ons erken dat die betaal van die rekening 'n wet van Transvaal geword het.

Pik Botha het in 'n TV-debat met Ted Koppel seker vyf of ses maal gesê en gepleit dat ons die verlede moet vergeet en aan die toekoms moet bou. Ek hoop nie Botha het ook bedoel dat die swartes bogenoemde apartheidsrekening sommer sito-sito as slegte skulde moet afskryf én vergeet nie.

As dit die manier is waarop Botha en De Klerk apartheid wil afskaf, wag daar 'n groot surprise op hulle. Ek sê dit nie om weerwraak aan te blaas nie, maar om dit so goed as moontlik te besweer.

Mandela het in sy Parade-toespraak gesê dat "die skade wat apartheid op ons sub-kontinent aangerig het... onberekenbaar (is)" en dat ons ekonomie as gevolg daarvan "in skerwe lê". De Klerk sal dalk die politieke inisiatief van Mandela kan herwin as hy bereid sou wees om hom uitdruklik oor die "prys" van apartheid én oor die "prys" wat gedurende die afskaffingsproses betaal sal moet word indien ons die apartheidsrekening sou wou vereffen, te verantwoord.

Eers dán sal daar oor die "prys" wat uiteindelik betaal kán word, onderhandel kan word.

> **'Deurdat De Klerk en alle NP-segspersone nooit bereid was om oor die oorsaaklike verband tussen apartheid en wit rykdom en swart armoede te praat nie, is persone wat wel daaroor waag praat het, met argwaan bejeën en in volblad-advertensies as sosialiste gebrandmerk!'**

*(Sampie Terreblanche is professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch)*

# Groenes loop nou op die mes se lem

*'Ekologie-gesindes loop die gevaar om beide die werker en die sakeman te vervreem, indien te veel klem gelê word op die bewaring van die omgewing ten koste van enige ander oorweging.'*

NOU JA, soos Steve Devil-jee sê as hy krieket oor die radio praat, daar gebeur heelwat in Suid-Afrika vandag. 'n 'Toets' en die helfte van 'n toer word afgestel, 'n bekende figuur loop vry rond en mense van links kom van ver om te hoor wat hy sê.

Aan die regterkant praat hulle al klaar van "die goeie ou dae".

Niks kan bly soos dit was nie. Dit lyk vir my na 'n gesonde en miskien moet 'n mens ook hier byvoeg, 'n "natuurlike" en normale toedrag van sake.

Kan ons dan die week breed kyk na "verandering" en "aanpassing" -

*'Wat help bevryding wanneer die mense in 'n onherbergsame woesterny 'n lewe moet maak?'*

terwyl ons tog nou besig is met 'n transformasie van ons "politieke" omgewing? Daar sal sekerlik 'n mate van herhaling van vorige groenpraatjies wees, maar dink asseblief verby alle groen-retoriek, en verskoon.

'n Wen-kombinasie in enige nuwe bestel sal dié een wees wat van meet af ernstig aandag aan die omgewing as geheel - waarin ons ons almal bevind - skenk. Wat help bevryding wanneer die mense in 'n onherbergsame woesterny 'n lewe moet maak?

Alle aanduidings is dat onderhandelings tussen vakbonde, "big business" en ekologie-gesindes 'n belangrike raakvlak in sake rondom die omgewing sal wees.

Die vakbonde sal nie werkverskaffing bo enige ander oorweging kan stel nie. Indien die belang van die werker werklik hul erns is, sal die impak wat omgewingsverandering as gevolg van byvoorbeeld mynbou op die werker en sy afhanklikes het, 'n deel van hulle oorwegings moet vorm.

In industriële Suid-Afrika bestaan daar reeds heelparty gevalle waar die ontginning van natuurlike bronne nadelig blyk te gewees het, nie net op die werker nie, maar ook op die mense in die onmiddellike omgewing. Die asbesmyne van Sekhukuni is 'n enkel-voorbeeld. By Pengi speel kinders in die stof van asbesafval wat uit die vroeë vyftigerjare dateer.

Die ontwikkelaar/sakeman is reeds voor in die wedloop om gunstige mediadekking. Die term "progress" is onlangs vervang met die woord "ontwikkeling". En kundige kommunikators het lank terug aanbeveel dat groot maatskappye (en juis dié wie se produkte die grootste invloed het op nie-hernieubare hulpbronne en besoedeling) geld in bewaringsaksies moet stort. Die pers is gevul met advertensies wat dié maatskappye se "solidariteit" met die omgewing (wat hulle plunder) onder lesers/verbruikers se aandag bring.

Maar die agteruitgang van die omgewing word van dag tot dag duideliker en dit geld ook die oë van die ontwikkelaar. Die gevolg is dat eerlike pogings tot kompromie nie meer so uitsonderlik is as wat dit 'n aantal jare gelede was nie.

Ons is miskien by dié punt in die verrigtinge waar die sakeman nie meer net die geld in ontwikkeling raaksien nie. Hy is nou bereid om te luister na




redelike argumente.

Ekologie-gesindes loop die gevaar om beide die werker en die sakeman te vervreem, indien te veel klem gelê word op die bewaring van die omgewing ten koste van enige ander oorweging. Vakbonde sou dit beskou as 'n negatiewe houding teenoor die skepping van werksgeleenthede ten gunste van 'n middelklas-ontspanningskultuur. Só 'n onversetlike houding sal ook die ontwikkelaar ontstem. Hy gaan gewis die sosio-ekonomiese voordele van sy projek as (geregverdigde) ammunisie gebruik.

Onthou, hulle skuil nie meer agter vae beloftes van vooruitgang nie. Groenes loop dus op die lem van die mes.

Die enigste uitweg sal eerlike en kundige onderhandeling wees. Wat hopelik met konsensusbesluite afgesluit sal word. Kompromie is 'n verantwoordelikheid wat ook die groenes sal moet aanvaar. Dít, én die verbreding van groen-ondersteuning na 'n meer inklusiewe geheel van die gemeenskap.

Dit sal in ieder geval veroorsaak dat 'wit ekologie' verskuif vanaf die Kruger-wildtuin na sake nader aan die agterdeur. Dit is waar almal in die nabye toekoms gaan vergader.

Huntley, Siegfried en Sunter voorspel dat die stedelike bevolking van Suid-Afrika van 16,2 miljoen in 1985, sal groei tot 35,7 miljoen mense in die jaar 2000.

En ons stedelike omgewing lyk reeds na 'n ekologiese rampgebied! Die vrae rondom werk, behuising, gesondheid en voedselverskaffing kan nie verminder nie. Die implikasie van só 'n bevolkingsverskuiwing het betrekking op die ekonomie, die industrie, landbou, tradisionele bewaringsbeleid en die gemeenskap in sy geheel. Kortom, die gehalte van lewe.

Dit lyk miskien na 'n kitskursus in ekologiese-bewuswording vir 'n ekologies-apatiese publiek, maar iemand sal antwoorde móét verskaf.

"An injury to one is an injury to all."

Die groenes kan maar ophou om hulle te verlustig in die (toekomstige en angstige) dans van die politici, want hulle sal self moet inklim. Want sien, die groenes sal die politici wees en die politici sal groen besluite moet neem.


Dié agenda is natuurlik nie naastenby volledig nie. 'n Duidelike politieke beweging in die rigting van groen kan nie langer ter wille van 'n volledige besprekingslys uitgestel word nie. Ons sal dit so in die ry moet inpas.

Tot tyd en wyl dit gebeur is my ietwat langdradige versugting teenoor Gaia: In die nuwe Suid-Afrika;

* verlos ons van 'n minister van Omgewingsake wat sê: "Ek het eintlik nie bedoel om soveel permitte vir kiefnette uit te reik nie, ek het gedink net 'n paar sou goed genoeg wees";
* verlos ons van die sake-man wat sê: "Returning to the green ideal would be to return to bicycles and berries";
* verlos ons van die omgewingsbewaarder wat sê: "Ek laat geen lid van die publiek toe om aan my voor te sê wat ek op my reservaat moet doen nie";
* verlos ons van die ekoloog wat sê: "Die saak is so ingewikkeld dat slegs kenners sal verstaan wat hier aangaan";
* verlos ons van die wetenskaplike wat sê: "By Koeberg kan daar definitief nie 'n ongeluk gebeur soos dié by Three Mile Island/Chernobil nie";
* verlos ons van die tegnoloog wat sê: "Luister, ek het nog 'n 'bright' idee, kom ons stel voorlopige standaarde vas";
* verlos ons van die groene wat sê: "If only we could educate the public."

*'Kompromie is 'n verantwoordelikheid wat ook die groenes sal moet aanvaar. Dít, én die verbreding van groen-ondersteuning na 'n meer inklusiewe geheel van die gemeenskap.'*

# Nou moet almal die nuwe klimaat benut




*'Die klimaat wat leiers De Klerk en Mandela geskep het, moet nou deur almal benut word.'*

IN September verlede jaar het ek in my rubriek na pres FW de Klerk as die "nuwe" leier verwys. My aanhalingstekens het pessimisties aangedui dat ek seker was dat ons ná die blanke verkiesing dieselfde regering sou hê, en dat regeringspraatjies van "'n nuwe Suid-Afrika" my glad nie beïndruk het nie.

Derhalwe het ek min verbetering op die arbeidsterrein van regeringskant verwag, en het ek my kommer hieroor uitgespreek.

Ek was verkeerd, ten minste in die opsig dat ek gedink het 'n nuwe leier geen veranderings aan 'n party, wat meer as veertig jaar aan bewind was,

*'Baie bestuurslede wat om die tafel met vakbonde sit, kan by FW de Klerk leer hoe om die regte klimaat vir konstruktiewe onderhandeling te skep.'*

sou maak nie. Ek was geheel en al verkeerd, dinge kan nooit weer dieselfde wees nie.

Verwysend na die arbeidsbeleid, het ek in daardie rubriek die keuses vir die nuwe regering uiteengesit. "Hulle kan aanhou om oor hul regterskouer te kyk en vinniger agteruitgaan. En dit sal ons almal, wit en swart, saamsleep. Of hulle kan meer gehoorsaam wees aan die waarskuwings van bykans die hele wêreld, en veral die meerderheid van ons eie burgers waaroor hulle regeer."

FW de Klerk is die eerste blanke president (of eerste minister) van Suid-Afrika wat dié keuse aangedurf het sonder om voorkeur te gee aan die minderheid oor sy regterskouer. Wat sy en sy regering se redes ookal is, wens ek hom geluk en sê ek dankie.

Maar ek het in dieselfde rubriek ook verwys na die "oneerlike gaping tussen beleid en praktyke" op die gebied van mannekrag.

In dié verband kan alle partye iets leer uit beide ons ondervinding op die terrein van nywerheidsverhoudinge, en die wesenlike gebeurtenisse van die afgelope paar weke.

Baie bestuurslede wat om die tafel met vakbonde sit, kan by FW de Klerk leer hoe om die regte klimaat vir konstruktiewe onderhandeling te skep. Moenie probeer om kaarte wat met die voorvereiste vir onderhandeling te doen het, terug te hou nie. Die veld moet gelyk gemaak word vir albei partye, voordat die stryd kan begin.

Die grasieuse manier waarop FW dit begin doen het, is voorbeeldig.

Kyk dan ook hoe doeltreffend dit is wanneer sy belangrikste teenstander by die onderhandelingstafel onmiddellik ook sy integriteit openlik erken.

Maar dit beteken nie dat die onderhandelings maklik gaan wees nie. Miskien kan die regering by ervare bestuursonderhandelaars leer dat die moeilikste deel nog voorlê, en dat dit nou veral belangrik is om nie na die ou mislukte metodes terug te gaan nie. Dít sê ek omdat daar nou oral gesê word dat die ANC vinnig toegewings moet maak - die regering het mos nou sy bydrae gelewer.

Wat tot dusver gedoen is, is die minimum sodat die onderhandelings - waar kompromieë aangegaan kan word - kan begin. Toegewings lê nog voor.

Die betrokke partye het verskillende en uiteenlopende belange, maar nou kan daaroor onderhandel word, in plaas van daaroor veg.

Vakbonde en bestuurders wat met mekaar onderhandel kan dalk ook by ANC-leier Nelson Mandela iets leer. Hoewel partye wyd uiteenlopende belange het, is dit nie nodig om mekaar persoonlik aan te val wanneer daar onderhandel word nie. Mandela het selfs in die vroeë stadium gewys dat hy "sag op die persoon en hard op die strydvraag" kan wees. Dit is 'n goue reël wat steeds te min in onderhandelings oor arbeidsaangeleenthede toegepas word.

Die klimaat wat leiers De Klerk en Mandela geskep het, moet nou deur almal benut word.

In die Departement van Mannekrag behoort dit nou duidelik te wees dat radikale wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge nodig is. Die werkplek het na Wiehahn meer demokraties as die breë samelewing geword. Dit is nie meer so nie.

Werkgewers en vakbonde moet nou op 'n gelyke basis geplaas word, en daarvoor is ernstige wysigings aan die wet nodig. Of beter dalk, 'n geheel en al nuwe wet.

Die probleme wat nog voorlê kan verminder word as dit op verskeie terreine en vlakke aangepak word. Werkgewers en vakbonde kan hier 'n belangrike rol speel. In die lig van die beweging na demokratiese prosesse moet die manier waarop dispute geskik word in heroorweging geneem word.

Die Sunday Times praat van 'n "markplein van idees waar almal op 'n gelyke basis kan meeding". Ons moet alle beskikbare idees oorweeg om oplossings te vind.

Woorde begin weer hul werklike betekenis te kry. Die klimaat is reg, die uitdaging daar. Kom ons aanvaar dit sodat ons elkeen kan bydra om die nuwe era in te gaan.

*(Theo Heffer is 'n konsultant in arbeidsverhoudinge)*

Vrye Weekblad

## Mandela

Toe Nelson Mandela verlede Sondag sy eerste stywe treë deur die hekke van die Victor Verster-gevangenis gegee het, het ou beroemde woorde - effens aangepas - by 'n mens opgekom: 'n klein tree vir een mens, 'n reuse-sprong vir 'n nasie.

Daardie eerste treë en die chaotiese gebeure in Kaapstad daarna het menige Suid-Afrikaner sy hart laat vashou: Mandela is te oud; hy is nie veel meer as 'n mite wat deur sy gevangeneskap om hom opgebou is nie; die UDF en die ANC kan nie hul mense beheer nie en geweld is ons voorland.

Maar 'n mens het waarskynlik buite rekening gelaat dat Mandela vir 27 jaar nooit meer as 'n handjievol mense op 'n slag gesien het nie; dat hy nog nooit in die vloedlig van televisiekameras was nie; dat hy 'n kwarteeu gelede laas in die openbaar opgetree het; dat die regering die organiseerders van Sondag se openbare vergadering net een dag gegee het om dit te reël.

Maandag het die werklike Nelson Mandela opgestaan. En teen Dinsdag met die stryddag in Soweto en daarna in persondерhoude was dit duidelik: Nelson Mandela is 'n man met 'n spesiale gawe, hy is 'n rare mens met 'n besondere talent om te luister, te verstaan en te lei.

Nelson Mandela is méér as wat ons as 'n nasie van hom kon verwag.

Sy uitgesproke begrip vir die vrese van en deernis met nie-swart Suid-Afrikaners laat 'n mens voel dat hier vir die eerste keer 'n swart leier is wat nog diep in die harte van wit en bruin Suid-Afrikaners gaan kruip, wat hulle aan die hand kan vat en help inlei in die nuwe Suid-Afrika as volwaardige lede van die nuwe, trotse Suid-Afrikaanse nasie waar ras en kleur nie meer tel nie.

Maar Mandela se primêre taak is nie om wittes te pamperlang nie. Hy staan steeds vooraan 'n beweging wat al dekades lank veg vir die regte en waardigheid van swart Suid-Afrikaners en vir 'n regverdige demokrasie. Dié stryd is nog nie verby nie.

Dit is by dié stryd wat Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners hulle nou moet voeg as hulle werklik glo in vrede, vryheid en voorspoed.

Mandela self loof Staatspresident FW de Klerk as 'n man met integriteit en iemand wat weet wat in die land aangaan.

'n Mens kan net bid dat dié twee leiers se versigtige verstandhouding gaan bly voortbestaan en dat dit tot spoedige onderhandelings oor 'n vreedsame skikking sal lei.

Solank De Klerk die momentum van aanpassings volhou, verdien hy ook alle Suid-Afrikaners se steun.

'n Mens moet altyd besef leiers is net gewone mense. Maar dalk, net dalk, kan ons begin hoop dat Nelson Mandela die Moses is wat ons uit die woestyn gaan lei - miskien met FW de Klerk as die Aäron wat sy arms ophou?

## Die Harms-kommissie

DIE Harms-kommissie, wat gister in Pretoria begin sit het, het 'n moeilike en uiters belangrike taak voor hom.

Regter Louis Harms het van die Staatspresident opdrag gekry om ondersoek te doen na "die beweerde voorkoms van moorde en ander onregmatige dade van geweld wat in die Republiek van Suid-Afrika ... gepleeg is ten einde 'n staatkundige of politieke oogmerk in die RSA te bereik..."

Klaarblyklik is die kommissie aangestel om bewerings van moordbendes in die SAP, wat in dié koerant die eerste maal oopgevlek is, te ondersoek. Angswekkende getuienis van polisiemanne en oud-polisiemanne wat in opdrag van Militêre Inligting teen anti-apartheidsaktiviste opgetree het in die geheime Burgerlike Samewerkingsburo, het intussen ook aan die lig gekom.


Ons verwelkom die kommissie heelhartiglik en vertrou dat regter Harms hom by hierdie en soortgelyke bewerings sal bepaal.

Die kommissie se opdrag is wyd genoeg om amper enige vorm van politieke geweld - soos sabotasie deur lede van Umkhonto we Sizwe - in te sluit. Dit is egter nie waaroor dit hier gaan nie. MK se gestelde oogmerke is duidelik. Wat ondersoek moet word, is die klandestiene operasies wat deur lede van die polisie, die weermag of selfaangestelde moordenaars uitgevoer is om anti-apartheidsaktiviste - baie van hulle burgerlikes - uit te wis.

Hierdie tipe optrede, wat herinner aan die dade van Suid-Amerikaanse diktature, kan in geen beskaafde land geduld word nie. Dit is die publiek se reg om te weet wie betrokke was, van wie hulle opdragte ontvang het, en met watter kabinetslede se uitdruklike of oogluikende goedkeuring dit geskied het.

Ons vertrou dat die Harms-kommissie tot op die been gaan sny, en uiteindelik ook gaan uitkom by soortgelyke optrede wat hier beplan maar in buurstate uitgevoer is.

Net die volle, naakte waarheid is goed genoeg.



## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown, 2033.**

# Skep beter hulpbronne vir dié kinders

**Jackie Loffell, maatskaplike werkkonsultant van die Johannesburgse Kindersorgvereniging, skryf:**

Graag wil ek sekere inligting in Pearlie Joubert se artikel oor pedofilie (Vrye Weekblad, 2 Februarie 1990) regstel.

Toe ek die isolering van baie van die gesinne waarin kindermolestering plaasvind, genoem het, het ek nie na geografiese afsondering ("soos op plase") verwys nie, maar wel na psigiese en sosiale isolasie, wat kenmerkend is van baie van dié gesinne.

Dikwels word die lede van sodanige gesinne uiters afhanklik van mekaar binne die gesinstruktuur, terwyl hulle moeilik verhoudings buite die gesin aanknoop.

Ek het wel gesê dat seuns dit dikwels moeiliker vind om molestering aan te meld weens die stigma wat in ons gemeenskap aan homoseksualiteit verbonde is. Dit beteken egter nie dat meisies dit nie ook uiters moeilik vind om seksuele misdrywe teen hulle aan te meld nie. Hulle ondervind ook diepgaande gevoelens van stigma, minderwaardigheid en identiteitsverwarring.

Dikwels is daar dreigemente en emosionele druk van die oortreder om te verhoed dat 'n slagoffer die misdryf aanmeld en wanneer sy wel hulp soek, word sy nie geglo nie of word sy self blameer dat dit haar eie skuld is dat so iets met haar gebeur het.

Daar word wel geskat dat een uit elke vier kinders seksueel molesteer word. Dit moet egter besef word dat die omskrywing van die begrip geweldig omvattend is. Verkragting, en molestering wat binne die gesin oor jare aangaan en uiters traumaties beleef word, word met byvoorbeeld 'n enkele ontmoeting met iemand wat homself ontbloot, hier saamgevat.

Dikwels word die grootste skade verbonde aan laasgenoemde soort episodes deur die oorreaksie van volwassenes veroorsaak.

Ter afsluiting wil ek graag op een van die grootste leemtes in ons huidige situasie wys; dat terwyl almal aangemoedig word om alle gevalle van seksuele misdrywe aan te meld (wat natuurlik 'n uiters positiewe ontwikkeling is), hou die beskikbaarstelling van dienste vir mishandelde kinders en hul gesinne nie tred met die aanmelding van sodanige gevalle nie.

Dié toedrag van sake word steeds meer krities en om doeltreffende hulp te verseker aan die kinders wat na vore kom om hulp na molestering of mishandeling te ontvang, sal daar veel meer hulpbronne geskep moet word. Om dit te verwesenlik sal beide die staat en die gemeenskap 'n veel groter bydrae tot kinderbeskermings- en behandelingsdienste in die toekoms moet maak as wat hulle tot dusver gedoen het.

## Moenie vergeet nie

**Julia Smuts van Wynberg skryf:**

Terwyl ons toekyk hoe pres FW de Klerk en sy kollegas lof toegeswaai word uit verskeie oorde sowel binne as buite Suid-Afrika in reaksie op die "revolusionêre" toespraak wat tydens die openingsplegtigheid van die huidige parlementêre sitting gemaak is, mag ons nie vergeet van daardie dapper en onvermoeide Suid-Afrikaners wat vir soveel jare, selfs dekades, onverwyld geregtigheid en vrede in die land van ons tot stand wou bring nie: Philip Kgosana, Helen Joseph, Albert Luthuli, Beyers Naudé, Helen Suzman, Steve Biko, Van Zyl Slabbert, David Webster, Molly Blackburn en talle ander.

Dit is húlle wat volgehou het, ondanks vervolging, om daardie selfde beleidsrigtings te bevorder wat nou deur allerlei instansies as die heilsboodskap van die Nasionale Party verwelkom word!

Landgenote, júlle was die baanbrekers wat die fondamente vir die demokrasie gelê het - dit is júlle wie die eer toekom!

## Goor DP-vroue!

**DP-ondersteuner van Stellenbosch skryf:**

Daar sit ek toe man-alleen by 'n sjampanje-ontbyt aan tafel saam met vroue van die Nasionale Party LP's en ministers.

Almal was bruisend van entoesiasme oor die staatspresident se openingstoespraak.

Ek, omdat die wettiging van die ANC iets is wat die DP deurgaans bepleit het, en húlle asof dit maar altyd NP-beleid was om die ANC te wettig! Afswering van geweld of nie.

In die taal van Brolloks en Bittergal wou ek sê "sulke valsgatte."

Die volgende komiese situasie duik toe op. Daar word vertel van 'n vergadering van 'n sekere vroueklub. Wie was almal daar? In die woorde van die vertelster: "Al die ou goor DP-vrouens." My kommentaar kon maar net wees: "Maar jy sit langs 'n goor DP-vrou!"

## Wie is die volk?

**Hennie Kotze van Parktown-Noord skryf:**

In reaksie op die regse partye se uitspraak ten opsigte van algemene verkiesings wat op die regering afgedwing moet word, en waarin hulle gedreig het met wegbly-aksies en militante optrede, wil ek graag 'n uitdaging rig.

Aangesien ons in 'n sogenaamde demokratiese land woon, moet die hele bevolking se mening gevra word; wit, bruin en swart.

Ek wil ook aan die regse partye vra of juis dié aksies nie een van hul standpunte téén die linkse organisasies is nie?

Hulle is uiters optimisties oor die moontlike gevolge van hul aksies, meer kinderagtig as wat ek ooit verwag het.

Laastens, hulle moet onder geen omstandighede hulself die reg toeëien om "namens die volk" te praat nie, omdat "die volk" alle rasse insluit, én omdat "die volk" deel is van wêreldwye kanteling na vrede, 'n wêreld wat op die rand van die 21e eeu lê, nié in die 1950's nie.

# As jy nie gebloei het of deur 'n rassistiese polisieman gelooi is nie, dan is jy nie 'n joernalis nie




DIE internasionale media-sirkus rondom Nelson Mandela begin Bittergal nou bitterlik irriteer. "Parachute journalism" soos jy dit lanklaas gesien het.

Natuurlik was daar ook uitstekende joernalistiek, soos veral bedryf deur die ernstiger Britse en Amerikaanse koerante. Maar van die TV-netwerke en die meer populêre koerante het hulle te buite gegaan. Dis die soort joernaliste wat vir die volgende paar jaar 'n T-hemp gaan dra met die woorde "I covered the release of Nelson Mandela" daarop.

Soos party rambo-kameramanne wat nou nog loop met T-hemde wat sê "Beirut 1986" of "Tiananmen Square 1989".

Die meeste van dié twakskrywers het êrens gebloei, of êrens 'n wrede polisieman ontmoet wat net praat van die "f...... kaffirs", of is met liefde deur swart township-inwoners uit die kloue van moorddadige soldate gered.

Een so 'n verslaggewer is Ann Leslie van die Londense Daily Mail. "Terwyl ek dié stuk skryf, ruk ek van vertraagde skok. Ek moes wegvlug van geweerskote terwyl ek kaalvoet deur strate vol stukkende glas van gestroopte winkels moes hardloop."

Terwyl Mandela uit die Victor Verster-tronk gestap het, skryf sy: "Skielik is ek vorentoe gevee deur die maalstroom van verstrengelde ledemate en sweet, stof en onbeheerste ekstase. 'n Groot ANC-banier het deur my hare geskeur, my skoene is van my voete afgeruk en ek het gevoel hoe my warm bloed op die taai teer geval het."

En oor verlede Saterdag se regse optog in Pretoria: "Wat sal jy doen, het ek vir een van hierdie vreesbevange mans gevra, wanneer hulle Mandela vrylaat? Hy het gegrinnik. 'Hy sal nie vir lank vry wees nie. Hy sal doodgemaak word. Guy Fawkes-nag sal niks wees in vergelyking met wat dan sal gebeur nie!' Hy het sy wolfhond gestreel, oor sy pistool gestreel en gelag."

* Ja'k. En as sy volgende week terug is by Sloane Square, dan is ons nog hier.

## Hy's net 'n Xhosa

Dan is daar ook die anders soort twak, soos dié van die regse historikus Paul Johnson wat dié week in 'n Britse koerant skryf: "Mandela is presented by the international media as THE black leader. In fact he speaks for only a minority of South African blacks, chiefly confined to his own people, the Xhosa."

* Net 'n Brit kan só arrogant wees.

## Kameraad kapitalis

Die groot kapitaliste is baie benoud oor Mandela se uitlatinge oor nasionalisering.

Hier is twee brokkies om hulle 'n bietjie meer gerus te stel.

Die ANC se eerste kantoor in Suid-Afrika sedert die wettiging van die organisasie is vandeesweek in Stanger oopgemaak - in die kantoor van 'n welgestelde sakeman in die in- en uitvoerbedryf.

En waar het Nelson gaan slaap die eerste aand na hy van die Kaap in die noorde aangekom het? By sy miljoenêrsvriend Richard Maponya in Johannesburg se ryk noordelike voorstede.

* Dieselfde Maponya wat onlangs gesê het Nelson begin nou oorleun na die vrye markstelsel, en wat toe heftig deur Nelson gerepudieer is.

## Teen die muur

Wysheid van die Week kom van Brian Currin, direkteur van die Regslui vir Menseregte:

* "The Nats are the only people who can read the writing on the wall while they've got their backs up against it."

## Hoera vir die SAUK!

SAUK-TV se uitsending van die Mandela-vrylating in al sy stadia met Clarens Keyter wat so mooi in die mike praat, het Brolloks met heimwee laat terugdink aan die dae toe Hendrik Verwoerd se begrafnis ook só oor die radio uitgesaai is.

Miskien lê daar heelwat diep filosofiese dinge in dié analogie.

Die man wat ná FW se toespraak gesê het niks sal weer dieselfde wees nie, het sekerlik die SAUK in gedagte gehad. Vooruitgang, voorwaar. Soos die gretigheid van die korporasie om op "marknavorsing" te reageer en "Netwerk" nou weer "nuus" te noem.

* Seker gehoor die meeste mense praat al lankal van "Natwerk".

## Vis, manne, vis

Opmerklik was die afwesigheid van polisiemanne by Mandela se saamtrek Dinsdag in Soweto.

'n Kollega van Brolloks het dalk die antwoord hiervoor.

Op pad na Soccer City ry hy verby 'n gholfbaan naby Soweto, en wat sal hy sien?

Op die walle van 'n dammetjie naby 'n setperk sit die manne in blou en visvang!

Net een van hulle sit in die geel trok om die radio te beman.

* Brolloks sou wat wou gee om die geklets rondom daai viswaters te gehoor het!




# Laat 'n ou deeltjie van die redistribution of wealth dié kant toe kom

## Ope Brief aan Vader Mandela

LIEWE Vader! Maar dinge gaan nou darem te vinnig vir Moeder, namens wie ook hierdie woorde. Eksellensie wat in die donker wandel, dit was 'n riem onder die hart om u so geboë uit die kerkers te sien stap, dit het 'n mens skoon laat vergeet van die gepynigde kommentaar wat oor die TV aangestotter gekom het.

Ook kon Egbertus met u identifiseer, want na 'n lewenslange vonnis in gevangenisskap van Miesies Klaagvoort loop die liewe Egbertus ook gebukkend. Ek kon die soete vryheid proe.

Goeie gedagte om Womandela se hand so styf vas te hou toe julle daar uitgestap kom, 'n mens weet nooit wat sy kan aanvang as sy nie in toom gehou word nie. 'n Stukkie staatsmanskap daardie.

Die Klaagvoorts het die toespraak op die Kaapse Parade indrukwekkend gevind, ons wend ons graag soos een man na die antichris, dis mos reg dat daar plek vir witter than thou's is. Moeder en Miesies Klaagvoort uitgesonder, natuurlik.

Die oproep aan die einde van die toespraak was egter verlore op Oswald. Hy loop skoon mank van klippe gooi ter viering van die groot vrylating. Het gevoel daar moet sommer geslag word, klipgooi en slag synde 'n ou Oswald-tradisie, maar die enigste slagdier in die nabyheid was Miesies X se unmentionable geparfumeerde hond, of is dit nou 'n kat, en jy lol nie met die ou bees se onderdane as jy jou lewe liefhet nie.

Vader (amper sê ek Volksheld), die perskonferensies is vir my te pragtig. Nie alleen is daar die merkwaardigheid dat soveel jare sonder AVB nie vir u en kameraad Sisulu kon ontmoedig nie: dis alte duidelik dat daar in onse tronke elder statesman gekweek word, en onse land het so 'n effense tekort aan dié kommoditeit. Boonop, seg Moeder, lyk die twee van julle met die wyse ou gryskoppe tog so cuddly, soos twee wollige soft-toys. As ons leiers meer tyd in die tronk wou deurgebring, sou hulle dalk ook sulke mooi maanhare gehad het.

Oswald het in die komkommerbedding neergeslaan, die man is gedaan en elke ruit in die buurt is flenters. Moet hom net gaan lawe voordat sy nuwe swart, groen en geel vlegseltjie vuilsmeer.

Dink maar intussen aan Egbertus, hy skryf nie om dowe neute nie, weet u? Laat tog maar so 'n ou deeltjie van die redistribution of wealth dié kant toe kom, dalk maak dit 'n moeilike lewe meer draaglik. Of is dit nou 'n redistribution van armoede?

Daar spring Oswald nou net op en begin frantically met 'n hamer en sekel die radyse inspit, daar's geen einde aan die man se skeppende drange nie, these are indeed heady times.

Vaarwel, kameraad, ofte wel bye for now. Moet asseblief nie huiwer om by Egbertus aan te klop as die politiek druk nie, ek handhaaf 'n open door policy, soos Madam de Klerk se man, vir wie u blykbaar al ontmoet het. Veranderlike kêrel, hou hom maar goed dop.

Met vreugde

Klaagvoort

## Verslete toer

Moeder is geestelik uitgeput. Seg sy dis as gevolg van die weerstand teen haar moontlike uitsluiting in die Springbok-krieketspan. Dis waarom sy nie te waffers vaar die afgelope ruk nie. Seg Moeder sy het besluit om haarself eenvoudig nie beskikbaar te stel nie. In elk geval kan sy 'n groter bydrae lewer as sy vir die Engelse sou speel, foei tog die empire kry op alle fronte wind van voor. Die arme krieket-toer lyk maar gehawend en verslete, wat van hom oor is, sal skaars 'n siel na die velde lok. Nog 'n oorwinning vir die regdenkende andersdenkende. Of andersom, welke van die twee eerste mag wees.

## Minderheidskoeksisters

Vrinde, moet tog nie dink dat dit maklik is om in die omgewing van die Koeksistersgilde my dae te slyt nie. Daar word van oggend tot aand debat gevoer oor die opheffende hoedanighede van die koeksister, die koeksister as nasionale simbool, as politiesbindende faktor, en wat dies meer sy. Bewandel die koeksister die moral high ground? Is koeksisters inherent demokraties? En indien wel, is die groot vraag of alle koeksisters 'n gelyke stem behoort te hê.

Toe Ted Koppel van die ABC Network vir Madam de Klerk kom interview het, was dit 'n hele gedoente. Eers was die klank so dof, asof die man binne-in 'n goewermentsbrood sit en praat, maar dit was maar net die haarstyl wat die klank so gedemp het. Toe bars dit los en vra of daar 'n universele en gelyke stemreg gaan wees, en of daar dalk in die gilde 'n swart meerderheidsregering kan wees. Madam het gehiernatoe en gedaarnatoe, dis nie myne nie, dis nie joune nie, tot die stomme siel nie wis waar hy is nie. En toe kom sy met die wonderbaarlike antwoord: die regeringskommissie sal besluit oor die beskerming van minderheidskoeksisters, insluitende dié wat 'n bietjie underdone is. Madam de Klerk het tog so 'n gawe met dié dinge.

## Hanswelpie

Miesies Klaagvoort het 'n koeksister-obsessie, en wie kan haar dit verkwalik? Het sy dan nie haar lewe gewy aan die regte van minderhede nie, koeksisters ingesluit? Maar die heersende kwelling is 'n kwessie van protokol: Kan Vader Mandela asseblief tog vir die palefaces sê hoe ons ons moet gedra in die nuwe Zuid-Afrika? Waar vind 'n mens die plek, en as jy hom gevind het, wat staan jou te doene?

Miesies K wil net koeksisters aanbied, dis tog so bybels, amper, seg sy. En is dit nie beter protokol nie as om die nuwe staatshoof van hoogverraad aan te kla? Egbertus wonder wie van Doktor Treurmaere en Vader Mandela is die grootste patriot. Een ding is seker: na 'n leeftyd van onderdruktheid, en toe van ontbering in die tronk, is oupa Nelson vol versoening, en soek jy tevergeefs na 'n sweempie bitterheid. Maar skaars is hy vry, of die verbeeldinglose hanswelpie van die Noorde trek sy bitterbek nog skewer en spoeg gal na al wat wil gryp. 'n Tipiese bedorwe wit kind wat nou sy speelding moet deel. Red 'n nasie.

## Riskante Broeder

Moeder sit vasgenael voor die TV. Seg sy sy wag op die gereelde Broeder Heyns-slot, is dit dan nie 'n vervolgverhaal nie? Soos destyds se fotocomics, was daar dan nie altyd 'n dominee wat die held was nie, of was dit 'n polisie-brigadier? Die geheue is ook nie wat dit tagtig jaar gelede was nie, toe Moeder nog jonk was.

Seg Moeder die gereelde hoekie vir Broeders op TV prikkel haar te vreeslik, sy's veral op hol oor die Broeder se jongste politieke uitsprake. Seg die siel die kerk moet nie betrokke raak by die politiek nie (want dan sou hy dalk die groepsgebiede en die bevolkingsregister moes kritiseer, wie weet?) Seg hy ook elke tweede ding waaraan jy kan dink, is riskant. Madam se man se lucid politieke interval is riskant. Koeksisters is riskant, veral natuurlik vir Broeders. En sappigste van alles, die hele gedoente op die politieke front is vir soveel Afrikaners 'n "afskuwelike nagmerrie".

Seg Moeder dit laat haar byval dat sy haar poeiers moet neem, netnou kom spook die Broeder nog in haar slaap ook, het hy dan nie contacts nie?

# Almal nie gelukkig oor die Koran in strokiesvorm nie

**Charlotte de Saint-Albans**

PARYS - Die Koran in strokiesvorm? Dit is genoeg om enige uitgewer nagmerries te gee, veral met die Rushdie-affêre nog vars in die geheue.

Maar Yussuf Seddik, 'n filosofie-onderwyser van Tunisië, het die Koran in strokiesvorm verwerk en hy hoop om sodoende dié heilige boek van Islam meer toeganklik vir die jeug te maak.

Die probleem is egter dat dié godsdiens die uitbeelding van enige lewende wese - insluitende die profeet Mohammed - verbied, en dié strokiesboek het reeds kritiek uit die Islamitiese establishment uitgelok.


Seddik sê hy het die werk, "Tell Me About The Koran", wat uit sewe volumes bestaan, as gevolg van sy "diep geloof" geskep en hy verwerp alle kritiek.

"Die oogmerk met die werk is om jongmense in staat te stel om die Koran deur middel van prentjies te leer ken. Die boek is veral vir diegene wat nie die Koran se taal verstaan óf Arabies kan praat nie," sê Seddik.

Franse en Arabiese weergawes van Seddik se strokieskoran is gepubliseer, en hy is besig om aan 'n Engelse-, Turkse- en Swahili-weergawe te werk.

"Soos alle jong Moslems het ek die Koran uit my kop uit geleer sonder om dit te verstaan," sê hy. "Om te leer sonder om te verstaan is verskriklik."

Om dinge verder te vereenvoudig is sy boeke nie chronologies nie, maar verduidelik die lewens van die profete volgens 'n tematiese raamwerk.



Yussuf Seddik en sy strokieskoran (Foto: AFP)

Mohammed Fawsi Faidallah, voorsitter van die Universiteit van Koeweit se komitee van godsdienswette, het 'n beroep op alle Moslemstate en hul ambassades gedoen om dié boek te verbied. Volgens hom is die boeke godslasterlik.

Die Organisasie van die Islamitiese Konferensie het die boeke beskryf as 'n "dwaalleer wat Islam beskadig".

Seddik sê egter dat hy godsdienstige leiers geraadpleeg het voordat hy aan die boeke begin werk het. Hy het ook 'n beroep gedoen "op alle teoloë, studente van Islam, owerhede en almal wat Islam as hul geestelike tuiste beskou" om die doodsvonnis van Salman Rushdie te verwerp.

* Intussen het 'n jong elektrisiën van Algerië 'n "Koran-horlosie" ontwerp.

Die gedagte met die horlosie is om Moslems van oor die hele wêreld te herinner om hul vyf daaglikse gebede op te sê. Die horlosie word gestel volgens die lengte- en breedtegrade van die plek waar die draer van die horlosie homself bevind, en 'n sintetiese stem van 'n muezzin herinner die persoon daaraan om te bid.

"Daar is 'n biljoen Moslems in die wêreld, die mark is dus groot," sê Albert Gaiffier, die man aan die hoof van die vervaardiging van die horlosies. - AFP

# KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê soos Wessel Pretorius: "die mens betree aanstons 'n nuwe era..."

Die Bleskoppe teen Apartheid sê gryskoppe tel ook punte

Miskien was dit maar net intrigue. Of miskien dat jy vir my in die bed geflip het, Flippie.
Boonop (if you'll pardon the pun) was ons interaction by Delfini Dinsdagaand weer eens (en vir die finale keer) 'n helse flop, Flip.
Maar dankie in elk geval vir die heerlike Griekse kos

## WERK

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria.
Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English.
Please phone Jenny (011) 339-2392

## WOONPLEK

Huis te deel in Kensington, Johannesburg. Ruim, ou gerestoureerde huis met tuin, bel Jeanet by 614-8093 (h)

**Gratis akkomodasie vir dame.**
Sakeman, veertigs, wewenaar, moeg van alleen bly. Bied gratis akkomodasie in groot huis/ tuin/swembad/voltydse huishulp Northcliff-gebied aan jongerige, onverbonde, aantreklike, moderne, totaal ombekrompe dame (moontlik met klein kind) wat ook 'n onbeperkte, bevredigende, "totale" verhouding begeer. Skryf aan Die Adverteerder, Posbus 1849, Northcliff 2115

Professionele "mixed couple" soek een of tweeslaapkamer-woonstel/huis vanaf 1 Maart. Maksimum R600 per maand. Skakel 633-2465 (w) of 648-2900 (h)

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkomodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/ 6 kantoorure of 837-1358 na ure

Gesoek: Soveel mense moontlik om so goedkoop moontlik te bly. Groot woonstel in Pretoria-Sentraal. Offer privaatheid op vir kontant in die sak. Verkieslik werkende persoon. Skakel Charles (012) 341-1170 uitbr 2180 (w) of 322-0478 (h)

## DIENSTE

Yoga stretch sessions. Active birth preparation sessions. Phone Meloma at (021) 478517

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tution available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

***TAROT readings***
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

**Dienspligadviesdiens.**
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

**Spesiale Aanbod:**
Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel.
Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55.
Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

***Visual Art courses***
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults.
Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

Woensdag 21 February - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "Hands That Picked Cotton" (civil rights for blacks in the rural South). Almal welkom

Die ***Johannesburgse Samye Zong*** verwelkom Arya Akong Rinpoche van Skotland. Rinpoche is die beskermheer van die Boeddhistiese gemeenskap in Suid-Afrika. Hy gaan 'n reeks lesings oor meditasie-metodes by die Teosofiese Vereniging, Streatlylaan 31, Auclandpark, aanbied: 15 en 16 Februarie om 8vm, 17 Februarie van 9vm tot 5nm, 18 Februarie van 9vm tot 12 nm. Vrydag 17 Februarie vanaf 9vm tot 5nm word 'n terapiekursus vir mediese praktisyne, terapeute en genesers by die Bobolink-kliniek, Sandhurst, aangebied. Vir verdere besonderhede skakel Hugh by 463-1484 (na ure) of Bronwyn by 782-2335

The USSR Today
A personal account by R Goode and A Odendaal 22 February 1990 8pm. UCT Education LT1. A Cape Democrats public lecture. All welcome

***ANC ontban. Mandela vrygelaat - Hoe reageer ons as wit demokrate?***
Jodac nooi alle belangstellendes om deel te neem aan 'n gesprek oor die huidige klimaat en oor hoe die stryd onder die omstandighede voortgesit kan word. Die vergadering sal belangstellendes ook inlig oor huidige inisiatiewe en hoe hulle daarby betrokke kan raak. Die vergadering vind plaas op Dinsdag 20 Februarie om 5:15 vir 5:50 - 7:00 nm by die Sanctuary, Oos-Kampus, Wits

## MARK


Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**


**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..................
Adres: ..................
..................
.................. Poskode: ..........
Telefoon: ..................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

# Onafhanklikheid maak nog deure oop vir Namibia

Helge Schütz

WINDHOEK - Namibia staan op die vooraand van toetrede tot die wêreldgemeenskap en veral op sportgebied word daar hoë verwagtinge gekoester. 'n Sportfees soos min word vir die uitgehongerde geesdriftiges in die vooruitsig gestel.

Swapo se adjunk-minister van sport, Buddy Wentworth, het dit onlangs duidelik gestel dat toetrede tot die internasionale arena slegs bewerkstellig kan word as alle sportbande met Suid-Afrika verbreek word.

Elke sportsoort moet ook 'n enkele, nie-rassige beheerliggam vorm wat verteenwoordigend is van die hele gemeenskap.

Die meeste sportsoorte het reeds alle bande met Suid-Afrika verbreek en eenheidsamesprekinge in 'n gees van versoening het reeds ver gevorder.

Krieket het die bal aan die rol gesit toe die Namibiese Krieketunie met Louis van Rensburg as voorsitter in Augustus verlede jaar gestig is.

Die unie het toe 'n vyfjaar-plan van stapel laat loop waarvan die einddoelwit deelname aan die Internasionale Krieketkonferensie se toernooi vir halflede in 1994 is.

Die Krieketunie wil die sportsoort op alle vlakke bevorder en as deel hiervan is 'n landwye minikrieket-program begin.

Die NKU het ook dadelik internasionale bande aangeknoop en twee suksesvolle toere na Botswana, een deur die nasionale span en een deur die nasionale skolespan, het reeds plaasgevind.

'n Toer na Zimbabwe word ook beplan en na verwagting sal Botswana se nasionale span Namibia later in die jaar besoek.

Die groot hoogtepunt is egter die beoogde Namibiese toer wat die Nederlandse nasionale span gaan onderneem. Dié toer sal van 12 tot 27 April duur.

Die gewese Engelse kaptein David Gower het volgens Van den Berg die begeerte uitgespreek om 'n toer na Namibia te onderneem. Indien daar genoegsame borgskappe gevind kan word, kan 'n toer deur 'n Engelse uitnodigingspan dalk nog vanjaar plaasvind.

Met ander sportsoorte gaan dit ook goed. Die Namibiese Amateur-Atletiekunie se aansoek om lidmaatskap van die Internasionale Amateur-Atletiekfederasie is eenparig aanvaar.

Vanjaar se hoogtepunte is die Wêreldbyeenkoms vir juniors in Bulgarye in Augustus en internasionale byeenkomste in Zimbabwe en Swaziland.

Angola se voorste sokkerspan, Petro Atletico, het reeds in September verlede jaar 'n toer na Windhoek onderneem en teen twee klubspanne, Sarusas Orlando Pirates en SWA Toyota Young Ones gespeel. Pirates besoek Luanda aan die einde van die maand.

In rugbykringe het sake aanvanklik nie so rooskleurig gelyk nie. Die Suidwes-Afrikaanse Rugbyunie het aangedring op voortgesette deelname aan Suid-Afrika se Curriebekerreeks, maar toe dit duidelik word dat die toekomstige regering dit nie sou toelaat nie, is alle bande met Suid-Afrika verbreek.

SWARU en die Namibiese Nasionale Rugbyunie het intussen met eenheidsamesprekinge begin wat waarskynlik dié naweek sal lei tot die stigting van 'n nuwe beheerliggaam, wat waarskynlik die Namibiese Rugbyunie sal heet.

SWARU se afrigter, Henning Snyman, het onlangs van die buiteland teruggekeer, waar hy samesprekings met beamptes van Frankryk en Brittanje gevoer het. Hy sê 'n hele paar toere word vir vanjaar in die vooruitsig gestel. Daarbenewens neem Namibia ook van 5 tot 12 Mei aan die reeks om die Afrikabeker in Zimbabwe deel.

Die onafhanklikheidsvieringe gaan ook groot opwinding oplewer. Verskeie lande het reeds te kenne gegee dat hulle aan die vieringe wil deelneem.

'n Loodskomitee is reeds gestig en hoewel die program nog nie gefinaliseer is nie, het Wentworth bevestig dat die feesvieringe, wat in verkeie sentra sal plaasvind, oor minstens 'n maand sal strek.

Hoewel sekere sportsoorte sal sukkel om gepaste teenstand te vind, lê die poorte na internasionale deelname nou oop.

Met deelname aan die Olimpiese Spele en rugby se reeks om die Wêreldbeker in die vooruitsig, kan 'n mens die groot opgewondenheid onder plaaslike sportlui verstaan.

'n Mens kan net hoop dat die politieke situasie in Suid-Afrika ook spoedig sodanig verander dat dié sterk sportland sy plek in wêreldsport kan inneem.



Gerhard Mans...een van die voorste kandidate om die eerste kaptein van Namibia se nasionale rugbyspan te word.

# Transvaal-rugby leer nie uit sy foute nie

Tinus Horn

**HRIS VAN COLLER se besluit m Louis Luyt as voorsitter van ie Transvaalse Rugbyunie teen staan, kan net voordele vir dié nie inhou - al lyk dit na 'n uitgeaakte saak dat Luyt in sy amp erkies gaan word wanneer ransvaal later vandeesmaand sy arvergadering hou.**

**Dit is 'n bekende feit dat daar an demokrasie in Transvaal se ugby min sprake is. Net soos sy oorganger, Jannie le Roux, reeer Luyt met 'n ysterhand en geen eenstand word geduld nie.**

**Dat Van Coller, Luyt se adnk, die moed het om openlik apsie te maak teen dit wat hy as anbestuur sien, selfs al kos dit om bes moontlik sy plek in die estuur van die TRVU, is 'n posiewe teken.**

**Luyt se magsbasis is nie meer stewig soos vroeër nie en dit kan om dalk dwing om die res van die estuur 'n groter sê in die besluitemingsproses te gee.**

**Van Coller meen dat Luyt se utokratiese optrede die beeld van Transvaal se rugby groot skade aandoen en boonop die spelers van die bestuur vervreem.**

**Dit is ongelukkig ook so dat Van Coller in sy eie klub, Roodepoort, nie werklik bekend is as 'n beampte wat hom veel aan die spelers se griewe steur nie.**

**Twee jaar gelede het hy homself baie ongewild gemaak deurdat hy by die klub se prysuitdeling beswaar gemaak teen die beoordelaars se keuses vir sekere toekennings. Van die betrokke spelers was erg omgekrap en wou die klub verlaat.**

**Van Coller en Luyt was in dieselfde jaar by 'n voorval betrokke waar die kaptein, Jannie Breedt, verneem het dat die topbestuur nie met sy spel of kapteinskap tevrede was nie.**

**Toe Breedt hulle (Van Coller en Luyt) hiermee konfronteer, het hulle die skuld op mekaar probeer pak.**

**Dit wil lyk asof Transvaal maar net nie uit sy foute leer nie. Probleme in die top-struktuur word gewoonlik in 'n span se vertonings weerspieël. As daar 'n Curriebeker vir bestuur was, sou die Rooibontes hom ook nie kon wen nie.**



Louis Luyt

# Cullinan en Rushmere se groot kans

DIE Springbok-krieketspan vir die reeks dag-aandwedstryde wat vanaand op Centurionpark in Verwoerdburg begin en Sondag se eendagwedstryd in Durban, is duidelik met die oog op die toekoms gekies.

Dat Daryll Cullinan of Mark Rushmere Kepler Wessels se plek in die toporde sou inneem, was te wagte, maar die keurders se besluit om albei nader te roep is 'n teken dat hulle ons jong spelers aan internasionale mededinging wou blootstel.

Fanie de Villiers se insluiting is ook insiggewend.

Corrie van Zyl, wat meer ervare en beter toegerus is vir eendagwedstryde omdat hy met meer beheer boul (en boonop 'n bruikbare kolwer is) is oor die hoof gesien omdat De Villiers se groter vuur van hom 'n beter belegging vir die toekoms maak.

En die jonges gaan goeie rekenskap van hulself gee. Veral Rushmere se insluiting moet Gatting-hulle effens kriewelrig laat voel; hy het immers in twee beurte teen die toerspan 301 lopies geslaan sonder om sy paaltjie te verloor.

Clive Rice is net om een rede gekies: as die keurders hom oor die hoof gesien het, sou daar geen verdere twyfel kon bestaan dat hy bygekom is oor sy uitgesprokenheid nie.

Hy versterk die span aansienlik en het die vermoë om die toerspan eiehandig te kelder.

Die Springbokke moet as die oorweldigende gunstelinge beskou word, maar eendagkriekiet is selfs minder voorspelbaar as die tradisionele drie- of vyfdaagse wedstryde.

(Die plaaslike reekse is 'n duidelike voorbeeld hiervan: Natal, wat laaste in die Curriebekerreeks geëindig het, is nog onoorwonne in Benson & Hedges se aandreeks en onstuitbaar op pad na die eindstryd).

Engeland vaar die afgelope paar jaar ook aansienlik beter in eendagwedstryde as in eersterangse kragmetings en Gatting-hulle is byna voor die voet gesoute eendagspelers.

Of hulle egter 'n teenvoeter vir die Bokke se kolfkrag het, is te betwyfel.

Die tuisspan se grootste troefkaart is Adrian Kuiper, wat op sy verwoestende beste vir geen kolwer ter wêreld hoef terug te staan nie.

Met Rice en die ewe aggressiewe Trevor Madsen om Kuiper in die middelorde by te staan, kan dit die rebelle dalk loon om die Bokke se topkolwers so lank as moontlik voor die penne te hou.

Bl 23: Transvaal-rugby moet uit sy foute leer

# Rebelle-tydvak stellig verby

**Berigte deur Tinus Horn**

DIE besoek van Mike Gatting se Engelse rebelle-krieketspan na Suid-Afrika het onteenseglik bewys dat die nut van dié soort onderneming nou finaal uitgedien is.

Selfs al sou dit politieke sin gemaak het - en die mense wat weet sê dat dit nie die geval is nie - was die toer uit 'n krieketoogpunt tot dusver 'n groot mislukking, omdat dit vanuit die staanspoor duidelik was dat die toerspan nie werklik van wêreldgehalte is nie.

Dié span was die groot bohaai nie werd nie en die enigste ligpunt vir Suid-Afrikaanse krieket was die feit dat daar weer 'n Springbokspan gekies kon word.

Dit het as groot aansporing vir ons jong spelers gedien en manne soos Dave Rundle, Daryll Cullinan, Mark Rushmere, Richard Snell en Fanie de Villiers het die erkenning gekry wat hulle verdien.

Met teenstand wat by die dag uit alle oorde opgelaai het, was dit gou duidelik dat die toer net met groot moeite enduit sou kon voortgaan. 'n Verkorte toerprogram lyk na 'n goeie middeweg.

Dit is nie juis hartseer dat die krieketpubliek nog 'n eensydige oorwinning vir die Bokke in die tweede toets gespaar is nie; oor vyf dae sou Gatting hulle nooit teen Suid-Afrika opgewasse gewees het nie.

Dag-aandwedstryde is nie altyd 'n goeie maatstaf vir twee spanne se vermoëns nie en die Engelse kan dalk hier beter rekenskap van hulself gee.

Agt jaar gelede, toe Graham Gooch se Engelse span hier kom toer het, was krieket-geesdriftiges so uitgehonger vir internasionale mededinging dat selfs 'n middelmatige spulletjie groot geesdrif kon ontlok.

Die twee toere deur Lawrence Rowe se Wes-Indiese rebellespan was werklik 'n belangrike sportgebeurtenis, omdat geen amptelike span van dié eilande ooit hier toegelaat is nie.

(Dis nou byna ondenkbaar dat die wêreld se sterkste krieketland in 'n stadium onwelkom was omdat internasionale mededinging melkwit moes bly. Wat sou ons nie nou wou gee vir 'n amptelike Wes-Indiese span nie? Dis nog moeiliker om te verstaan hoe Nieu-Seeland se rugbybase kon instem om sonder die Maoris in hul geledere hier te kom toer, net om die SA regering te paai).

Wes-Indië het soveel diepte dat hul "tweede span" goed genoeg was om die Bokke 'n paar goeie loesings toe te dien. Rowe-hulle was dalk nie so sterk soos die amptelike Wes-Indiese toetsspan nie, maar sou beslis goeie rekenskap van hulself teen enige ander krieketland kon gee.

Kim Hughes het ook 'n sterk Australiese span hierheen gebring (lede van die Australiese pers het gemeen dat die amptelike span veel swakker was).

Nogtans was Suid-Afrika se toetsoorwinnings nie so soet as wat 'n mens sou verwag nie en die nederlae veel moeiliker om te sluk as gewoonlik.

Die hele idee van internasionale mededinging is immers om een land teen 'n ander op te weeg en só 'n vergelyking is tog nie ter sprake as die een se uitsoek-elftal teen 'n ander se naasbestes - of net 'n halwe toetsspan - moet speel nie.

Hoewel die krieketpubliek dié reekse goed ondersteun het, het die belangstelling aan die einde van die tweede toer begin kwyn en die Suid-Afrikaanse krieketbase het wyslik besluit om vir eers halt te roep.

Dit blyk nou dat die twee jaar wat intussen verloop het, glad nie lank genoeg was nie; veral die plaaslike eendagreekse het dié seisoen baie meer belangstelling gaande gemaak as die toer. (Protes teen die toer het waarskynlik veel meer dekking in die media gekry as die krieket).

Atletiek en rugby het albei wel by rebelletoere gebaat.

Nadat die sportboikot ingestel is, het belangstelling in atletiek erg afgeneem en in die jare tagtig was supersterre soos Johan Fourie en Zola Budd dié sportsoort se enigste redding.

Toe Budd besluit om eerder in Engeland te gaan deelneem, het toeskouertalle dramaties afgeneem en om dié probleem te vererger is Fourie se loopbaan deur beserings geknou.

Twee besoeke deur 'n Amerikaanse span verlede jaar en vanjaar het gewys hoe graag die publiek wil sien hoe ons teen die wêreld se bestes opweeg; hoewel daar nie vir twee van ons voorste atlete, Myrtle Bothma en Evette de Klerk voorsiening gemaak is in die "toetse" nie, het die skare by 'n byeenkoms in die Pilditch-stadion alle vorige bywoningsyfers oortref.

'n Groot bonus was die briljante spiesgooier en voormalige wêreldrekord-houer, Tom Petranof, se besluit om hom hier te kom vestig.

Hy het vanjaar reeds sy vorige beste afstand in dié nommer oortref en kan dalk spoedig aan Suid-Afrika 'n wêreldrekord besorg.

Die jongste verwikkelinge aan die politieke front het die hoop laat opvlam dat Suid-Afrika dalk gouer weer aan die Olimpiese Spele sal deelneem as wat die meeste sportgeesdriftiges ooit sou kon droom.

Van agterna beskou was die rugbytoer deur die Nieu-Seelandse Kavaliers van 1986 die grootste sportgebeurtenis van die rebelle-tydvak.

Op John Kirwan na het die toerspan van Andy Dalton al Nieu-Seeland se voorste spelers ingesluit en die reeksoorwinning met 3-1 het Suid-Afrika se posisie as een van die twee voorste rugbylande ter wêreld bevestig.

Op grond hiervan sou 'n mens met reg kon sê dat die oorwinning wat Nieu-Seeland in 1987 in die eerste rugbyreeks om die wêreldbeker behaal het, van heelwat glorie ontneem is deur Suid-Afrika se afwesigheid.

Die Springbokke wat in daardie jaar van hul beste rugby gespeel het, is steeds effens bitter omdat die hele Australiese wêreldbeker-span gereed was om hier te kom toer, maar op die laaste nippertjie in kennis gestel is dat hulle moet bly waar hulle is.

Dié toer is glad nie om politieke redes afgelas nie, maar wel omdat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad bang was dat dit sy plek in die Internasionale Rugbyraad in die gedrang sou bring.

# Hanigan's Dad sou Tyson laat wen het

**"'McFUNN'S the winner,' said Hanigan's Dad, pointing to the motionless figure on the canvas."**

**Só begin 'n kortverhaal deur Spike Milligan oor 'n boks-skeidsregter wat die gewoonte gehad het om besope in die kryt te klim en dan met ongewone beslissings vorendag te kom.**

**'n Mens sou nogal kon dink dat Hanigan's Dad simpatie sou gehad het met Mike Tyson, die "onoorwinlike" swaargewig wat vandeesweek onverwags deur James Douglas (wie's hy?) uitgeslaan is.**

**Dat mense wat op die oog af heeltemal nugter was, probeer het om sy uitklop-nederlaag nietig te laat verklaar, gaan egter die verstand te bowe.**

**Drank is nie Don King (Tyson se bestuurder en een van die groot geeste van wêreldboks) en sy trawante se probleem nie; dis geld wat hul oordeel so vertroebel.**

**Tyson, wat voor sy geveg teen Douglas onoorwonne was in 37 gevegte, se nederlaag was 'n groot terugslag vir boks se geldbase; hy het kleur verleen aan 'n gewigafdeling wat ná Mohammad Ali geen noemenswaardige helde kon oplewer nie.**

**Wie onthou werklik nog vir Tim Witherspoon, John Tate, Mike Weaver, Greg Page, Gerrie Coetzee of enigeen van die horde ander middelmatige boksers wat in die jare tagtig die wêreldkroon gedra het?**

**Selfs Larry Holmes, wat 'n uitstekende kampioen was, het min belangstelling by die bokspubliek gaande gemaak. Buite die kryt was hy maar vaal en oninteressant.**

**Tyson was sedert sy opspraakwekkende opgang drie jaar gelede, toe hy maar 20 jaar oud was en van nêrens gekom het om die titel in te palm, gedurig in die nuus.**

**As hy nie die een teenstander na die ander in die kryt verpletter het nie, was dit sy gewese vrou, die aktrise Robyn Givens, wat moes deurloop. (Mense hou mos maar van seedy stories. Tyson kon dié byna weekliks verskaf).**

**En nou het hy verloor.**

**King-hulle se argument dat Tyson eintlik gewen het, omdat die skeidsregter te laat begin tel het nadat Douglas in die agtste ronde op die krytvloer beland het, is onsin.**

**Enigeen wat al in die kryt platgeslaan is, weet dat dit dwaas is om dadelik op te staan; die agt verpligte tellings moet gebruik word om jou kragte te herwin.**

**Het die skeidsregter wel vroeër begin tel, het Douglas stellig vroeër opgestaan.**


**Ons het natuurlik ons eie, soortgelyke klein sage by Sun City gesien toe Coetzee in die agtste ronde van 'n titelgeveg deur Page uitgeslaan is. Daar was 'n groot bohaai omdat die uitklophou geplant is lank nadat die klok vir die einde van die ronde moes lui.**

**By daardie geleentheid het dit die boksbase nie gepas om oor dié klein tegniese puntjie te kibbel nie. As Suid-Afrikaner was Coetzee 'n verleentheid vir die Wêreld-Boksvereniging en hoe vinniger hulle van hom kon ontslae raak, hoe beter (wat hul motivering ookal was, moet 'n mens toegee dat hulle gelyk gehad het. Soos Douglas het Page verdien om te wen).**

**Selfs al sou Tyson nou in 'n herontmoeting met Douglas afreken, wat waarskynlik is, is die klad op sy vertoningslys onuitwisbaar, en die aura van onoorwinlikheid vir goed verlore.**

**Tyson is nie meer Superman nie. En wie stel nou eintlik belang in gewone sterflinge?**

## Dié kêrel dink hy's 'n wenner




**"Mighty" Mike Tyson lyk hier effens minder gevaarlik as gewoonlik. Hy het hom nie deur sy uitklop-nederlaag teen James Douglas van stryk laat bring nie en na afloop, van die geveg gesê hy beskou homself steeds as kampioen**

DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

16 Februarie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

**8-BLAD MANDELA-BYLAE**



## LAWYERS FOR HUMAN RIGHTS

NATIONAL DIRECTORATE

***Die vrylating van Nelson Mandela simboliseer die begin van die einde van geweld, onderdrukking, uitbuiting, rassisme en ongeregtigheid in Suid-Afrika.***

***Dit is 'n oorwinning vir menseregte. Ons is verheug.***

*Nasionale Direktoraat*

*REGSLUI VIR MENSEREGTE*

## BLACK SASH

welcomes
Nelson Mandela
and
peace
in
South Africa

## SASJ

**Suider-Afrikaanse Genootskap van Joernaliste**

***JOERNALISTE sê WELKOM TUIS NELSON MANDELA***

Die SASJ vier u terugkeer na die mense van ons land en wens u en u gesin seën toe na die lang jare van u verwydering in aanhouding. Ons wens u ook gesondheid en sterkte toe vir die eise wat ons land en die wêreld aan u gaan stel.

Ons eis al jare lank u onvoorwaardelike vrylating asook dié van alle politieke gevangenes en aangehoudenes. As 'n demokratiese, nie-rassige vakbond van joernaliste eis ons ook voortdurend die instelling van 'n vrye en ongebonde pers in ons land.

U vrylating lei 'n belangrike fase in die stryd vir politieke, sosiale en ekonomiese demokrasie in. In die komende maande, wat hopelik tot onderhandeling sal lei, is dit noodsaaklik dat die mense van ons land breedvoerig ingelig word deur betroubare beriggewing om gestand te doen aan hulle demokratiese reg op 'n vrye pers.

Verouderde en negatiewe houdings teenoor die media moet hervorm word sodat die media sy taak kan vervul in die vrymaking van land en 'n hoeksteen kan word in 'n toekomstige demokratiese bestel.

# 'n Bevryding vir almal

Vryheid vir Nelson Mandela beteken vryheid vir alle Suid-Afrikaners. Ons kan begin met die stadige beweging na versoening en begrip.

Vryheid is 'n uitdaging vir almal van ons. In besonder is die uitdaging wat witmense in die gesig staar om ag te slaan op Mandela se oproep en op die herhaalde oproepe vanuit Lusaka om met die meerderheid saam te werk om 'n nuwe nasie en 'n gemeenskaplike toekoms te bou.

Die uitleef van nie-rassigheid van die ANC is 'n trotse werklikheid. Die aanvaarding van enigiemand wat teen apartheidsonderdrukking stry, is oorweldigend.

Mandela en die leierskap in Lusaka het gesê hulle is bewus van en sal die belange van witmense aanspreek. Negatiewe vrees oor die toekoms sal ons net onbeweeglik maak. Ons moet aktief te werk gaan om die rol van wittes in nie-rassige en demokratiese ontwikkeling uit te brei. Ons kan almal deel word en tot só 'n toekoms bydra.

Die toekoms van Suid-Afrika moenie in die hande van gepolariseerde protagoniste gelaat word nie. Wit Suid-Afrikaners moet die ANC positief benader en deel van die veranderingsproses word.

Solank as wat apartheid die grondslag vir regering en die grondwet in ons land vorm, is daar 'n behoefte vir mense om aan die stryd vir demokrasie deel te neem.

Ons is almal deel van Afrika. Afrika is ons liefde. Ons het nou die geleentheid om saam te werk en ons land op te bou. Laat ons almal saamwerk om 'n ware nie-rassige demokrasie daar te stel.

Ons hou aan met die strewe vir die vyf vryhede:
Vryheid van assosiasie en gewete
Vryheid van gebrek
Vryheid van vrees
Vryheid van spraak
Vryheid van diskriminasie

**FIVE FREEDOMS FORUM**








Foto: Anna Zieminski, Afrapix. Voorbladfoto: Paul Weinberg, Afrapix



'n Veiligheidswag bespied die omgewing terwyl Nelson Mandela 'n skare van meer as 200 000 Dinsdagmiddag by Soccer City toespreek

*Foto: Gill de Vlieg, Afrapix*

"Ek kan nie my gevoelens beskryf nie. Ek sal slegs rasionaliseer as ek sê ek kan my gevoelens beskryf. Dit het my asem weggeslaan. My eerste indrukke is van 'n totale ander Suid-Afrika. Ek was verbaas oor die groot aantal blankes langs die roete van die Paarl na Kaapstad.

Ek sal terugkeer na my geboorteplek. Dit is reg vir my om my geboorteplek te besoek. Daar is sekere plegtighede wat ek nog nie uitgevoer het nie. Om daardie rede wil ek terugkeer.

Ek sien uit daarna om die klein klippies te sien waarmee ek as 'n kind gespeel het en die riviere waarin ek geswem het. Maar my huis is in Johannesburg waar ek gestasioneer is.

Ondanks die moeilike tyd wat ons in die tronk gehad het, het ons ook die geleentheid gehad om oor ons probleme na te dink. 'n Mens raak gewoond aan jou omstandighede. Daar was diegene wat baie goed vir ons was omdat hulle ons doelwitte verstaan en uit hulle pad gegaan het om ons omstandighede so gemaklik moontlik te maak. Dit het enige bitterheid uitgewis.

Die ANC is baie bekommerd oor die kwessie van wit vrese vir swart oorheersing. Die ANC sal die probleem aanspreek en 'n oplossing vind wat beide wit en swart tevrede sal stel.

Ek is daarvan oortuig dat indien mnr De Klerk die Nasionale Party met hom saam kan dra, sal die struikelblokke in die pad van onderhandeling uit die weg geruim wees.

As blankes wil hê ons moet wegbeweeg van 'n atmosfeer van konfrontasie en konflik, moet hulle die regering ondersteun in sy pogings om 'n vreedsame skikking te bereik.

Ek wil nie uitbrei op die kwessie van waarborge vir blankes in 'n nuwe grondwet nie. Maar dit is 'n saak wat as baie belangrik deur die ANC beskou word."




Skares het Sondagoggend vroegoggend voor die Victor Verster-gevangenis saamgedrom om Mandela se eerste tree na vryheid te aanskou

*Foto: Benny Gool*

“Ek het dit in 1964 gestel dat ek en die ANC net so gekant is teen swart oorheersing as teen wit oorheersing. Maar ons moet aanvaar dat ons verklarings en stellings nie genoegsaam sal wees om die vrese van wit Suid-Afrikaners te besweer nie. Ons sal ons goeie trou duidelik aan ons wit landgenote moet demonstreer en deur ons optrede en argumente oortuig dat 'n Suid-Afrika sonder apartheid 'n beter tuiste vir ons almal sal wees.

'n Nuwe Suid-Afrika moet die rassehaat en agterdog uitskakel wat deur apartheid veroorsaak is en waarborge van vrede, veiligheid en voorspoed aan alle burgers gee.

Mnr De Klerk is 'n buigsame mens en 'n man van integriteit. Die voordeel daarvan om saam te werk met 'n buigsame man van integriteit en wat weet wat aangaan, is dat die moontlikheid van 'n skikking altyd daar is.

Daar is nie konflik tussen my verbintenis aan vrede en my oproep vir die voortsetting van die gewapende stryd nie. Ek het myself tot vrede in die land verbind, maar dit was nog altyd deel van die ANC se program. Daar is geen politieke organisasie binne of buite die parlement wat vergelyk kan word met die ANC se totale verbintenis tot vrede nie. Die gewapende stryd is slegs 'n verdedigingsaksie teen die geweld van apartheid. Indien die regering die ANC die geleentheid bied, sal die ANC 'n positiewe bydrae tot vrede in die land maak.

Ons is ontsteld dat daar sekere elemente is onder diegene wat voorgee om die bevrydingstryd te steun, wat geweld teen ons mense gebruik. Die skaak en uitbrand van voertuie en die lastig val van onskuldige mense is kriminele dade wat geen plek in ons stryd het nie.

My uitsprake (oor ekonomiese beleid) stem ooreen met dié van die ANC. Die kwessie van die nasionalisering van die myne is 'n fundamentele beleidspunt van die ANC. Ek dink die ANC is reg en ons moet dit ondersteun.”



Sy eerste oggend as 'n vry man het Nelson Mandela saam met familie en vriende by Bishopscourt deurgebring. By hom is Winnie Mandela

Foto: Dana le Roux, Reuter



Mandela omring deur eregaste by sy verwelkomingsaamtrek by Soccer City Dinsdagmiddag. Vlnr is George Bizos en Arthur Chaskelson, advokate vir die verdediging tydens die Rivonia-verhoor, Kathy Kathrada, Winnie Mandela, Walter Sisulu and Andrew Mlangeni

Foto: Gill de Vlieg, Afrapix

INYANDZA NASIONALE BEWEGING

## WELKOM TUIS KAMERAAD!

*Die President, Enos J Mabuza, die Uitvoerende Bestuur en lede van die Inyandza Nasionale Beweging verwelkom die onvoorwaardelike vrylating van ons leier en kameraad*

*Nelson Mandela.*

*Ons salueer die moed en sterkte waarmee hy sy lang jare in die tronk uitgehou en die opofferings wat hy gemaak het in die stryd vir 'n verenigde, nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika.*

*VIVA MANDELA*
*ALUTA CONTINUA!*

## IDASA

**Die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa) verwelkom die vrylating van dr Nelson Mandela.**

**Idasa glo dat ons nou 'n stap nader is aan die realisering van 'n droom: 'n werklike nie-rassige demokratiese Suid-Afrika.**

**Dr Mandela se moed en toewyding gedurende die 27 jaar van sy gevangenisskap was 'n inspirasie vir alle Suid-Afrikaners.**

**die bleskoppe teen apartheid**

**sê hulle is só bly Nelson is weer met ons, hulle gaan hom 'n erelid maak**

*WELCOME MANDELA*

*The Johannesburg Democratic Action Committee (Jodac) is overjoyed that Comrade Madiba has returned to our city.*
*He has stated that he will be a servant of the people of South Africa for the rest of his life.*
*His unshakeable commitment inspires all democrats.*
*He has moved us to redouble our efforts in the final surge towards a non-racial and democratic South Africa.*

*LONG LIVE MANDELA*
*LONG LIVE THE ANC*

## AFRICASOUTH BOOKS in Swaziland

*Die "Special" van die eeu!*
*Saam met almal in Suid-Afrika*
*vier ons die vrylating van*
MADIBA
NELSON ROLIHLAHLA MANDELA

THE STRUGGLE IS MY LIFE
*His speeches and writings brought together with historical documents and accounts of Mandela in prison by fellow-prisoners*

Gewone prys: R30
Nou: 20 persent afslag + R1 posgeld = R25

STUUR POSORDERS. INDIEN U MET 'N SUID-AFRIKAANSE TJEK BETAAL, VOEG R3.50 BY.

Beskikbaar in ons boekwinkel in die Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland. Skryf aan Robin Malan of Anne Salelwako, Posbus A456, Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland.
Tel: 45561

# Só he die wêreld dit gesien



**the NELSON MANDELA**
**INTERNATIONAL RECEPTION COMMITTEE**

**Die Internasionale Ontvangskomitee, namens sy begunstigers en 35 geaffilieerde Nasionale Ontvangskomitees, verwelkom Nelson Mandela, die leier van die African National Congress, hartlik met die geleentheid van sy vrylating. Ons salueer sy moed en integriteit wat alle teenstanders van apartheid deur die 27 lang jare van sy gevangenisskap begeester het. Ons is daarvan bewus dat sowel Nelson Mandela se vrylating as ander politieke gebeure die afgelope tyd die gevolg is van binnelandse en buitelandse druk, en ons ondersteun sy oproep dat dié druk voortgesit moet word totdat apartheid beëindig is.**

**Ons is diep besorg oor die pilare van apartheid wat steeds staan - ondanks die onlangse veranderinge. Daarom bevestig ons ons steun aan die mense van Suid-Afrika in hul stryd teen apartheid om sodoende 'n verenigde, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika te skep.**

**In 'n poging om 'n klimaat te help skep wat bevorderlik sal wees vir ware onderhandelings wat die einde van apartheid sal beteken, doen ons 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering om alle politieke gevangenes onmiddelik en onvoorwaardelik vry te laat, alle vorme van apartheidsonderdrukking te beëindig en alle maatreëls in te stel soos uiteengesit deur die Organisasie vir Eenheid in Afrika en die Verenigde Volke se Algemene Vergadering se Spesiale Afdeling oor Apartheid.**

Beskermpersone
* Aartsbiskop Trevor Huddleston - Sameroeper
* Hoofman Emeka Anyaoku - aangewese Sekretaris-Generaal van die Statebond
* Generaal Ibrahim Babangida - President van Nigerië
* Dr Willy Brandt - Vorige kanselier van die BDR
* Jimmy Carter - 39e president van Amerika
* Jerry Dammers - Britse musikant
* Miquel D'Escoto - Buitelandse minister van Nicaragua
* Kardinaal O'Fiaich - Aartsbiskop van Ierland en Armagh
* Malcolm Fraser - Vorige eerste minister van Australië
* Ruud Gullit - Europese sokkerspeler van die jaar, 1987 in Nederland
* Charles Haughey - Eerste minister van Ierland
* Bob Hawke - Eerste minister van Australië
* Dennis Healey - Vorige Arbeiderskanselier van Engeland
* Eerw Jesse Jackson - Stigter en president van die Rainbow Coalition van Amerika
* Dr Kenneth Kaunda - President van Zambië
* Michael Manley - Eerste minister van Jamaika
* Madame Danielle Mitterand - Danielle Mitterand-stigting van Frankryk
* Mwalimu Julius Nyerere - Vorige president van Tanzanië
* Me Lisbet Palme - Eerste vise-president van Unicef in Swede
* Cyril Ramaphosa - Sekretaris-generaal van National Union of Mineworkers en voorsitter van die Nasionale Verwelkomingskomitee in SA
* Sir Shridath Ramphal - Sekretaris-generaal van die Statebond
* Sy edele Salim Ahmed Salim - Sekretaris-Generaal van die Organisasie vir Eenheid in Afrika
* Walter Sisulu - Vorige Sekretaris-Generaal van die ANC
* Aartsbiskop Desmond Tutu - Aartsbiskop van Kaapstad, Suid-Afrika

# Aftreksels? Wat van 'n gogga is dit?

WAAROM skryf jy oor aftreksels, vra my vriend Jak met 'n verveelde gesig.

Aftreksels is wat die Engelse "stocks" noem. En goeie aftreksels is ongelukkig 'n baie vreemde ding in hierdie afgeleë landjie aan die suidpunt van Afrika wat nog nie altyd met die beskawing in aanraking gekom het nie.

Op politieke terrein breek stukkies beskawing die afgelope paar weke uit die oppervlak met Mandela wat nou al kan toesprake maak en die Nasionale Party wat besef hulle moet politieke toegewings maak of heeltemal bankrot speel.

Op restaurantgebied breek 'n bietjie beskawing ook hier en daar uit. Maar dit is tog ongelooflik dat sommige restaurante met hogere reputasies en baie hoë pryse glad nie aftreksels kook nie. As hulle wel aftreksels gebruik, koop hulle Knorr-blokkies en los dit in water op. Jeg!

Kommersiële aftreksels voldoen glad nie aan die definisie van aftreksels nie. Dis 'n blokkie sout met 'n kru vleissmaak en wie daarvan hogere cuisine wil kook, kook eenvoudig so laag soos die grond.

Ek verduidelik toe aan Jak dat goeie aftreksels die basis van goeie kos is.

Ek onthou die dag of twee wat ek in Etienne Bonthuys se kombuis in Buitenverwachting in Klein Constantia deurgebring het. Ek het hom gesien kalfsaftreksel kook.

Wat ek in die hotelskool geleer het, het baie minderwaardig gelyk vergeleke met wat hy gedoen het.

'n Groot groot klomp kalfsbene en stukkies kalfsvleis word in 'n makoeloe braaipan in 'n baie warm oond gedruk. Net-net voor die vleis begin brand word die pan uitgeruk, die bene geroer en dan terug gedruk in die oond.

Wanneer die bene en die stukkies vleis baie bruin is, word 'n paar groentes en 'n paar smaakmiddels saam met gellings en gellings water in 'n pot so groot soos 'n wasgoedmandjie gegooi en stadig gekook. Uiteindelik word sjerrie en miskien 'n bietjie brandewyn bygegooi.

Etienne se restaurant het geloop op 90 liters aftreksel 'n week. Uit aftreksel maak jy souse en sop en jy kan dit ook gebruik om ander kos in gaar te maak. Aartappels wat in mooi skywe gesny word en netjies in 'n bak gepak en in hoenderaftreksel gaargemaak word, is heerlik.

Etienne het in dié tyd 'n restaurateur wat vandag een van Kaapstad se top restaurante het, geleer om aftreksel te kook.

Waarom is aftreksels belangrik?

Kom ons luister wat sê Oubaas Escoffier, die Franse meester van die einde van die vorige eeu en vroeg hierdie eeu, oor aftreksels: "Indeed, stock is everything in cooking, at least French cooking. Without it, nothing can be done.

"If one's stock is good, what remains of the work is easy; if on the other hand it is bad or merely mediocre, it is quite hopeless to expect anything approaching a satisfactory result.

"The workman mindful of success, therefore, will naturally direct his attention to the faultless preparation of his stock and in order to achieve this result he will find it necessary not merely to make use of the freshest and finest goods but also to exercise the most scrupulous care in their preparation, for in cooking care is half the battle.

"Unfortunately no theories, no formulae and no recipes, however well written, can take the place of practical experience in the acquisition of a full knowledge concerning this part of the work - the most important, the most essential, and certainly the most difficult part.

"In the matter of stock it is above all necessary to have a sufficient quantity of the finest materials at one's disposal. The master or mistress of a house who stints in this respect thereby deliberately forfeits his or her right to make any remark whatsoever to the chef concerning his work, for let the talents or merits of the latter be what they may, they are crippled by insufficient or inferior material.

"It is just as absurd to expect excellent cooking from a chef whom one provides with defective or scanty goods as to hope to obtain wine from a bottled decoction of logwood."

Amen. Hierdie wysheid hoort in die Spreuke van Salomo.

Dit is nie 'n nuwe uitvindsel van nouvelle cuisine dat net die beste bestanddele in kos - en aftreksels - hoort nie. Oubaas Escoffier het dit al geweet.

En Oubaas Escoffier was die man wat gehelp het om 'n revolusie in die hotelbedryf in Europa teweeg te bring. Escoffier het gewerk vir 'n Fransman met die naam Ritz wat 20 uur 'n dag gewerk het en die beste hotelle in Europa oopgemaak het.

Ritz - en 'n revolusie soos hierdie gebeur nie dikwels in een eeu nie - het besef dat hotelle nie daarop kan aanspraak maak dat hul diens goed is as hul kos swak is nie. Daarom het hy die beste sjef in die wêreld gekry om sy kombuise in orde te kry - Escoffier. Escoffier het sjefs opgelei, en homself simpel gewerk.

Ritz ook. Hy was net ouer as 40 toe hy in 'n skadu-wêreld begin leef het. Die perfeksionis het waansinnig geword.

Negentig persent van Suid-Afrikaanse restaurante wat wel aftreksels kook - en daar is min van hulle - het die filosofie dat al die oorskiet van 'n restaurant, vleissenings, groenteskille en nog 'n groot verskeidenheid ander drek, in 'n aftreksel hoort.

Jy maak 'n groot fout as jy dit doen my maat. Met 'n swak aftreksel is jou souse pateties en jou soppe bitter swak. Vergeet van goeie kos as jou aftreksels swak is.

Volgende week meer oor aftreksels met 'n paar resepte. Daar is geen rede waarom 'n huisvrou of 'n huisman dit nie kan kook en gebruik nie. Dis die begin en einde van uitstekende kos. Mooiloop.

**KOOS COETZEE**

# 'n Voorsmakie van Nederburg se veiling

**Wynskrywer BJ LANKWARDEN is altyd op plekke waar gewone sterflinge nie kom nie. Hy het die voorreg gehad om die heerlike wyne te proe wat op die Nederburg-veiling onder die hamer gaan kom.**

DIE sestiende Nederburg-veiling vir skaars Kaapse wyne word op Saterdag, 31 Mei in die Paarl gehou.

Dit is moeilik om te glo dat die eerste veiling reeds 16 jaar gelede gehou is. Die eerste twee veilings was groot pret. Ek onthou nog dat ek aan die einde van 'n ry in die tent gesit het. Later die dag het die son op my linkerarm geskyn maar omdat ons hard aan die werk was het ek dit nie agtergekom nie. Nou weet ek wat ernstige sonbrand is.

Die Nederburg-veiling het 'n goed gesmeerde, gladlopende masjien geword wat nog steeds die hoogtepunt van die Suid-Afrikaanse wyntoneel is.

Aangesien daar elke jaar minder sosiale besoekers is, is daar meer plekke beskikbaar vir die wynhandel. Die hoof-attraksie van die veiling is dat dit net vir die gelisensieerde handel is.

Weens die feit dat daar altyd 'n goeie verskeidenheid wyn is, kan dié veiling moontlik die belangrikste wyngebeurtenis hier bly.

Vanjaar is daar 66 soorte rooiwyn, 22 witwyne en sewe gefortifiseerde wyne te koop. Die 26 deelnemers sorg vir 'n wye verskeidenheid goeie wyn, veral ou rooiwyne wat vandag heeltemal onverkrygbaar is. Daar was onlangs 'n wynproe van sommige van hierdie wyne en die standaard was baie hoog, merkwaardig hoog.

Die 1987 Eerstenvier Co-op Riesling was a lieflike wyn, die soort wat jy saam met enige maaltyd kan drink, en dit behoort nie te duur te wees nie. Heerlik.

Die 1988 Nederburg Private Bin D 218 is 'n wyn van groot klas. Dis 'n ongewone versnit van houtbeleë Pinot Blanc en Sauvignon Blanc - 'n uitstekende versnit van moontlik die beste droëwyn in die land wat jy middagetes kan drink.

Hier is elegansie wat dikwels kortkom in Chardonnays wat lank in hout was. 'n Wyn soos hierdie moet oral beskikbaar wees, nie net op veilings nie.

Die Nederburg Chardonnays '87 en '86 oorskadu die 1987 Overgaauw Chardonnay omdat dit baie ouer gesmaak het as die Nederburgs.

Die 1987 Nederburg Chardonnay is 'n absoluut heerlike wyn, baie elegant en baie goed gebalanseer. Die 1986 drink nou goed en het 'n ryp vol geur.

Die 1981 Nederburg Private Bin R 103 is nou baie drinkbaar en mense wat nog die ou Selected Cabernets van Nederburg onthou, sal dit baie geniet. Die wyn het dieselfde gladde, amper neutagtige karakter van die ou wyne van die sestigerjare. Dis nie verrassend nie - dis dieselfde versnit!

Die 1981 Bellingham Shiraz is 'n groot Shiraz, maklik om te drink, goed beleë in hout, maar tog elegant. Ek was baie beïndruk met hierdie wyn.

Die 1980 Rust en Vrede Shiraz drink ook baie goed, maar hierdie wyn is ouer as die vorige een en moet nie meer lank gehou word nie.

Die volgende wyn was 'n 1972 Groot Constantia Shiraz. Hierdie wyn het 'n robyn-baksteenrooi kleur en tot my uiterste verbasing het dit nog 'n baie lewendige geur en smaak. Oud maar lewendig. Interessant.

Volgende aan die beurt was twee Cabernets van 1979, die 1979 Rustenburg Cabernet Sauvignon en die 1979 Nederburg Cabernet Sauvignon. Albei is goeie wyne maar waar die Rustenburg 'n dowwerige robynkleur het, het die Nederburg 'n ongelooflike kleur: vol, swartrobyn.

Laasgenoemde se smaak toon groot klas, vol vrugte en 'n ryk warm volwasse Cabernet-geur wat selde hier bereik word. Dit is Nederburg op sy beste.

Ons het ook drie Zonnebloem Cabernets geproe, die eerste 'n 1974. Die wyn is 'n ware cabernet, oud, ryk en edel. Lieflike wyn.

Die 1972 is minder intens as die 1972 maar 'n baie goeie wyn, 'n versamelaarswyn. Die 1970 Zonnebloem toon veroudering - die bottel wat ons gehad het, het in die glas opgedroog. (Ek weet nie wat dit beteken nie. - Vertaler) Vreemde wyn.

Die 1968 Lanzerac Cabernet was weer eens alles wat 'n mens kan verwag van 'n ou Cabernet. Hierdie wyn roep ou herinnerings op en neem ons terug na die jare toe mens nog 'n goeie bottel rooiwyn in Suid-Afrika gesoek het. Baie drinkbaar.

Mense wat in 'n slegte of hartseer bui is moet gedwing word om die 1988 Nederburg Private Bin S 354 te drink. Hierdie wyn is 'n versnit van Weisser Riesling en Gewürztraminer, laat geöes met ressuiker van 41g/l.

Dis vaal, liggoue wyn met 'n aanloklike geur en 'n lieflike balans tussen vrugtesuur en soetheid wat dit 'n volmaakte drank maak - dit bring onmiddellik 'n glimlag na jou gesig. Dit het 'n lang lang nasmaak.

Die Nederburg Eminence 1987 en die Edelkeur 1986 is goeie voorbeelde van hoe mens op volmaaktheid kan verbeter. Hier is skoon, helder elegansie, uiters verfrissend en helend. Manjifieke soetheid sonder dat dit stroperig word. Wyn vir groot oomblikke, om alleen geniet te word, sonder kos.

Van die ander wyne op die veiling, moet die volgende miskien uitgesonder word: die nuweling Boplaas (Southern Cape Cellars) se 1974 Red Muscadel, die 1982 Boschendal Cabernet Sauvignon - die laaste wynjaar wat dit gemaak is - die enkele kis 1973 Kanonkop Cabernet, die 1948 Monis Collectors Port, die Rooiberg Co-op Edel Laatoes 1986, die Simonsig 1984 Pinot Noir, die Simonsig 1982 Cabernet Sauvignon en die 1988 Vlottenburg Co-op Gewürztraminer.

Die organiseerders het gesorg vir 'n groot en wonderlike verskeidenheid wyn wat vir die sestiende keer opgeveil gaan word deur Patrick Grubb, wynafslaer supreme.

Amper 8000 kiste wyn gaan onder die hamer kom, maar Meneer Grubb is heeltemal knap genoeg om dit voor ses-uur af te handel.

Die publiek kan uitsien na 'n aantal uitstekende witwyne en ou rooiwyne wat van Mei af beskikbaar sal wees.

Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son
Di, Wo Do

SIMBA MORRI

Tel: 836-6002/838-1769

HARRIDANS RESTAURANT

by die Mark-Teater

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag
vir
middag- en aandete
Saterdae
slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-6960

HAAKIES

CHARLES LEONARD

# 'n Jonger Chris Blignaut?

**Why should I stand up? - The Colorblind James Experience (9)**

In my soeke na die volgende musikale dwelm het ek die Experience by die beste musiekwinkel in die land Street Records (nee, die donners betaal my nié 'n kommissie nié!), ervaar en dadelik gekoop. Soos niks het hulle onder my vel ingekruip en op 'n vrolike hoogte gesit.

Die musiek is vars, dansbaar en het 'n vet dosis humor daarby. Frank Zappa het 'n video met die titel "Does humour belong in music?". CJE se musiek laat jou beslis uitbulder: "Ja!"

Dié ses-stuk, wat oorspronklik van San Francisco kom en nou in New York woon, se musiek is 'n kombinasie van country, blues, jazz en gospel. Die sanger, Colorblind James, se stem klink na iemand wat probeer gekskeer met Bob Dylan.

Benewens die vrolike lirieke is daar die musikante wat klink asof hulle regtig geniet wat hulle doen en dit deksels goed doen daarby. Daar is 'n varsheid en spontaniteit wat jou tref en jy wil net dans, dans.

So tussen die lyne deur is daar egter 'n erns en erbarming met mense en 'n bewustheid van sosiale ongeregtigheid. Daar is nie net ligsinnigheid nie. Eintlik is dit ook nie heeltemal ligsinnigheid nie, maar eerder humor met deernis.

Net so 'n proetjie aan Polka Girl: "I know a girl named Ruth/ I'll tell you the truth/ When the cabbage starts to boil/ She looses all control."

Die laaste snit, If nobody loves you in heaven, laat jou kompleet dink dat jy na 'n jonger weergawe van oom Chris Blignaut luister.

Daar is al goed soos punk rock, glam rock, bubblegum rock, psigedeliese rock, art rock, ens, ens. Hier is sirkus-rock en PLESIER met hoofletters.

**Prodigal Son - The Saints (9)**

Vir mense wat uitverkoop en sag word, het ek g'n respek nie. In die politiek is daar talle voorbeelde van sulke saf-koppe. In musiek is daar ook sulkes. So vinnig kan 'n mens maar net aan Roxy Music en Simple Minds dink. Beide dié groepe was baanbrekers op hul gebied, maar intussen het hulle voor Mammon geval en walglik kommersieël geword.

The Saints was 'n rowwe punk-groep met kilowatts se energie. As jy na hul eerste plate luister en dan na dié een is daar 'n duidelike verskil in die musiek. Tog wil ek hulle nie oor dieselfde kam as die eclair-groepe skeer nie, want in hulle geval was dit ontwikkeling en nie agteruitgang nie.

Prodigal Son is een van die stimulerendste plate wat ek nog vanjaar gehoor het (nie dat die jaar al baie lank is nie).

The Saints is nou in die REM-kraal van melodieuse kitaarmusiek met puik lirieke en 'n sanger met 'n sonderlinge stem.

Daar is ook ondertone van Squeeze in die musiek sonder dat dit na 'n na-apery klink. Die klank is ryk en die musikale rangskikking met koperblaas- en strykinstrumente gee 'n fisiese genoeglikheid wat jy laas met Dexy's Midnight Runners gehoor het.

Gaan luister net na die snit, Ghost Ships, met die wonderlike tjello-inleiding en ek wed jy gaan dié plaat koop. Die res is van dieselfde hoë standaard.



**Deur die blare**

**Colorblind James en The Colorblind James Experience - "onhoutbaar" lekker! Hoekom moet hy opstaan?**

# Wil julle, of wil julle nie?




VICTOR MUNNIK

DIS warm, sê Clarens Keyter, hier in Afrika. Die son skyn, sê hy, hier in Afrika. (Ja, hier by die mooiste tronk in ons ganse demokratiese, mensliewende land.)

Alles waar, selfs die warm wind wat waai deur die Paarl. Maar dis nie die soort spitsvondigheid wat 'n mens wil hoor terwyl jy toyi-toyi om die skande en hartseer van comrade oom Nelson se dertig gemorste jare te probeer wegsteek nie.

Nie dat dit comrade Clarens se skuld is dat comrade oom Nelson se verwelkomingskomitee se tydsberekening nie so sekuur is nie. Ook nie dat dit comrade Clarens - wat nie veel Afrikaans in sy kommentaar gebruik het nie, al kom die Engels nie altyd maklik nie - se alleentaak was om die oomblik billik, begryplik en boeiend aan te bied nie.

'n Bietjie hulp van die ateljee - soos dele van die agtergrondsprogram oor Mandela wat wel later die aand gewys is, of kommentaar, of net iets - sou welkom gewees het. Maar nee, ons moet toyi-toyi op die "mooi musiek" van Trevor Nasser en 'n dekonstruksie van die image van die kapitalis in TV-land.

Wat help dit om satelliete uit hul bane te draai en in 'n parlementsopeningstem te praat en jy het nie die... die hoesenaam nie. Aggenee, SABC, wil julle of wil julle nie?

## Nie lekker nie

Aan die ander kant is daar 'n vreeslike vryheid van spraak as 'n common moordenaar van die polisietrappies af 'n toespraak kan hou oor TV. Al is dit ook in gevleuelde woorde:

"Ek kan julle ouens sê dit voel nie lekker om hier te staan nie, en ek voel ook nie gelukkig oor wat ek gedoen het nie." Daar was darem nie sprake van hoogverraad nie.

## Suig, jag en aas

Haai ja, skielik sien ons ons politici ook in 'n nuwe lig, terwyl die satelliete so skerp draai.

Soos dr Jan Oosthuizen van Tukkies sê, in daai wonderlike program 50/50, baie bloedsuiers suig glad nie eers bloed nie. Party jag kleiner diere, en ander leef van aas.

Bloedsuiers kan ingespan word om muggies- en muskietgetalle te verminder en om bilharziadraende slakke te beheer, as ons net genoeg bloedsuiers kan teel.

Ons mensliewende en demokratiese parlementêre en buiteparlementêre personeel het intussen met nuwe ywer van hulle laat hoor. Mooi is dit om te sien hoe hoofminister Buthelezi sy eie horing nie probeer blaas nie. Lekker om minister, of so iets, Reddy te sien lippe aflek vir die ontmoeting van die reuse: com De Klerk en com oom Madiba. Vreemd die tongval van rev Hendrickse, nostalgies die kleredrag van bra Tom Boya, gemoedelik die Afrikanerweerstand van (nee ek lieg nie) ene Koos van der Merwe.

Soos altyd liries die ras-egte AWB se doodkissie met dertig ouderlinge askies silwerlinge, vriendelik oom Pik in sy Swapo-das, woordperfek broer dok prof Gerrit en bra entoesiasties die leiers van tuislande groot en klein, 'n hele galery van dankbare demokrate.

## Pluimpies

Ek moet darem die comrades van die SABC 'n stukkie lof toeswaai. Toe hulle Maandagaand 'n glipsie het met wat oom comrade Madiba oor ons comrade president te sê het, saai hulle minute later die verglipte woorde uit. Daarsy, ouens!

Ook 'n pluimpie aan Kruis en Kroniek, met hul "hantering" van die "harige" dorpsrusie in die "Vry"-staat. (Oukei, sorry.)

'n Teoloog, al is hy nou nie so glad van mond soos hoofkommissaris Heyns nie, sê wat hóm kwel, is waaraan die jongmanne dink as hulle so... lekker verdwaal.

Nee wat prof, ons jongmense hoef deesdae net TV te kyk vir die gedagtes om op ver spore te gaan.


TRUK TONEEL

MARY STUART
*'n Geskiedenis van passie en mag*
regie: FRANCOIS SWART
met: **Shirley Johnston, Jacqui Singer, Nomsa Nene, Nomhle Nkonyeni**
Dalro, Windybrow - tot 3 Mrt

KOUE OORLOG
'n Boeiende produksie deur ILSE VAN HEMERT
met: **James Borthwick, Grethe Fox, Tertius Meintjes**
Adcock-Ingram, Windybrow - tot 24 Feb
Momentum, Staatsteater Pta: 1 - 24 Mrt

MACBETH
regie: DIETER REIBLE
met: **Graham Hopkins, Sandra Prinsloo, Jonathan Rands, Mitzi Booysen**
Alexander-teater, Jhb: 20 Feb - 17 Mrt



PAMPA REDS

787-7987/4

ONDER

Silver Creek Mountain Band

BO

Vry & Sa: Band of Gypsies

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4



dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
CURL UP AND DYE
- deur Susan Pam. Regie deur Lucille Gillwald
"Die besta SA-stuk van die jaar"

UPSTAIRS-TEATER
THE BELLE OF AMHERST- deur William Luce - Regie deur Robert Whitehead. Met Vanessa Cooke
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm
"Liefdesverhouding met taal"

DIE LAAGER
ANOTHER SIP OF JEREPIGO - Patrick Mynhardt op versoek van die publiek. Ma tot Sa: 8nm
APPARENTLY OR SO I HEARD - deur Nicky Rebelo. Ma tot Sa 10.30nm. Sa 3nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
A KISS ON YOU KOEKSISTER - Pieter-Dirk Uys . Di tot Vr: 8.30nm. Sa: 6nm & 8.30nm. So: 7.30nm.
"ANational Party bizarre" Tel: 832-1044

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
JAHNITO - 832-1646

MARKGALERYE
Groot Galery
The Jol Series: Skilderye en tekeninge deur Gillian Solomon
Klein Galery - Bitter Harvest: Plaasarbeid in Suid-Afrika. Fotografie deur David Lurie

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm

# Fotograaf David Lurie se 'doofstom' beelde van verdrukking



'n Detail van een van die David Lurie-foto's op die uitstalling "Bitter Harvest"

**BITTER HARVEST**
**Fotograaf: David Lurie**
**In die Mark-Fotogalery**

ANDREA VINASSA

DAAR is nie 'n segment van die gemeenskap wat meer uitgebuit word as plaaswerkers nie. Dat die wêreld (oftewel die wêreld wat iets daaraan kan doen) se aandag gevestig moet word op die lyding en wanhoop van dié "vry slawe" is nie altemit nie. Dit het David Lurie probeer doen in "Bitter Harvest - Farm Labour in South Africa", 'n reeks foto's wat hy op Wes-Kaapse plase geneem het.

Lurie is 'n Suid-Afrikaanse konsultant in die ekonomie wat sedert 1987 as professionele fotograaf werk. Sy CV is baie meer imposant as sy foto's.

Ons word deur die woord ingelig, maar nie deur die daad nie, dat: "Die plaas is 'n heg gereguleerde sosiale enklave waar die meester, wat bevry is van enige regwetlike besorgdheid vir sy bediendes, hul lewens totaal oorheers, binne en buite die werksfeer."


Dié historiese en eiesoortige band tussen plaasboer en werker (gewoonlik Afrikaner en inboorling) het ook daartoe aanleiding gegee dat baie Afrikaners aanspraak maak op 'n spesifieke "liefdesverhouding" met die oorspronklike bewoners van die land. Dus die belaglike stelling wat dikwels as regverdiging vir die verskriklikste uitbuiting voorgedien word: "Ons Afrikaners het 'n spesiale verwantskap met swartes, ons deel 'n liefde vir die land".

Die mite van die volk op die plaas wat onder die patriargale beskerming van die welwillende plaasboer leef, behoort beslis die nek ingeslaan te word.

Ongelukkig misluk Lurie in sy poging om die saak van die plaaswerker sterk genoeg te stel. Daar is min getuienis dat hy hom werklik verdiep het in die lewens van die mense wat hy gefotografeer het. Die foto's dien bloot as bewys van die mense se ongemaklike bestaan sonder om hul verknorsing weer te gee. Die beelde is "doofstom".

Daar is 'n gebrek aan lewenskragtigheid, niks wat jou om die dood toe dwing om daarna te kyk nie. As bemiddelaar tussen die mense en die res van die wêreld is Lurie maar bra onhandig.

Met die uitsondering van enkele beelde - die man wat hom was, die vrou met die baba op haar rug, die baba in die sloot - lyk elke foto dieselfde: uitdrukkingloos. Lurie ontneem die mense hul individualiteit en hul menslikheid. Lurie en sy kamera is soos 'n onsigbare span wat net die oppervlakte sien.



# Maids and Madams

**Francois Swart se pulk produksie van Dacia Maraini se verwerking van Friederich Schiller se drama "Maria Stuart" ly soms die gevaar om sy gehoor 'n bietjie te veel te vervreem. (Of was my sporadiese vervreemding te danke aan die kop van die mens voor my wat amper die hele verhoog verberg het? Die tweede ry in die Dairo-teater by die Windybrow moet ten alle koste vermy word.) Vervreemding word vernuftig deur Maraini, die Italiaanse skrywer van Margarethe von Trotta se rolprent wat gegrond is op Tsjekow se "Drie Susters", aangewend in haar uitbeelding van die langafstand-verhouding tussen koningin Elizabeth I en die vrou wat haar laat onthoof het, koningin Mary Stuart van Skotland. Maraini gebruik Mary se gevangenisskap om hartstogtelik kommentaar te lewer op haar "gevangenisskap" deur die mans in haar lewe. Haar viktimisasie word gejukstaponeer met Elizabeth se weiering om haar te onderwerp aan enige man se heerskappy en die dilemma wat dié besluit in haar persoonlike lewe tot gevolg gehad het. "Mary Stuart" is ook 'n soort barok-"Maids-and-Madams" waarin die koninginne se magsverhoudinge met hul persoonlike bediendes verwikkeld en dramaties uitgebeeld word. Bo is Jacqui Singer en Nomsa Nene in 'n geweldadige toneel - *Andrea Vinassa***

# Mans, kinders en inboorlinge

**DIE MINI CINE-ROLPRENTFEES**
**Pretoriastraat 49, Hillbrow**

ANDREA VINASSA

"ECO-FLIEKS" is die in ding by die Mini Cine se Osprey-rolprentfees. Die fees is 'n klein veldtog ter bewaring van minderheidsgroepe: mans, kinders en Australiese inboorlinge.

"Men" het ek Maandagoggend saam met 'n goeie vriend, wat terloops jare lank al mans onder die vergrootglas het, gesien.

Ek het my gate uit geniet om te sien hoe vernuftig die (vroue-)regisseur die plot stap vir vermaaklike stap uiteensit: 'n vrou verlaat haar man vir 'n minnaar, die man vat sy goed en gaan woon in 'n hotel.

Op 'n dag agtervolg hy die minnaar en doen aansoek vir die vakante kamer in die minnaar se huis. Só gebeur dit dat yuppie-man en hippie-minnaar begin saamwoon.

My kundige vriend vertel dat "Men" vrot is van die teorie oor manlike interaksie, oftewel hul onvermoë om sedert die oorname van die Christendom hul liefde vir mekaar op 'n regstreekse manier uit te druk, soos soen en vat.

Ek het nou nie boeke soos "What a Man's Gotta Do", "On Boxing" en "Phallos: The Sacred Image of Masculinity" gelees nie, maar daarin, sê my vriend, word al die geheime kodes van manlike kommunikasie geopenbaar.

Die mans kook saam kos, sit vir hulle gorilla-maskers op en begeer (lees: objektiveer) dieselfde vrou. Hulle stoei ook baie, maar net wanneer een van hulle die aapgesig dra. Veral die stoeiery verklap dié kêrels se onderdrukte begeerte vir mekaar. Voorts maak hulle "oorlog", die man probeer die minnaar verwurg, gooi kokende water op sy hande uit en in een stadium wil hy hom selfs met 'n broodmes bykom!

"Men" is 'n insigryke komedie wat nog môre om 2.45nm en 7.45nm.

## Groenmiere

"Men" is Duits, maar "Where the Green Ants Dream" is nog Duitser. Vir dié met baie geduld is daar Werner Herzog se prent oor die onteiening van die oerinwoners van Australië.

Herzog het beslis 'n Derde Wêreldse sin vir tyd, maar dit is nie te sê hy kan nie 'n fassinerende prent, vol simboliek en maniese karakters maak as hy die dag moet nie. "Green Ants" is baie beter as "Cobra Verde", maar nie so goed soos "Fitzcarraldo" nie.

## Skemerkinders

"Pixote" laat "Salaam Bombay" na kinderspeletjies lyk. Dit is Hector Babenco van "Kiss of the Spiderwoman"-faam se eerste prent en speel af in die Brasiliaanse onderwêreld waar 'n 10-jarige seun uit 'n wrede verbeteringskool ontsnap net om gewikkel te raak in dwelm-handel, prostitusie en moord.

Sowat 3-miljoen kinders was in 1981, toe die prent gemaak is, dakloos en Babenco sorg vir 'n kragtige en ontstellende aanklag teen die samelewing wat dit toelaat.

"Pixote" is meer dokumentêr as fiksie-prent, verfilm met kinders wat werklik leef soos hy hulle in die prent uitbeeld. Dit is 'n emosioneel verwoestende vertelling van die uitbuiting van kinders.

Die hoof-jeugmisdadiger is glo so drie jaar gelede op straat vermoor.



'n Toneel uit "Pixote"

# Krisis. Wie se krisis?

**Krisis. Wie se krisis? het die Film and Allied Workers Organisation (FAWO) by 'n onlangse vergadering gevra. Graham Fraser, die verteenwoordiger van 'n groep vervaardigers, en Trevor Short, een van die hoof-argitekte van die nuwe subsidiestelsel wat vroeër vanjaar gevries is, het hulle oplossings ter tafel gelê. Fawo meen die oplossing lê nie in die regering se bankrekening nie, maar in die politiek. Hier is 'n opsomming van die toespraak wat die voorsitter, LAWRENCE DWORKIN, namens die uitvoerende komitee en Fawo se lede gelewer het**

DIE Suid-Afrikaanse rolprentbedryf beweer daar is 'n krisis. Duisende mense, sê hulle, is werkloos en produksie het gestaak. Blykbaar kan die mislukking toegeskryf word aan die regering se onmag om 'n ordentlike subsidiestelsel op die been te bring.

Fawo meen dié siening van die situasie is oppervlakkig en kortsigtig. Die bestaande krisis is 'n krisis van die politieke stelsel in die geheel. Daar bestaan 'n regstreekse parallel met die krisis in die apartheidstelsel. Laat ons nie vergeet dat die rolprentbedryf die afgelope 40 jaar die minderheidsregering se bedmaat was nie. Die bedryf het die regering ideologies, dikwels geesdriftig, ondersteun en die regering het die bedryf finansieël ondersteun.


Die suksesvolste mense in die bedryf is diegene met die nouste bande met ministers en amptenare. Hulle het die finansiële en ideologiese belange van die bevoorregte minderheid in stand gehou. Die bedryf is een van die meer prominente oorblywende pilare van apartheid en in die afgelope paar jaar is die bedryf ook ingeval deur buitelanders. Die bedreiging van sanksies en afsondering het daartoe gelei dat die regering uit sy pad uit gegaan het om selfs die mees berugte verteenwoordigers van die internasionale rolprentbedryf te akkommodeer.

Die sogenaamde "Hollyveld", was die gevolg van die onverantwoordelike "tax shelter"-stelsel en dus heers die krisis in 'n bedryf waarvan die vervaardigers nie hul prente se oorsprong wil openbaar nie.

Kyk 'n mens na die inhoud van enkeles, "Red Scorpion", "Back to Freedom" en "Boetie Gaan Border Toe", besef jy dat dit regstreeks indruis teen die aspirasies van die meerderheid van die bevolking.

Die seepbel het gebars en die huidige bedryf kan net saam met apartheid ineenstort.

Dat die bedryf hulle nie voorberei het op dié dag nie getuig van naïwiteit. Hulle het niks in die toekoms belê nie en hulle toekoms lyk maar dooierig.




**Vir Fawo lê daar ook 'n moeilike tydjie voor. Sit hulle dalk eendag in die magsposisie waar die departement van Binnelandse Sake hom nou bevind, is daar die probleem van wie kry die geld... NIGEL BUESST, 'n eertydse keurder vir die nou ontbinde Australiese Filmkommissie skryf: "Over the years there has been much debate as to whether too great a proportion of film money goes to Sydney applicants. Those of us with mildly paranoid tendencies believe that friends are giving money to friends, and are then getting to work on the film in question to get a cut of the cake. Generally, it isn't so. However, it is worth explaining how two fundamental emotions can influence assessor's decisions - guilt and fear.**

**"Guilt ensures that the applicants from Perth, Darwin and Hobart occassionally get a go. It also favours the numerous proposals for documentaries about the hard done by. We ease our guilt by funding films about women's refuges and Aboriginals.**

**"Fear, on the other hand, keeps most of the money at home. Or so the theory goes. All else being equal, you give money to those you know, not because they are your pals particularly but for fear of the consequences of knocking them back. If you give them money, they will continue to like you. If not, they will hold it against you forever. However, there have been numerous cases to refute this theory, where applicants have been turned away by AFC project officers and told to do more work on an ill thought out submission. These have been concerned friends who didn't want the thing to bomb. Wasn't it Phillip Adams who advised Paul Hogan not to go ahead with 'Crocodile Dundee' because the script was weak?"**

Wat het ons te wys vir die arbeid van die afgelope jare toe ons soms meer prente in produksie gehad het as enige ander land ter wêreld? Hoeveel filmskole bestaan in Suid-Afrika? Hoeveel rolprentbiblioteke? Hoeveel swart regisseurs en vervaardigers is daar? Hoeveel swart rolprentfotograwe, klankingenieurs? Wat is gedoen om die staat se sensuurstelsel teen te werk?

Hoeveel rolprentteaters is daar in Soweto, New Brighton, Guguletu, Mamelodi, Tembisa, Mitchell's Plain? Watter prente mag ons sien? Vra die Ster-Kinekor/Nu Metro-monopolie.

Ja, daar is 'n krisis in 'n subsidiestelsel met sy artikel N10131 vir wit gehore en sy artikel N10136 vir swart gehore.

Enige pogings om die probleem in die korttermyn op te los, soos om meer geld in te ploeg in 'n stelsel waarvan die geloofwaardigheid reeds aangetas is, sal net 'n groter krisis oor ses maande tot gevolg hê.

Die wettiging van die ANC, die vrylating van Nelson Mandela en die moontlikhede van onderhandelinge vir 'n post-apartheid Suid-Afrika bied 'n groot uitdaging: sal die bedryf saam met apartheid tot niet gaan, of bereid wees om die dekade-lange onreg en mishandeling aan te spreek?

Ons is nie hier besig met net nog 'n afdeling van sake en wins nie, soos sommige mense dink nie, maar met die self-uitdrukking van kuns, kultuur en vermaak van die meerderheid.

Die verantwoordelikheid van 'n toekomstige bedryf is om te sorg dat almal toegang het tot dié belangrike uitdrukkingsmedium.

Net wanneer ons dít verstaan kan ons die kwessie van die finansiering van prente realisties aanpak.

Fawo meen dat daar wel 'n onderskeid tussen suiwer kommersiële ondernemings en dié waar daar 'n opregte poging gemaak word om kunssinnige en kulturele uitdrukking te gee aan die Suid-Afrikaanse ervaring. (Dié projekte verdien per slot van sake bykomende ondersteuning vir hulle bydrae tot ons nasionale kultuurerfenis.)

Fawo het onlangs 'n rolprentontwikkelingsfonds gestig, asook opleidingsprogramme, maar ideaal gesproke behoort pogings soos dié deur nasionale inrigtings ondersteun te word.

Maar besluite soos dié berus op 'n proses van onderhandeling wat uiteindelik tot 'n herstrukturering van die stelsel sal lei. Soos die politieke stelsel fundamentele verandering ondergaan, sal die rolprentbedryf en die SAUK, nog altyd 'n staatmakerondersteuner van apartheid, ook moet verander.

Fawo, saam met hulle kamerade en kollegas in die bevrydingsbeweging, stel hulle ten doel om 'n dinamiese en konstruktiewe rol te speel in die toekoms van die bedryf.

# Is dit 'n jol of is dit net 'n jol?



'n Detail van een van Solomon se jol-stukke

**GILLIAN SOLOMON**
**In die Mark-Kunssaal**

**JOHAN BRUWER**

**GILLIAN SOLOMON hou nou 'n groot jol in die Mark-Kunssaal in Johannesburg. Haar "Jol reeks" behels 'n groep reusagtige sketse in pastel en houtskool asook 'n reeks etse en gekleurde etse wat die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n soort danse macabre uitbeeld.**

**'n Verskeidenheid karakters - onder meer die figuur van 'n kunstenares met verfkwaste in die hand - maal oor die sketse in 'n jol wat baie bedrywig, maar vreemd vreugdeloos lyk. Hulle swaai op skoppelmaaie, word rustelose toeskouers by Punch and Judy-vertonings (straks 'n verwysing na TV-debatte?), en vertrap 'n swart kaartjiesverkoper om op die mallemeule by Goudrifstad te kom.**

**'n Mens kry die indruk van 'n ongeërgde orgie van plesiersoekery (terwyl Rome brand?). Tussendeur die jol kry mens vlugtige blikke op tekens van geweld: 'n hand wat met 'n mes omhoogflits en so meer. In die boeiende pastelwerk "Wating in the Wings" is die kollig op 'n wit vrouefiguur in jolkleure op die voorgrond, terwyl 'n ry swygende swart ma's met hul kinders op die agtergrond wag. Dié werk het 'n stilweg dramatiese stemming.**

**Lees 'n mens te veel "sosiale kommentaar" in die werke? Hulle dring hulle nie aan jou op as "politieke" werke nie. Ondanks die "clues" wat na Suid-Afrika verwys, het die werke 'n Europese gevoel (dink 'n mens aan Picasso se vroeë harlekyne en akrobate?). Nòg die simboliek nòg die emosionele stemming van die werke is maklik vaspenbaar.**

**Die "jol" boei 'n mens, maar ontroer of "rattle" jou nie juis nie. In die groot komposisies met hul helder kleure en die neiging tot 'n plat, frontale rangskikking van die figure wat ruimtelike diepte ondermyn, word 'n mens so bekoor deur die visuele plesier van die komposisie dat jy nie seker is wat aangespreek word nie: jou menslike betrokkenheid of jou estetiese smaak?**

